

VAN HUYSSTEEN, GERHARDUS BEUKES

**'N KOGNITIEF-PRAGMATIESE PERSPEKTIEF OP
SEKSUELE UITDRUKKINGS IN AFRIKAANS**

MA

UP

1995

'N KOGNITIEF-PRAGMATIESE PERSPEKTIEF OP SEKSUELE UITDRUKKINGS IN AFRIKAANS

deur

GERHARDUS BEUKES VAN HUYSSSTEEN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. ADELIA CARSTENS

MEI 1995

Vir Ma en Pa

"Words associated with males more often have positive connotations; they convey notions of power, prestige and leadership. In contrast, female words are more often negative, conveying weakness, inferiority, immaturity, a sense of the trivial."

(Thorne & Henley 1975: 15)

VOORAF

Graag word die volgende persone en instansies bedank:

- ↵ die Universiteit van Pretoria vir die toekenning van 'n nagraadse beurs (menings of gevolgtrekkings hier uitgespreek is egter dié van die skrywer en kan nie aan die Universiteit van Pretoria toegeskryf word nie);
- ↵ Kotie Greyling vir die onbaatsugtige finansiële ondersteuning;
- ↵ Poelie en Hettie van Huyssteen vir ruimskootse finansiële ondersteuning sedert my voorgraadse studie - maar veral ook vir die aanmoediging, ondersteuning en liefde;
- ↵ biblioteekpersoneel aan die Universiteit van Pretoria - in die besonder Marie Muller;
- ↵ Verena van der Merwe vir haar hulp met die uitleg en drukwerk;
- ↵ die respondente - vriende in Taaibos manskoshuis, gay vriende wat bereid was om openlik te gesels, en vriendinne wat my genoegsaam vertrou het;
- ↵ my vriende wat voortdurend my vordering gemonitor het - spesifiek Annamart, Jubie, Marie, Leon, Amanda, Andries, Irma, Louis, Craig, Etienne, Louise en Elmarie;
- ↵ laaste en belangrikste, my studieleier Adelia Carstens - wat nie net professionele leiding gegee het in verband met 'n potensieel sensitiewe onderwerp nie, maar wat my laat voel het dat sy nog glo as ek nie meer glo nie, wat opgetel het waar ek laat los het en wat belanggestel het waar ek belangstelling verloor het.

OPSOMMING

Die verhouding tussen taal, kultuur en denke is 'n komplekse taalfilosofiese probleem. In hierdie studie word aspekte van hierdie verhouding ondersoek deur te fokus op seksuele uitdrukkings in Afrikaans, die gebruik daarvan deur verskillende subkultuurgroepe, en die persepsies rondom die seksuele wat in die taalgebruik van daardie groepe tot uiting kom.

Vanuit 'n grammatiese perspektief word aangetoon hoe seksuele uitdrukkings binne die Afrikaanse taalsisteem funksioneer. Daar word geïllustreer dat leksikale items in die seksuele leksikon gevorm en gestabiliseer word deur middel van klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en betekenisuitbreiding. Naas motivering op ander vlakke blyk die leksikale items in die seksuele domein meestal ook kognitief-pragmaties gemotiveerd te wees.

'n Kognitiewe perspektief op seksuele uitdrukkings bevestig die noue verband tussen taal en denke. Die taalfilosowe George Lakoff en Mark Johnson het sedert die tagtigerjare aangetoon dat metaforiek en metonimie van die belangrikste kognitiewe meganismes is waarmee die mens sy/haar werklikheid hanteer en verwerk. Met betrekking tot uitdrukkings wat na die seksuele verwys, is dit veral metaforiek wat baie produktief is. Deur middel van metaforiese passings word 'n taboe kennisdomein dikwels geïnterpreteer in terme van 'n nie-taboe kennisdomein, en hierdie passings word gerealiseer as metafories linguïstiese uitdrukkings. Deur die analisering van die sodanige uitdrukkings kan 'n mens sekere afleidings maak oor die mens se kategoriserings- en konseptualiseringsprosesse. 'n Ontleding van seksuele uitdrukkings wat frekwent deur Afrikaanssprekende manstudente aan die Universiteit van Pretoria gebruik word, wys die volgende metaforiese stereotipes uit wat in daardie bepaalde subkultuur bestaan:

- **DIE VROU IS 'N VERBRUIKBARE ENTITEIT**
- **DIE VROU IS 'N PASSIEWE, LEWELOSE VOORWERP**
- **DIE MAN IS 'N AKTIEWE, LEWENDE VERBRUIKER**
- **DIE MAN IS 'N GEVAARLIKE INSTRUMENT**

ABSTRACT

The relationship between language, culture and thought poses a complex problem when perceived from a philosophical perspective on language. This study investigates some aspects of this relationship by focusing on sexual expressions in Afrikaans, their use in different subcultures as well as the perceptions about sex manifested within those groups.

The way in which sexual expressions operate within the Afrikaans language system is firstly perceived from a grammatical perspective. This stance illustrates that lexical items are created and stabilised in the sexual lexicon by means of phonetic changes, morphological processes, functional differences and expansion in meaning. Apart from the motivation on other levels, the lexical items in the sexual domain also appear to be motivated on a cognitive and pragmatic level.

A cognitive approach to sexual expressions confirms the close relationship between language and thought. Already in the early eighties, the two language philosophers George Lakoff and Mark Johnson have identified metaphor and metonymy as some of the most important cognitive mechanisms by means of which a person accommodates and structures his/her reality. Metaphor seems to be predominantly active as far as sexual expressions are concerned. A taboo domain is often interpreted in terms of a non-taboo domain by means of metaphorical mappings which are realised as metaphorical linguistic expressions. By analysing these expressions, certain deductions could be made about the categorisation and conceptualisation processes of the human mind.

An analysis of the sexual expressions frequently used by Afrikaans-speaking male students at the University of Pretoria, indicates that the following metaphorical stereotypes are manifest within those sub-cultures:

- **A WOMAN IS A PASSIVE, INANIMATE OBJECT**
- **A WOMAN IS A DISPOSABLE ENTITY**
- **A MAN IS AN ACTIVE, ANIMATE CONSUMER/USER**
- **A MAN IS A DANGEROUS INSTRUMENT**

References to examples from the gay and feminist registers indicate that these stereotypes are not generally valid but that different stereotypes appear in different subcultures. The stereotypical characteristics which are ascribed to men and women respectively, depend, among others, on the ideological and sexual orientations of the group.

A pragmatic perspective emphasises that the meaning of sexual expressions is context dependent. However, physical, psychological, socio-cultural and macro-textual contexts do not only play a role in the determination of meaning but they also influence the probable use of a specific lexical item. A so-called sexual register used in exclusive situations when referring to sexual aspects and which contains unique linguistic structures and lexical items, is identified.

Furthermore, it is indicated that, depending on the context, sexual expressions can function either in a euphemistic or a dysphemistic way. Euphemistic expressions usually have an illocutionary intention to entertain or jest and a perlocutionary effect of amuse. In contrast, dysphemistic expressions often have an illocutionary intention to shock or swear and a perlocutionary effect of shock or insult.

In conclusion, the results of these grammatical, conceptual and pragmatic approaches to sexual expressions are applied to lexicography.

From this study it is apparent that a definite, identifiable relationship exists between human action and the psychological validity of cognitive models - a relationship that is strongly determined by a collective of cultural conceptualisation and categorisation processes.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	1
1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSOMSKRYWING	1
1.3	TEORETIESE INVALSHOEK	4
1.4	DATAKORPUS EN TERREINAFBAKENING	6
1.5	DOELWITTE	8
2.	GRAMMATIESE PERSPEKTIEF	10
2.1	INLEIDING	10
2.2	FONOLOGIESE VLAK	11
2.3	MORFOLOGIESE VLAK	14
2.4.	SINTAKTIESE VLAK	18
2.5	SAMEVATTING	19
3.	KOGNITIEWE PERSPEKTIEF	21
3.1	INLEIDING	21
3.2	KATEGORISERING	23
3.2.1	GEÏDEALISEERDE KOGNITIEWE MODELLE	24
3.2.2	METAFORIEK	27
3.2.3	METONIMIE	35
3.3	KONSEPTUALISERING EN STEREOTIPERING	38
3.3.1	KONSEPTUELE METAFORE EN KULTURELE WAARDES	38
3.3.2	GESLAGSROLSTEREOTIPERING EN TAALSEKSISME	39
3.3.3	KONSEPTUELE VERSKILLE	46
3.3.3.1	GAYGEMEENSKAPPE	46
3.3.3.2	FEMINISME	49
3.4	SAMEVATTING	51

4.	PRAGMATIESE PERSPEKTIEF	54
4.1	INLEIDING	54
4.2	UITINGS EN KONTEKSTE	55
4.2.1	INLEIDING	55
4.2.2	FISIESE KONTEKS/SITUASIE	58
4.2.2.1	LOKALITEIT	58
4.2.2.2	SITUASIE TIPE	60
4.2.2.3	GESPRESKSONDERWERP	61
4.2.3	PSIGOLOGIESE KONTEKS	62
4.2.3.1	INTENSIE	62
4.2.3.2	EFFEK	65
4.2.4	SOSIOKULTURELE KONTEKS	68
4.2.4.1	VERHOUDING TUSSEN DIE GESPRESKSGENOTE	69
4.2.4.2	BEHOEFTE AAN SOSIALISERING EN ASSOSIASIE	69
4.2.4.2.1	ALGEMEEN	69
4.2.4.2.2	REGISTERS	71
4.2.5	MAKROTEKSTUELE KONTEKS	75
4.2.5.1	TEKSTUELE OMGEWING	76
4.2.5.2	DIE VERWYSINGSWêRELD VAN DIE GESPRESKSGENOTE	76
4.2.6	SAMEVATTING	78
4.3	REëLMATIGHEDE EN BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN DIE GEBRUIK VAN SEKSUELE UITDRUKKINGS	78
4.3.1	SEKSUELE UITDRUKKINGS AS EUFEMISMES EN DISFEMISMES	79
4.3.1.1	EUFEMISMES	79
4.3.1.2	DISFEMISMES	82
4.3.1.3	KONTEKSGEBONDENHEID VAN EUFEMISMES EN DISFEMISMES	84
4.4	SAMEVATTING	86

5.	SLOTSOM EN TOEPASSING	89
5.1	OPSOMMING	89
5.2	TOEPASSING	91
5.2.1	DIE LEKSIKOGRAFIE AS TOEPASSINGSTERREIN . . .	91
5.2.2	MAKROSTRUKTURELE HANTERING	92
5.2.3	MIKROSTRUKTURELE HANTERING	94
5.2.3.1	GRAMMATIESE INLIGTING	94
5.2.3.2	KOGNITIEF-SEMANTIESE INLIGTING . . .	95
5.2.3.2.1	MOTIVERENDE INLIGTING	95
5.2.3.2.2	O R D E N I N G V A N BETEKENISONDESKEDINGS . . .	96
5.2.3.3	PRAGMATIESE INLIGTING	101
6.	BYLAAG A	106
7.	BIBLIOGRAFIE	109

LYS VAN DIAGRAMME

1.	TEIKENDOMEIN EN BRONDOMEIN	27
2.	TABOE DOMEIN EN NIE-TABOE DOMEIN	28
3.	GENERIESE VLAK EN BASISVLAK	30
4.	OOREENKOMSGEBASEERDE METAFORE	32
5.	OOREENKOMSSKEPPENDE METAFORE	33
6.	KONTEKSTUELE VERANDERLIKES	57
7.	SEKSUELE REGISTERS	75
8.	VERBAND TUSSEN EUFEMISMES, DISFEMISMES EN PRAGMATIESE VERANDERLIKES	85
9.	PRAGMATIESE EN SOSIOLINGUISTIESE INPERKINGS	101
10.	STILISTIESE ETIKETTE	104

LYS VAN TABELLE

1.	VROULIKE GESLAGSDELE (METAFORIESE PROJEKSIES)	31
2.	OOREENKOMSGEBASEERD vs. OOREENKOMSSKEPPEND	34
3.	SEKSUELE ONGANG (METAFORIESE PROJEKSIES)	42
4.	SEMANTIESE ROLLE	43
5.	GESLAGSROLSTEREOTIPES (SEKSUELE ONGANG)	44
6.	VROULIKE DOMEINE IN GAYLEKSIKON	47
7.	FORMALITEIT VAN SITUASIE	60
8.	UITGROEPVERWYSINGS	83
9.	LEMMAS IN HANDWOORDEBOEKE	93
10.	ETIKETTE IN HANDWOORDEBOEKE	102

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

Vanweë die taboewaarde wat die gemeenskap aan erotiek en die seksuele heg, is daar tot onlangs toe min geskryf oor uitdrukkings wat na aspekte van die seksuele verwys. Rachelle Greeff (1994: 8) sê byvoorbeeld in haar voorwoord tot *LyfSpel/BodyPlay* dat

"(d)ie erotiek...om uiteenlopende redes, moeilik definieerbaar (is). Die woordeskat is beperk omdat dit tot betreklik onlangs in die meeste wêreld-samelewings as 'n sensitiewe of taboe-onderwerp beskou is."

Selfs die jongste uitgawe van HAT (1994) reflekteer nog hierdie siening in die poëme onder die lemma **taboe**:

"Praatjies oor seks is taboe."

"Seks was een van ons groot taboes."

Sedert die sogenaamde "seksuele revolusie" in die sestigerjare is die domein van die seksuele egter algaande "oopgeskryf", sowel in bellettristiese werke as in wetenskaplike literatuur binne die geesteswetenskappe. In die taalkunde is daar toenemend belangstelling getoon in "nie-estetiese" taalgebruik, waaronder seksuele uitdrukkings ressorteer.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSOMSKRYWING

Taalkundige studies oor seksuele uitdrukkings (of aspekte daarvan), sluit onder andere die volgende in:

- ↳ 'n **Etimologiese perspektief op seksuele uitdrukkings**. Die mees algemene perspektief op seksuele uitdrukkings is waarskynlik die benadering waar gefokus word op die betekenisontwikkeling van seksuele uitdrukkings. Dit is veral Partridge wat in publikasies soos *Slang today and yesterday*

(1950) en *Origins: A short etymological dictionary of modern English* (1958) 'n belangrike bydrae gelewer het. 'n Ander belangrike werk is die 1962-publikasie van Sagarin, *The anatomy of dirty words*. Deur te fokus op die betekenisontwikkeling van taboe woorde, probeer Sagarin deurdring tot enkele aspekte van die kultuur waarbinne daardie woorde gebruik word. In Afrikaans is dit veral Lubbe (1970) wat aantoon hoe betekenisverskuiwing plaasvind in onder andere seksuele uitdrukkings (vergelyk verder ook Allan & Burrige 1991, Liberman 1992, en Montagu 1967).

↪ **Seksuele uitdrukkings as vloeke.** In *The anatomy of swearing* hanteer Montagu die sogenaamde "four-letter words" (seksuele uitdrukkings) as vloeke binne die domein van obseniteit (Montagu 1967: 300-303, 315). Ander skrywers wat ook hierdie benadering tot die beskrywing van seksuele uitdrukkings volg, is onder andere Adams (1977) en Allan (1990).

Ook in Afrikaans is dit die benadering wat die meeste voorkom. In sy doktorsale proefskrif getiteld *Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans* toon Calitz (1980: 109) aan dat vloek as "emosionele veiligheidsklep" funksioneer: waar fisiese geweld nie gebruik kan word nie, help 'n vloek dikwels om van opgekropte emosies ontslae te raak. Een persoon kan byvoorbeeld vir 'n ander persoon sê: *Jy is 'n doos!*, ten einde uiting te gee aan aggressie.

In *Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans*, verwys Feinauer (1981) vlugtig na die onderskeid tussen vloekwoorde en seksuele uitdrukkings: sy beskou "obsene woorde vir 'laer' liggaamsdele, -prosesse en -produkte" (Feinauer 1981: 14) as 'n vloekwoordkategorie. In die res van die verhandeling word daar egter weinig aandag geskenk aan seksuele uitdrukkings, wat moontlik impliseer dat Feinauer nie alle seksuele uitdrukkings as vloeke beskou nie (vergelyk Feinauer 1981: 14).

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat seksuele uitdrukkings nie *per se* vloekwoorde is nie, behalwe wanneer dit gebruik word as stopwoorde of om iemand te verwens/vervloek. Seksuele uitdrukkings **funksioneer** dus as vloekwoorde waar bepaalde illokutiewe intensies ter sprake is (vergelyk 4.2.3.1).

- ↳ **Seksuele uitdrukkings as eufemismes en disfemismes.** 'n Ander invalshoek tot seksuele uitdrukkings is die beskrywing daarvan as eufemismes en/of disfemismes. Die mees resente bydrae vanuit hierdie perspektief is Keith Allan en Kate Burridge se 1991-publikasie, *Euphemism & Dysphemism: Language used as shield and weapon*. Seksuele uitdrukkings word hier hoofsaaklik vanuit 'n taalhandelingsperspektief beskryf. In ander publikasies van dié aard lê die klem ook dikwels op eufemismes en disfemismes as pragmatiese hulpmiddels (vergelyk onder andere Adams (1977) se *Bad mouth*, Lubbe (1970) se *Die eufemisme in Afrikaans* asook Fromkin & Rodman 1978: 274-277).
- ↳ **Seksuele uitdrukkings en humor.** Seksuele humor is nog 'n onderwerp wat algemeen in die literatuur hanteer word. Van die perspektiewe wat gebied word, is semanties (Raskin 1985), diskoersanalities (Smith 1993) en interaksioneel (Sacks 1978) van aard.

Die meeste van die gemelde studies fokus óf op die betekenisuitbreiding van seksuele uitdrukkings óf op funksionele aspekte daarvan (as vloeke, humoristiese uitdrukkings, eufemismes en/of disfemismes). Die fokus is ook meestal op die **taboe aard** van seksuele uitdrukkings, en nie op die uitdrukkings as lede van 'n bepaalde semanties-pragmatiese domein nie.

Dit blyk veral dat die verhouding tussen seksuele uitdrukkings, kultuur en konseptualisering nie genoeg aandag gekry het in bestaande taalkundige studies nie. Vrae soos die volgende kan byvoorbeeld nie beantwoord word met verwysing na bestaande literatuur oor die onderwerp nie: Hoekom verwys lede van 'n bepaalde subkultuurgroep na vroue as *visse*? Wat verraai só 'n uitdrukking

omtrent die lewens- en wêreldbeskouing van die lede van daardie kultuurgroep?
Vorm die uitdrukking deel van 'n linguistiese sisteem?

Die verhouding tussen taal, kultuur en denke word lank reeds deur filosowe, antropoloë en taalkundiges ondersoek, sonder om tot 'n eenduidige gevolgtrekking te kom. Finegan & Besnier (1989: 22) som die voortgaande debat soos volg op:

"So the interaction between thought and language is a two-way street rather than an absolute cause-and-effect relationship. Language and thought do appear to be closely connected in various ways. Their interaction is a complex one about which we still have much to learn."

Sedert die sewentigerjare is daar veral in die kognitiewe semantiek gefokus op die verhouding tussen taal, kultuur en denke. Volgens Schreuder (1991: 200) moet die verhouding tussen kognitiewe modelle en menslike handeling egter nog verder ondersoek word ten einde aan te toon dat taal en denke nie twee onafhanklike domeine van menslike kennis is nie. 'n Kognitief-pragmatiese perspektief op die betekenis van seksuele uitdrukkings bied 'n invalshoek waaruit die konseptualisering (kognitiewe modelle) en gebruik (menslike handeling) van seksuele uitdrukkings bestudeer kan word om sodoende 'n moontlike antwoord te verskaf op Schreuder (1991: 200) se probleemstelling.

Die breë doelstelling van hierdie studie is dus **om die verband tussen seksuele uitdrukkings, subkultuurgroepe en menslike persepsies te beskryf**, en sodoende indirek 'n bydrae te lewer tot die beskrywing van die verhouding tussen taal, kultuur en denke.

1.3 TEORETIESE INVALSHOEK

Volgens Webb (1991: 12) bestaan die menslike kommunikatiewe vermoë uit grammatiese, konseptuele en pragmatiese vaardighede. Hierdie driedeling verskaf gerieflike invalshoeke vir die beskrywing van seksuele uitdrukkings:

↳ **'n Grammatiese perspektief:** Aangesien Feinauer (1981) reeds omvattend aangetoon het hoe taboe woorde in Afrikaans taalkundig optree, sal hier slegs gewys word op die interne sistematiek óf die sistematiese afwykings wat seksuele uitdrukkings vertoon. Vanuit 'n grammatiese perspektief word gefokus op die fonologiese, morfologiese en sintaktiese prosesse waaraan leksikale items onderhewig is alvorens hulle deel word van die seksuele leksikon. Dit gaan dus om die uitbreiding van die leksikon deur middel van woordvormingsprosesse en funksiewisseling.

↳ **'n Kognitiewe perspektief:** In *Cognitive science: an introduction* (Stillings (et al.). 1987: 1) word dit gestel dat die kognitiewe wetenskappe 'n "science of the mind" is wat poog om konseptualisering, denke, geheue en ander fenomene van die menslike intellek te beskryf. 'n Kognitief-taalkundige perspektief bied dus 'n teoretiese invalshoek om die konseptualisering van seksuele uitdrukkings te beskryf.

Hier sal aangetoon word dat die vorming en optrede van seksuele uitdrukkings die kognitief-semantiese deelteorieë van George Lakoff en Mark Johnson substansieer. Met die publikasie *Metaphors we live by* (Lakoff & Johnson 1980) en werke wat daarop gevolg het (veral Johnson 1987 en Lakoff 1987), het dié twee outeurs waarskynlik gesorg vir een van die belangrikste paradigmatverskuiwings in die moderne teoretiese taalkunde.

Die beskouings van taalkundiges soos Langacker (1991) en Fauconnier (1985) word betrek waar dit lig kan werp op die deelteorieë van Lakoff en Johnson.

↳ **'n Pragmatiese perspektief:** 'n Pragmatiese perspektief op die betekenis van seksuele uitdrukkings bied die geleentheid om te fokus op die semantiese en funksionele waardes van seksuele uitdrukkings binne bepaalde diskoerse. Hierdie perspektief op die pragmatiek word ontleen van Verschueren (1987: 36):

"*Pragmatics* should be defined, rather, as a *perspective* on whatever phonologists, morphologists, syntacticians, semanticists, psycholinguists, sociolinguists, etc. deal with. Insofar as phonologists, morphologists, etc. adopt this perspective themselves, they are doing pragmatics."

Volgens Verschueren kan die pragmatiek onder andere gesien word as die bestudering van die meganismes en die motiverings agter die gebruik van taal ten einde die effek of die geïntensionaliseerde effek van taalgebruik bloot te lê (Verschueren 1987: 36).

Hieruit blyk die aansluiting wat 'n pragmatiese benadering het by 'n kognitiewe benadering: waar die kognitiewe benadering fokus op die vorming en strukturering van kognitiewe meganismes, fokus die pragmatiese benadering op die gebruik van hierdie kognitiewe meganismes. Die twee benaderings staan dus nie teenoor mekaar nie, maar komplementeer mekaar. Nuyts (1988: 282) wys op die winste van so 'n geïntegreerde benadering:

"We mogen dus wel besluiten dat voor zover het de algemene methodologische conceptie van de cognitive science betreft, een funktionalistische methodologie (d.w.z. een methodologie die zich opbouwt rond het principe van epistemologische funktionele verklaring) in principe de beste kansen op sukses biedt om tot een adequate hypothesevorming over de kognitiewe mechanismen achter taalgedrag te komen."

1.4 DATAKORPUS EN TERREINAFBAKENING

Een van die grootste probleme wat tydens hierdie studie ondervind is, was die afbakening van die datakorpus. Daar word nie alleen byna daaglik nuwe seksuele uitdrukkings geskep nie, maar die gebruik daarvan is ook sterk gebonde aan subgroepe binne groter kultuurgroepe. Weens die hoë taboe waarde van die uitdrukkings word min daarvan ooit sodanig geïntensionaliseer dat dit opgeneem word in woordeboeke.

Die navorser het dus voor die probleem te staan gekom dat nóg vraelyste nóg woordeboekmateriaal gebruik kon word in die afbakening van die datakorpus.

Aan die hand van voorbeelde uit die gay- en feministiese registers word aangetoon dat hierdie stereotipes nie algemeen geldig is nie, maar dat verskillende stereotipes in verskillende subkulture voorkom. Die stereotipiese eienskappe wat onderskeidelik aan mans en vrouens geheg word, hang onder andere saam met die ideologie en die seksuele oriëntasie van die groep.

'n Pragmatiese invalshoek beklemtoon die konteksgebonde betekenis van seksuele uitdrukkings. Fisiese, psigologiese, sosiokulturele en makrotekstuele kontekste speel egter nie net 'n belangrike rol in betekenisdeterminasie nie, maar oefen ook 'n invloed uit op die waarskynlike gebruik van 'n bepaalde leksikale item. Daar word 'n sogenaamde seksuele register onderskei wat in eksklusiewe situasies gebruik word wanneer na aspekte van die seksuele verwys word, en waarin unieke linguistiese strukture en leksikale items voorkom.

Daar word verder aangetoon dat leksikale items wat na aspekte van die seksuele verwys óf eufemisties óf disfemisties funksioneer, afhangende van kontekstuele veranderlikes. Eufemistiese uitdrukkings word veral gekenmerk deur die illokutiewe intensies vermaak of skerts, en deur die perlokutiewe effek amuseer. Disfemistiese uitdrukkings, daarenteen, het dikwels die illokutiewe intensie skok of vloek en die perlokutiewe effek skok of affronter.

Ten slotte word die winste van die grammatiese, konseptuele en pragmatiese perspektiewe op seksuele uitdrukkings ook van toepassing gemaak op die leksikografie.

Uit hierdie studie blyk dit dat daar 'n duidelike, identifiseerbare verhouding bestaan tussen menslike handeling en die psigologiese geldigheid van kognitiewe modelle - 'n verhouding wat sterk bepaal word deur kollektiewe, kulturele konseptualiserings- en kategoriseringsprosesse.

binne die seksuele domein verwys. Kollektief gesproke sou 'n mens na hierdie versameling leksikale items kon verwys as die **seksuele leksikon**. Vir die doeleindes van hierdie studie word die seksuele leksikon beskou as deel van die randwoordeskat, net soos wat groepstale, vakterme en ander gespesialiseerde registers tot die randwoordeskat hoort.

Met betrekking tot die seksuele domein word daar hoofsaaklik gefokus op die seksdaad, die manlike geslagsdele en die vroulike geslagsdele. Waar dit relevant is, sal ook na ander aspekte van die seksuele domein (byvoorbeeld voorspel, groepseks, masturbasie, ensovoorts) of selfs na aspekte buite die seksuele domein verwys word.

Met *seksdaad* word bedoel die seksuele omgang tussen twee persone waar penetrasie (van watter aard ookal) gewoonlik plaasvind. By die manlike geslagsdele word hoofsaaklik gefokus op die eksterne organe, te wete die *penis*, *testikels* en *skrotum*. Met betrekking tot die vroulike geslagsdele toon Allan (1990: 192 - eindnota 3) aan dat die term *vagina* dikwels metonimies gebruik word om na die vroulike geslagsdele (vulva) te verwys. Hier word *vroulike geslagsdele* egter gebruik om te verwys na die interne sowel as eksterne vroulike geslagsorgane.

1.5 DOELWITTE

Met hierdie studie word gepoog om:

- ↳ aan te toon hoe seksuele uitdrukkings binne die Afrikaanse taalsisteem optree (hoofstuk 2);
- ↳ aan te toon hoe seksuele uitdrukkings die teoretiese uitgangspunte van bepaalde kognitiewe metafoorteorieë substansieer (hoofstuk 3);
- ↳ afleidings te maak oor die mens se konseptuele en kategoriseringsstelsel deur 'n ontleding van seksuele uitdrukkings (hoofstuk 3);
- ↳ die kontekstuele veranderlikes wat 'n rol speel in die enkodering en dekodeer van seksuele uitdrukkings te identifiseer (hoofstuk 4);

- ↳ aan te toon hoe seksuele uitdrukkings in bepaalde kontekste óf eufemisties óf disfemisties funksioneer (hoofstuk 4); en
- ↳ enkele riglyne te verskaf vir die moontlike leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings (hoofstuk 5).

HOOFSTUK 2

GRAMMATIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Die woordeskat van 'n taal is nie staties en vas nie: die kernwoordeskat, die uitgebreide kernwoordeskat en die randwoordeskat ondergaan gedurig veranderinge (Eksteen 1989: 358). Sodanige veranderinge kan op velerlei maniere beskryf word: woorde se herkoms word gewoonlik verklaar in terme van oorerwing, ontlening en eie woordskepping, terwyl die uitbreiding van die leksikon dikwels gekenmerk word deur klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en betekenisuitbreiding (vergelyk Badenhorst, Carstens & Van Rensburg (1992: 40-41) asook Raidt (1989: 100-110) se beskrywing van die ontwikkeling van vroeë Afrikaans).

Ook leksikale inskrywings in die seksuele leksikon (as deel van die randwoordeskat), kan in terme van herkoms en leksikale uitbreidingsprosesse beskryf word. So byvoorbeeld is enkele van die geïnstusionaliseerde seksuele uitdrukkings oorerwings uit Nederlands: Boshoff & Nienaber (1967: 497) dui byvoorbeeld aan dat *piel* ("penis") 'n ongediftongeerde vorm van die Nederlandse *pijl* is, wat weer afkomstig is uit die Latynse *pilum* ("spies"). Ontlening aan veral Engels word ook dikwels aangetref (vergelyk byvoorbeeld *kont* x *cunt* ("vroulike geslagsdele"), *kom* x *cum* ("semen") en *kamp* x *camp* ("flirteer") (*gay*)²). Ook eie woordskeppings in die seksuele leksikon kom soms voor (byvoorbeeld *moemf* ("vroulike geslagsdele") en *gunch* ("seksuele omgang") (*gay*)).

In hierdie hoofstuk val die klem op die leksikale uitbreidingsprosesse wat op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak plaasgevind het en steeds plaasvind om 'n **seksuele leksikon** te vorm. Daaruit sou 'n mens afleidings kon maak wat

² Aangesien die hoofklem in hierdie studie nie op gaytaal val nie, word voorbeelde wat slegs in gaygemeenskappe opgeteken is, met die etiket (*gay*) gemerk.

nie net die kognitiewe oorsprong van die uitdrukkings bevestig nie, maar wat ook lig kan werp op die gebruik van seksuele uitdrukkings.

2.2 FONOLOGIESE VLAK

Volgens De Stadler (1989b: 188) wil die fonologie rekenskap gee van dié eienskappe van klanksisteme wat die moedertaalspreker moet beheers vir die doel van kommunikasie. Buiten die feit dat 'n taalgebruiker die fonologiese reëls van 'n taal moet "ken" voordat hy/sy daardie taal kan beheers, moet die taalgebruiker ook kennis dra van die verband tussen klankvorm en betekenis. Die teoretiese begrip **foneem** hang juis saam met die begrip **betekenisonderskeid**. Veranderings in die foneties-fonologiese vorm van 'n woord sou dus betekenisverandering kon meebring. Enkele opmerkings kan gemaak word in verband met die betekenisverskuiwings wat plaasvind indien sekere fonologiese prosesse voltrek word. Veral die volgende fonologiese prosesse het semantiese implikasies vir die seksuele leksikon:

- ↳ **Klemverskuiwing.** Klem as suprasegmentele kenmerk tree dikwels woordonderskeidend op (De Stadler 1989b: 197). So byvoorbeeld word *tonteldoos* ("koker met tontel en vuurslag") gewoonlik uitgespreek met die klem op die eerste lettergreep, naamlik *tónteldoos*³. Sou die klem verskuif na die derde lettergreep (*tonteldóós*), kan daar 'n pejoratiewe betekenis gesuggereer word wat ooreenstem met die sekondêre seksuele betekenis van die woord *doos*, naamlik "vroulike geslagsdele". Woordklem- en sinklemverskuiwing kan ook aan die hand van die volgende voorbeelde geïllustreer word:

<i>áánstoot neem</i>	x	<i>aanstóót neem</i>
<i>piláár</i>	x	<i>pílaar</i>
<i>die dráák steek</i>	x	<i>die draak stéék</i>
<i>uit die óúde doos</i>	x	<i>uit die oude dóós</i>

³ Klem word aangedui deur middel van 'n aksentstreep op die vokale van die belemtoonde lettergreep.

Oordrewe klem het dikwels dieselfde resultaat:

in die stéék laat

hy is stééks

Klemverskuiwing het nie noodwendig betekenisuitbreiding of -verskuiwing tot gevolg nie, maar dra soms by tot die suggestiewe of humoristiese gebruik van woorde met 'n seksuele konnotasie.

- ↪ **Vokaalverkorting.** Die taboebetekenis van 'n leksikale item met 'n seksuele konnotasie word dikwels geaktiveer wanneer die leksikale item met 'n verkorte vokaal uitgespreek word. Die woord *naai* ("om naaldwerk te doen") word byvoorbeeld gewoonlik uitgespreek as [na:i]. Wanneer die [a:i] egter verkort word tot [nai], word die betekenis "seksuele omgang hê" eenduidig opgeroep. Dieselfde geld ook vir ander gevalle waar 'n lang vokaal kort uitgespreek word (byvoorbeeld in [stot], [stek], [strep], [dos], ensovoorts).

Die mate van verkorting hang ook nou saam met die mate van breking. *Doos* ("vroulike geslagsdele") kan uitgespreek word as [do:s], [do:əs], [duəs] of selfs as [dwəs]. In laasgenoemde twee gevalle word die moontlikheid van 'n seksuele interpretasie van die woord *doos* verder verhoog. Vergelyk byvoorbeeld:

[jəi əs ə do:s] x [jəi əs ə dwəs]

- ↪ **Assibilasie.** Die verskynsel dat 'n frikatief of triller in plaas van 'n sluitklank gevorm word, is gewoonlik nie betekenisonderskeidend nie. Die volgende voorbeelde is dus **nie** minimale pare nie:

[tavərt]	x	[tabərt]
[faruk]	x	[vaduk]
[truval]	x	[trubəl]

In sommige gevalle kan assibilasie egter tot betekenisonderskeiding lei. Die bekendste voorbeeld is sekerlik die woordpaar [pada] x [para]. In die seksuele leksikon het laasgenoemde die betekenis "vroulike geslagsdele".

Bauer (1983: 49) merk op dat indien die fonologiese gedrag van 'n lekseem voorspelbaar is, maar die betekenis is nie voorspelbaar nie, word sodanige item semanties geleksikaliseer. Hoewel [para] nog nie in die standaardtaal met 'n eenduidige betekenis ("vroulike geslagsdele") geleksikaliseer is nie, is dit wel (teoreties gesproke) moontlik vanweë die sterk institusionele status wat hierdie vorm in die leksikons van bepaalde subkulture en in die informele geselstaal het.

↪ **Nuwe klankkombinasies.** Anders as die neologismes in die standaardtaal (wat nuwe sake wil benoem), word nuwe woorde soms in die seksuele leksikon gevorm om na sake te verwys waarvoor daar reeds woorde bestaan. Vergelyk byvoorbeeld:

moemf ("vroulike geslagsdele"), *poen* ("meisie"), *naber/saber/zaber* ("seksuele omgang hê"), *ninnars* ("seksuele omgang hê"), *klappelorus* ("masturbeer - manlik"), *kappeljaans* ("seksueel gefrustreerd")

Hoewel woordvorming deur nuwe klankkombinasies 'n redelik onproduktiewe proses in die standaardtaal is, is dit redelik produktief in die seksuele leksikon. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat mense na sake wil verwys sonder dat ander persone in die geselskap moet weet waarna verwys word. Naas hulle referensiële funksie, het woorde wat deur nuwe klankkombinasies gevorm is dus ook 'n eksklusiwiteitsfunksie (vergelyk ook 4.2.4.2.2). So 'n tipe geheimtaal (De Beaugrande 1993: 22) word dikwels in gaygemeenskappe aangetref, soos wat die volgende nuutskeppings (opgeteken in gaygemeenskappe in Pretoria) illustreer:

gunch ("seksuele omgang"), *ploesaar* ("manlike/vroulike geslagsdele"), *zoosch* ("uitspattig aantrek"), *faf* ("bemoei met"), *pris* ("konserwatief"), *fiena* ("moeg").

2.3 MORFOLOGIESE VLAK

Leksikale uitbreiding vind dikwels op morfologiese vlak plaas deur middel van woordvormingsprosesse soos samestelling, afleiding, funksiewisseling, reduksiesamestellings, knipsels, nuwe klankkombinasies, ensovoorts (Yule 1985: 51-57). Die volgende woordvormingsprosesse is produktief in die seksuele leksikon:

↳ **Samestelling.** Een van die produktiefste woordvormingsmeganismes in die standaardtaal is waarskynlik dié van samestelling. Ook in die seksuele leksikon figureer samestellings prominent. Vergelyk onder andere:

vleiskierie ("penis"), *vleispyp* ("penis"), *klapperhaartrepleister* ("vroulike geslagsdele"), *kalenderpes* ("menstruasie"), *vaginasousasem* ("slegte asem"), *warmvleisinspuiting* ("seksuele omgang"), *snotsambok* ("penis"), *plesierspier* ("penis"), *slymsloot* ("vroulike geslagsdele"), *genotgrot* ("vroulike geslagsdele"), *doosduvet* ("sanitêre doekie"), *tamaainaai* ("seksorgie").

Uit die laaste ses voorbeelde blyk dit dat rymgemotiveerde komposita (Bauer 1983: 212) dikwels voorkom in die seksuele leksikon. Aangesien rym hoofsaaklik die motivering is vir die morfologiese verbinding, is die semantiese verhouding tussen die elemente dikwels toevallig. In *twaksak* ("skrotum") is die lekseem met die semantiese inhoud "skrotum" *sak*, terwyl *twak* geen seksuele konnotasie het nie. 'n Mens kan dus sê dat die verbinding suiwer rymgemotiveerd is. Vergelyk ook die volgende komposita wat almal "seksorgie" beteken:

familiekielie, *streeksteek*, *tamaainaai*, *tropskrop*, *klompiepompie*, *konvooilooi*, *kettingbesmetting*.

Rymgemotiveerde komposita word meestal gebruik om 'n humoristiese effek te verkry. Voorbeelde waar van volrym gebruik gemaak word, sluit in:

plesierspier ("penis"), *genotgrot* ("vroulike geslagsdele"), *gaatjiemaatjie* ("gay man"), *holjol* ("anale seks hê"), *tjokkerfokker* ("pedofiel"), *groepswoeps* ("seksorgie").

Halfrym kom ook algemeen voor:

snotsambok ("penis"), *kieriepiel* ("penis"), *slymsloot* ("vroulike geslagsdele"), *enkelgleufbeursie* ("vroulike geslagsdele"), *furburger* ("vroulike geslagsdele"), *doosduvet* ("sanitêre doekie"), *parrapleeg* ("ginekoloog"), *kloosterkoek* ("preutse vrou"), *donsdosie* ("jong meisie"), *pastoriepiesang* ("preutse man"), *tempeltros* ("preutse man"), *rioolboor* ("gay man"), *poepholrampokker* ("gay man"), *poesplaas* ("plek waar niks gebeur nie"), *gasgee* ("seksuele omgang hê"), *vellevat* ("masturbeer - manlik"), *riemruk* ("masturbeer - manlik"), *kieriekap* ("masturbeer - manlik"), *doosdief* ("verkragter"), *poespraat* ("nonsens praat").

Pseudo-sintaktiese komposita (konstruksies waar 'n sintaktiese frase betrokke is by die vorming van 'n nuwe woord - vergelyk Bauer (1983: 206) en Van Niekerk (1991: 290 e.v.)) word ook soms in die seksuele leksikon aangetref. Die volgende voorbeelde is opgeteken:

vleiswa-met-wolwiele ("vroulike geslagsdele")

vertikale-glimlag-met-wolwange ("vroulike geslagsdele")

toegerankte-middeldeer-heerlikheid ("vroulike geslagsdele")

moord-in-die-kloof ("menstruasie")



Afleiding en fleksie. Die meeste van die leksikale items wat in die seksuele leksikon gebruik word, kan afleiding ondergaan of geflekter word. Wat egter opvallend is, is dat alle leksikale items **fleksie** kan ondergaan, maar dat dit hoofsaaklik die leksikale items is wat na die vroulike geslagsdele verwys wat **afleiding** ondergaan. Leksikale items wat na die manlike

geslagsdele verwys, ondergaan daarenteen selde afleiding. Die volgende voorbeelde illustreer hierdie tendens:

<i>doos</i>	<i>dose, dosie</i>
<i>voël</i>	<i>voële, voëltjie</i> (die meervoud van <i>voël</i> is binne die seksuele domein <i>voële</i> en nie <i>voëls</i> nie.)

teenoor:

<i>doos</i>	<i>aartsdoos, superdoos, doosagtig, doserig, dooslik.</i>
<i>voël</i>	Hoewel <i>voël</i> potensieel met die meeste van hierdie afleidingsaffikse kan verbind, word dit nooit in die taalgebruik van manstudente gerealiseer nie.

Die verkleiningsuffiks word dikwels deur vrouesprekers gebruik om na sake in die seksuele domein te verwys. Vergelyk byvoorbeeld:

voëltjie ("penis"), *piepie* ("penis"), *tollie* ("penis"), *tottertjie* ("penis"), *tieties* ("borste"), *balletjies* ("testes"), *koekie* ("vroulike geslagsdele"), *foefie* ("vroulike geslagsdele"), *flossie* ("vroulike geslagsdele"), *spekkie* ("vroulike geslagsdele"), *parratjie* ("vroulike geslagsdele"), *hangmatjie* ("sanitêre doekie"), *teesakkie* ("sanitêre doekie"), *reënjassie* ("kondoom").

Dirven (1994: 30-42) is van mening dat die verkleiningsuffiks soms as morfologiese metafoor funksioneer. Bogenoemde voorbeelde illustreer dit duidelik: vrouens gebruik dikwels die verkleiningsuffiks om eufemisties na aspekte in die seksuele domein te verwys. Aangesien die verkleiningsuffiks in bogenoemde voorbeelde die semantiese waarde van "versagting" het, sou 'n mens dus kon sê dat dit gekategoriseer kan word as 'n afleidingsaffiks, eerder as 'n fleksieaffiks (vergeelyk ook Combrink (1990: 31) se kritiek teen die tradisionele onderskeid tussen fleksie- en afleidingsaffikse).



Reduksiesamestellings. Hoewel reduksiesamestellings nie in Standaardafrikaans 'n baie produktiewe proses is nie, word twee leksikale items soms deur middel van assimilasië saamgetrek tot een leksikale item.

Dit word gewoonlik gedoen om twee verwante konsepte/sake met mekaar te verbind (Bauer 1983: 234 e.v., Combrink 1990: 74). Slegs twee voorbeelde van reduksiesamestellings is in die seksuele leksikon opgeteken, naamlik:

goos (gat + doos) ("gedeelte tussen anus en vagina")

jimpel (jags + simpel) ("seksueel gefrustreerd")

↳ **Knipsels.** Nuwe woorde word soms gevorm deur die redusering van sekere morfologiese of fonetiese dele van 'n grondwoord, sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die grondwoord (Bauer 1983: 233). Combrink (1990: 56) toon aan dat dit veral in sleng volop voorkom. Die volgende seksuele uitdrukkings is op dié wyse gevorm:

klit x *klitoris*

pes x *kalenderpes*

let x *lettie* (x *lesbiër*)

homo x *homoseksueel*

mof x *moffie*

↳ **Akronieme.** Woorde wat uit die beginletters van twee of meer morfeme opgebou is, word akronieme genoem (Combrink 1989: 55). Waar die letters se alfabetnaamwaarde ([a:], [be:], [se:], ensovoorts) behou word, word dit letternaam-woorde genoem (Combrink 1989: 55). In die datakorpus is slegs enkele voorbeelde van letternaam-woorde aangetref:

PB *poesbedroef* ("depressief")

FL "*French Letter*" ("kondoom") (vergelyk ook *effie*)

Soos in die geval van woorde wat deur middel van nuwe klankkombinasies gevorm word, het letternaam-woorde 'n eksklusiwiteitsfunksie in die seksuele register. As een gay man byvoorbeeld sy afkeur teenoor 'n ander man wil uitdruk, sal hy in 'n geselskap sê: *NOCD* ("*Not our class, darling!*"). Slegs persone wat weet wat die letternaam-woord *NOCD* beteken, sal dus die strekking van die spreker se woorde verstaan. In die gayleksikon bestaan daar heelwat sodanige ontlenings uit Engels:

<i>PYB</i>	<i>pretty young boy</i> ("mooi man")
<i>PYT</i>	<i>pretty young thing</i> ("mooi man")
<i>TOQ</i>	<i>tatty old queen</i> ("onaangename persoon")

2.4. SINTAKTIESE VLAK

Op sintaktiese vlak is dit veral funksiewisseling wat die aandag trek. Funksiewisseling is die proses waar 'n woord se woordsoortlike kategorie verander word deur fleksie of afleiding, óf deur nulafleiding (Yule 1985: 54). Hoewel funksiewisseling ook onder morfologiese woordvormingsprosesse kan ressorteer, het dit duidelike implikasies op sintaktiese vlak (Bauer 1983: 227). Die feit dat 'n selfstandige naamwoord (byvoorbeeld *poes*) as 'n werkwoord (in byvoorbeeld *Ek gaan jou teen die oor poes*) of as 'n bywoord (in byvoorbeeld *Dit was poes lekker*) kan funksioneer, illustreer sodanige implikasies.

Kategoriale (woordsoortlike) funksiewisseling (Yule 1985: 54) is 'n algemene verskynsel in die seksuele leksikon, soos wat deur die volgende voorbeelde geïllustreer word:

↳ Selfstandige naamwoord as werkwoord

Hy het haar *gepyp* ("hy het seksuele omgang met haar gehad")

Hy het haar *gevinger* ("hy het haar geslagsdele met sy hand betas")

Hy het hom teen die oor *gepoes* ("hy het hom geslaan")

Hy het by die toilette *gekamp* ("hy het by die toilette flikkers gegooi") (*gay*)

Hy *teef* die hele tyd ("hy maak snedige opmerkings") (*gay*)

Hy het gaan *pil* ("hy het gaan urineer") (*gay*)

↳ Selfstandige naamwoord as bywoord

Dit was *poes* lekker ("dit was baie aangenaam")

Dit was *doos* lekker ("dit was baie aangenaam")

↪ **Selfstandige naamwoord as byvoeglike naamwoord**

Dit was 'n *horing* party ("dit was 'n onaangename partytjie")

Dit was 'n *dooslike* party ("dit was 'n onaangename partytjie")

Daardie ou is *kamp* ("daardie persoon is verfynd") (*gay*)

Dit was *piele* ("dit was lekker")

↪ **Werkwoord as selfstandige naamwoord**

Daar is *kom* op die laken ("daar is semen op die laken")

Hy is 'n regte *natnaai*⁴ ("hy is 'n onaangename persoon")

Dit is uit soos *boknaai* ("dit is onmoontlik")

Hy is by sy *stoot* ("hy is by sy seksmaat") (*gay*)

↪ **Werkwoord as bywoord/graadwoord**

Dit was *draadtrek* lekker ("dit was baie lekker")

↪ **Eienaam as werkwoord**

Hulle het mekaar *gesally* ("hulle het orale seks gehad") (*gay*)

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat woordvorming in die seksuele leksikon plaasvind deur middel van klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en by implikasie ook deur betekenisuitbreiding. Opsommend kan die volgende belangrikste tendense genoem word:

↪ Klemverskuiwing op fonologiese vlak en ryngemotiveerde samestellings word dikwels deur sprekers gebruik om die humoristiese en suggestiewe waarde van seksuele uitdrukkings te verhoog.

↪ Deur vokaalverkorting en funksiewisseling kan sprekers die taboewaarde van sekere leksikale items verhoog. Hierdie prosesse gee dikwels

⁴ In die proses van woordvorming (*nat* + *naai*) vind kategoriale funksiewisseling plaas.

aanleiding tot disfemistiese taalgebruik, dit wil sê die betrokke leksikale items word dikwels as vloeke gebruik.

- ↳ Ten einde eufemisties na sekere aspekte in die seksuele domein te verwys, vorm sprekers dikwels reduksiesamestellings, rymgemotiveerde komposita en gebruik veral vroue die verkleiningsaffiks.
- ↳ Die produktiwiteit van nuwe klankkombinasies en akronieme bevestig die eksklusiwiteitsfunksie van seksuele uitdrukkings.
- ↳ Seksuele uitdrukkings wat na die vroulike geslagsdele verwys, word meer dikwels geflekteer en/of ondergaan meer dikwels afleiding as uitdrukkings wat na die manlike geslagsdele verwys.

In hoofstuk 3 sal laasgenoemde tendens vanuit 'n kognitiewe perspektief gemotiveer word. Ten einde dit te verklaar, sal daar onder andere gesoek word na die onderliggende denkpatrone wat op grammatiese vlak gerealiseer word. Betreffende die funksies van seksuele uitdrukkings in bepaalde subkultuurgroepe, word daar in hoofstuk 4 veral gefokus op eufemismes en disfemismes.

HOOFSTUK 3

KOGNITIEWE PERSPEKTIEF

"Because thought is represented in language, we may infer either that thinking is relative to the language we speak or that it is absolute... (L)anguage, by virtue of its fundamental role in representing thought to ourselves and others, is an odd sort of necessary impediment to thought. Our knowledge of the world, given in our concepts about the world, is represented by the language we speak." (Tyler 1978: 5).

3.1 INLEIDING

As uitgangspunt word die aanname gemaak dat die mens, as rasionele wese, die natuurlike behoefte en belangstelling het om sy/haar bestaan, wêreld en ervarings te begryp en te beskryf. Deurdat die mens oor sy/haar leefwêreld **dink**, kan ervarings suksesvol hanteer en verwerk word.

Daar word verder van die standpunt uitgegaan dat die mens sy/haar werklikheid deur 'n proses van kategorisering begryp en beskryf. Lakoff (1987: 5) wys op die belangrike rol wat kategorisering speel in die alledaagse lewe:

"Categorization is not a matter to be taken lightly. There is nothing more basic than categorization to our thought, perception, action, and speech."

As daar byvoorbeeld oor 'n kwessie soos gelyke besoldiging vir mans en vroue gedink word, blyk dit duidelik dat ons denke kategoriaal gestruktureer is (dit is noodsaaklik of onnodig). Die inhoud van hierdie kategorieë word gebaseer op sekere persepsies (stereotipes) rondom die sosiale rolle van mans en vroue: volgens tradisionele stereotipes is die man byvoorbeeld die broodwinner terwyl die vrou die huishouding moet waarneem. Mans behoort dus groter salarisse as vrouens te verdien. Feministe beweer dat die onderskeid selfs in werkskontrakte getref word (vergelyk byvoorbeeld "*Die werknemer moet **homself** vir diens aanmeld...*"). Die mens is dus voortdurend besig om sy/haar leefwêreld in terme van kategorieë waar te neem en uit te druk.

Volgens die Prototipeteorie, wat hoofsaaklik vanuit die werk van Eleanor Rosch ontstaan het (vergelyk onder andere Rosch 1978), is kategorisering 'n proses van sowel ervaring as verbeelding - van persepsies, aktiwiteite en kultuur aan die een kant, en van metafoor, metonimie en mentale verbeelding aan die ander kant (Lakoff 1987: 8). Lakoff (1987: 9) beweer dat hierdie perspektiefverandering nie net die siening oor kategorieë verander het nie, maar ook die mens se wêreldbeskouing. Aangesien die mens se siening van die wêreld en die werklikheid hoofsaaklik gebaseer is op kategorieë, **beïnvloed** die Prototipeteorie noodwendig die mens se wêreldbeskouing.

Lakoff (1987: 58) pas die Prototipeteorie veral metalinguisties toe en beweer dat taalkundige kategorieë op dieselfde wyse gestruktureer is as die mens se konseptuele sisteem. Dit impliseer dat ook taalkundige kategorieë prototipe-effekte sal vertoon. Aangesien die kognitiewe taalteorieë nie 'n aparte linguistiese en kognitiewe sisteem poneer nie, blyk dit logies te wees dat taal as bron kan dien vir die verstaan van die menslike kategoriseringsisteem (Kövecses 1986: 3, Lakoff 1987: 58). Swanepoel & Schreuder (1991: 11) stel dit soos volg:

"...taal...(kan) as bron dien om die inhoud en struktuur van die konsepte te ondersoek wat ons kennisdomeine konstitueer."

Die doel van 'n kognitiewe perspektief op taal is dan onder andere om antwoorde te bied op die volgende twee vrae (na aanleiding van Jackendoff 1983: 3):

- ↳ **Wat is die aard van natuurlike taalgebruik met behulp waarvan die mens kan praat oor waarnemings en ervarings?**
- ↳ **Watter afleidings oor konseptualisering en kategorisering kan gemaak word vanuit die grammatiese en leksikale struktuur van natuurlike taalgebruik?**

'n Kognitiewe perspektief op seksuele uitdrukkings sal dus nie net waardevol wees vir 'n taalkundige beskrywing van seksuele uitdrukkings nie, maar sal ook sekere aspekte van die menslike denke en van konseptualisering blootlê.

Die fokus in hierdie hoofstuk is eerstens om aan te toon hoedat kognitiewe meganismes soos metaforiek en metonimie bydra tot die uitbreiding van semantiese kategorieë. Op grond van die resultate van dié ondersoek sal bepaalde afleidings gemaak word oor die mens se kollektiewe kognitiewe kategoriserings- en konseptualiseringsprosesse.

3.2 KATEGORISERING

In tradisionele taalkundige teorieë is kategoriale uitbreiding gesien as toevallig en arbitrêr. Van Aristoteles af tot en met selfs die latere werke van Wittgenstein is kategorisering hanteer as onproblematies en relatief simplisties. Vanuit 'n objektivistiese perspektief is kategorieë beskou as abstrakte houers met entiteite daarbinne óf daarbuite. 'n Entiteit sou tot 'n bepaalde kategorie behoort indien dit oor bepaalde gemeenskaplike eienskappe beskik wat die kategorie as geheel definieer. In 'n uitspraak van Searle (1979) word hierdie alles-of-niks-benadering duidelik:

"...sentences and words have only the meanings that they have."

Met die ontwikkeling van die Prototipeteorie in die sewentigerjare (vergelyk onder andere Rosch 1978), het kategorisering ontwikkel as 'n subdissipline binne die sielkunde. Die werk van Rosch het egter nie net 'n invloed uitgeoefen op sielkundeteorieë nie, maar het ook verreikende implikasies gehad vir die ontwikkeling van taalteorieë.

Dit is veral die taalfilosowe George Lakoff en Mark Johnson wat in hulle werk (Johnson 1987, Lakoff 1987 en Lakoff & Johnson 1980) die beginsels van die Prototipeteorie op taalkundige kategorieë toegepas het:

"...it is important to see that prototype effects occur not only in nonlinguistic conceptual structure, but in linguistic structure as well. The reason is that linguistic structure makes use of general cognitive apparatus, such as category structure. Linguistic categories are kinds of cognitive categories." (Lakoff 1987:57)

Reeds in hoofstuk 2 is daar voorbeelde van kognitief gedetermineerde taalkategorieë gegee: vrouens gebruik soms die verkleiningsuffiks om na aspekte

van die seksuele te verwys, terwyl mans dit baie selde doen. Daar is aangetoon dat die verkleiningsuffiks as morfologiese metafoor funksioneer in eufemistiese uitdrukkings soos *koekie*, *voëltjie* en *tottertjie* (vergelyk 2.3). Ook voorbeelde soos *doos* ("vroulike geslagsdele") en *voël* ("penis") kan as metafore gekategoriseer word.

Alvorens die werking van onder andere metafore as kategoriseringsmeganismes bespreek kan word, is dit eers nodig om insig te verkry in die konseptuele kategoriseringsprosesse van die mens. Hier word veral gekonsentreer op die beskouings van George Lakoff soos dit uiteengesit word in *Women, Fire, and Dangerous Things* (1987).

3.2.1 GEÏDEALISEERDE KOGNITIEWE MODELLE

Lakoff (1987) beskryf die konseptuele strukture van die menslike denke as **kognitiewe modelle**. Kognitiewe modelle is mentale strukture wat direk gesetel is in liggaamlike ervaring, of so nie direk gekoppel is aan modelle wat wel op liggaamlike ervaring gebaseer is (Johnson 1987: 41, Lakoff 1987: 13). Hierdie beskouing staan in diens van wat Lakoff (1987: xv) aanvanklik "experiential realism" en later (Lakoff 1988: 120) "experientialist cognition" noem. Met hierdie siening sluit Lakoff sowel persoonlike, empiriese ervaring asook die kollektiewe ervaring van die mens as lewende wese in.

In aansluiting hierby wys Lakoff (1987: 68) daarop dat die mens se kennis en ervaring georganiseer en gestruktureer word deur middel van **Geïdealiseerde Kognitiewe Modelle (ICM's)**⁵. Hy verduidelik die "geïdealiseerde" en "kognitiewe" status van hierdie modelle soos volg:

"This means that (a) they are characterized relative to experiential aspects of human psychology and (b) they do not necessarily fit the external world 'correctly'." (Lakoff 1987: 125).

⁵ Die afkorting ICM (Idealized Cognitive Model) word gebruik ten einde te onderskei tussen geïdealiseerde kognitiewe modelle en generies konseptuele metafore (GKM's)

Aangesien ICM's die mens in staat stel om konsepte te definieer wat nie logies of regstreeks verteenwoordigend van die werklikheid is nie, maak kognitiewe modelle voorsiening vir **persepsies** wat gesetel is in die kognitiewe ervaring van die waarnemer. Ter illustrasie: indien 'n man wat nog geen seksuele ervarings gehad het nie na die vroulike geslagsdele verwys as 'n *koek*, *pastei* of *guava*, definieer hy dit in terme van die algemene kognitiewe metafoor dat die vroulike geslagsdele 'n eetbare voorwerp is. Die kognitiewe strukturering is nóg op die ervaring van die spreker nóg op die werklikheid gebaseer, maar steun eerder op die kollektiewe ervaringswêreld waarvan die spreker deel is.

Vier tipes ICM's wat struktuur gee aan wat Fauconnier (1985) "mental spaces" noem, word deur Lakoff (1987: 281) geïdentifiseer:

- ↳ **PROPOSISIONELE MODELLE** spesifiseer abstrakte elemente, hulle eienskappe en die verskillende verhoudings wat daar tussen hulle mag bestaan.
- ↳ **BEELDSKEMATIESE MODELLE** struktureer die menslike ervaring op die vlak van ruimtelike oriëntasie en konseptuele waarneming. Volgens Johnson (1987: 29) verbind beeldskematiese modelle verskillende ervaringsdomeine met mekaar ten einde die mens se ervaringswêreld as 'n koherente eenheid te stabiliseer.
- ↳ **METAFORIESE MODELLE** beeld 'n proposisionele of beeldskematiese model in een domein af op 'n ooreenstemmende struktuur in 'n ander domein.
- ↳ **METONIMIESE MODELLE** dui 'n verhouding aan tussen twee domeine waar 'n strukturele gedeelte van een domein uitgedruk word as 'n funksie van die ander domein.

Hierdie modelle karakteriseer die algehele kategoriseringstruktuur, dui die sentrale lede in 'n bepaalde kategorie aan en dui ook die interne skakels tussen verskillende kategorieë aan (Lakoff 1987: 114). Metafories gesproke, sou 'n mens kon sê dat ICM's skemas is wat op 'n kognitiewe vlak as padkaarte funksioneer. Hierdie padkaarte gee struktuur aan die deurmekaar landskap van nie-representatiewe en onlogiese kennis en ervaring. Wanneer die mens dus

nuwe kennis of ervarings opdoen, word hierdie data op die kognitiewe vlak deur die ICM's verwerk ten einde dit vir die mens logies en toeganklik te maak.

In aansluiting by Johnson (1987: 12-17) word hier van die standpunt uitgegaan dat alle kategoriseringsbeginsels liggaamlik geïnternaliseerd ("embodied") is. Dit impliseer dat die mens alle kennis en ervaring interpreteer en struktureer na aanleiding van sy/haar persepsies oor en bestaan in 'n ruimtelike omgewing. Johnson is van mening dat nuwe ervarings (nie-linguisties sowel as linguisties) gestruktureer word deur beeldskematiese modelle (Johnson 1987: 29-30). Sodra kennis en ervarings geïnstusionaliseer en gekonvensionaliseer word, word toekomstige kennis en ervarings wat ooreenstem met die kennis en ervarings binne daardie kennisdomein, op 'n proposisionele vlak hanteer. Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat beeldskematiese modelle primêr funksioneer in die strukturering van nuwe kennis en ervaring, terwyl proposisionele modelle op 'n sekondêre, abstrakte vlak funksioneer (Johnson 1987: 27). Ten einde hierdie abstrakte domeine te struktureer, gebruik beeldskematiese modelle bepaalde meganismes om die kennisdomeine te transformeer tot verstaanbare konsepte (Lakoff 1988: 144-149). Hierdie meganismes (metaforiek en metonimie) funksioneer dus op 'n kognitiewe vlak waar dit ervarings en kennis binne die beeldskemas kan transformeer in linguistiese uitdrukkings.

In hierdie studie word daar dus van die standpunt uitgegaan dat metaforiek en metonimie die hoof funksie het om abstrakte kennisdomeine binne beeldskematiese modelle te transformeer tot meer verstaanbare konsepte. Metaforiek en metonimie word dus gesien as meganismes in die kognitiewe proses, eerder as wat dit gesien word as ICM's:

"Propositional and image-schematic models characterize structure; metaphoric and metonymic models characterize mappings that make use of structural models." (Lakoff 1987: 154).

Taylor (1989: 124, 134) merk op dat metaforiek en metonimie twee van die mees basiese prosesse is waardeur betekenisuitbreiding plaasvind. Ten einde 'n onduidelik gestruktureerde konsep te verstaan, word metaforiese en metonimiese

passings tussen twee kennisdomeine gemaak. Die metaforiese en metonimiese passings realiseer uiteindelik in linguistiese uitdrukkings.

3.2.2 METAFORIEK

Swanepoel & Schreuder (1991: 9) omskryf die sentrale uitgangspunt van kognitiewe metafoorteorieë (byvoorbeeld dié van Lakoff & Johnson 1980) soos volg:

"...metaforiek (is) 'n basiese kognitiewe proses... waarvolgens 'n moeilike, komplekse, abstrakte of minder bekende kennisdomein, die sogenaamde teikendomein, geïnterpreteer of verstaan word in terme van 'n minder komplekse, meer bekende of konkrete kennisdomein, die sogenaamde brondomein."

Die volgende diagram illustreer hierdie uitgangspunt:




DIAGRAM 1: TEIKENDOMEIN EN BRONDOMEIN

Ten einde 'n minder bekende kennisdomein (die domein van die vroulike geslagsdele) te beskryf, sal 'n spreker waarskynlik in 'n meer bekende, konkrete kennisdomein (die domein van eetbare voorwerpe) benut op grond van gemeenskaplike eienskappe tussen die twee domeine. Wanneer 'n manlike spreker dus na die vroulike geslagsdele verwys as 'n *pastei*, *guava* of *koek*, het hy die onbekende domein (die teikendomein) geïnterpreteer in terme van die meer bekende domein (die brondomein).

Waar aspekte van die seksuele benoem word, is dit dikwels die geval dat 'n **taboe kennisdomein geïnterpreteer en beskryf word in terme van 'n nie-taboe**

domein, onder andere omdat die terme van die nie-taboe domein as sosiaal meer aanvaarbaar (oftewel as ongemerk) beskou word. Die volgende diagram illustreer hierdie aanname:




DIAGRAM 2: TABOE DOMEIN EN NIE-TABOE DOMEIN

'n Persoon wat na die vroulike geslagsdele (taboe teikendomein) wil verwys, sal byvoorbeeld uit 'n nie-taboe brondomein (byvoorbeeld die domein van eetbare voorwerpe) gemeenskaplike eienskappe put ten einde na die vroulike geslagsdele te verwys. Dit kan ook wees dat die brondomein visueel meer bekend/alledaags as die teikendomein is, aangesien die teikendomein dikwels die interne liggaamsfisiologie van die mens is. Die vroulike geslagsdele is byvoorbeeld visueel redelik onopsigtelik en daarom word dikwels na die vroulike geslagsdele verwys in terme van 'n brondomein wat visueel sterker gedefinieer is (voorbeelde soos *guava*, *klapperhaartrekpleister* en *vertikale-glimlag-met-wolwange* is visueel beskrywend van die vroulike geslagsdele).

Swanepoel & Schreuder (1991: 17) toon aan dat die produktiwiteit van 'n metafoor bepaal word deur die hoeveelheid epistemologiese kennis wat van die brondomein na die teikendomein oorgedra word. In die metafoor DIE PENIS IS 'N PISTOOL word nie net die visuele aspek van die brondomein op die teikendomein geprojekteer nie, maar ook bepaalde pragmatiese en funksionele projeksies word geaktiveer. Vergelyk die volgende uitdrukkings:

- (1) *Hy het sy visier op haar ingestel* ("hy wil seks met haar hê")
- (2) *Hy mik te hoog* ("hy sal nie seks met haar kan hê nie")
- (3) *Hy lê oorgehaal op die bed vir haar en wag* ("hy het 'n ereksie")
- (4) *Hy skiet/skoot op haar maag* ("hy ejakuleer")
- (5) *Na drie ure by haar, moes hy eers gaan herlaai* ("hy moes herstel")
- (6) *Hulle gaan sy koeëls uitsny* ("hulle gaan sy testikels uitsny")
- (7) *Hy is sonder lood* ("hy is impotent/steriel")

Die feit dat 'n mens eers deur die visier van 'n geweer/pistool korrel alvorens daar op 'n teiken gevuur word, word in (1) en (2) op die teikendomein geprojekteer: die man het die vrou as teiken/slagoffer in die oog. Wanneer 'n mens 'n pistool oorhaal (3), is 'n mens gereed om die handeling te voltooi - met ander woorde om 'n skoot te skiet (4). Wanneer 'n mens herhaaldelik skote afgevuur het, moet 'n mens eers weer die pistool herlaai (5). In (6) en (7) word die afbeeldingsrelasie verder gevoer deur na die testikels te verwys as *koeëls* wat van *lood* gemaak is - 'n pistool sonder koeëls is nie veel werd nie, net soos wat 'n gekastreerde/steriele/impotente man nie veel seksuele impak het nie.

'n Verdere epistemologiese aspek van die metaforiese projeksies in DIE PENIS IS 'N PISTOOL wat onder die loep geneem moet word, is die feit dat die pistool 'n wapen is wat dikwels pyn veroorsaak. 'n Netwerk van ander metaforiese relasies waar die penis gekonseptualiseer word as iets wat pyn kan veroorsaak, word onmiddellik opgeroep. Vergelyk byvoorbeeld DIE PENIS IS 'N SLAANDING (*roede, sambok* en selfs *kierie* en *vleispyp*) en DIE PENIS IS 'N WAPEN (*pistool, tradisionele wapen* en *spies*). Dit blyk dus dat daar in terme van die Prototipeteorie 'n genus-spesie-relasie bestaan, met LIGGAAMSDELE IS INSTRUMENTE as die meer algemene metafoor (genus) en die ander (meer spesifieke) metafore as spesies.

Lakoff & Turner (1989: 80 en verder) onderskei ook tussen **generies konseptuele metafore (GKM's)** en spesifieke/**basisvlak konseptuele metafore (BKM's)**, waar die generiese vlak die meer algemene, ongespesifiseerde (hoërvlak-) skema is wat geïnstansieer word in die vorm van spesifieke (laervlak-) skemas. Swanepoel &

Schreuder (1991: 27) som die verskil tussen die twee vlakke soos volg op:

"...spesifieke metafore het 'n vaste ontologiese afbeelding terwyl generiese metafore die ontologiese afbeelding rig maar nie presies spesifiseer nie."

Die volgende diagram illustreer dié hiërargie:




DIAGRAM 3: GENERIESE VLAK EN BASISVLAK

In die generiese metafoor LIGGAAMSDELE IS INSTRUMENTE is sowel die LIGGAAMSDELE- as die INSTRUMENT-skema ondergespesifiseerd en bevat min detail. Daarenteen bevat die skemas van PENIS en WAPEN meer detail, met ander woorde die parameters van die generiese vlak (soos byvoorbeeld aspekte van die syn en kousale verhoudinge) word gespesifiseer (Lakoff & Turner 1989: 81).

Die meer abstrakte konseptuele metafore (op die generiese en basisvlak) word geïnstansieer deur taaluitdrukings (**metafories linguïstiese uitdrukings** - voortaan afgekort as **MU's**) (Swanepoel & Schreuder 1991: 10) wat gebaseer is op hierdie konseptuele metafore. Hierdie aannames kan geïllustreer word aan die hand van die metaforiese projeksies ten opsigte van *vroulike geslagsdele*:

GENERIESE KONSEPTUELE METAFOOR		
LIGGAAMSDELE IS LEWELOSE VOORWERPE		
BASISVLAK KONSEPTUELE METAFOOR		
DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N HOUER	DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N EETBARE VOORWERP	DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N VOERTUIG
METAFORIES LINGUISTIESE UITDRUKKINGS		
<i>doos</i> <i>enkelgleufbeursie</i>	<i>guava</i> <i>vrug</i> <i>koek</i> <i>pastei</i> <i>mossel</i> <i>oester</i> <i>furburger</i>	<i>vleiswa met wolwiele</i> <i>wa</i>

TABEL 1: VROULIKE GESLAGSDELE (METAFORIESE PROJEKSIES)

Betekenisuitbreiding vind dus plaas deurdat passings gemaak word tussen twee afsonderlike kennisdomeine wat ook bepaalde ontologiese eienskappe op generiese vlak deel. Sodanige passings kan egter slegs plaasvind indien die brondomein en die teikendomein genoeg kenmerke deel. Indurkhya (1992: 64) bevestig hierdie aanname:

"...juxtaposing any random domain may not result in any creation of similarity, and even when it does, the created similarities may not be particularly insightful ones, and even when they are, the insights may not be helpful in solving a certain problem with the target domain."

Met betrekking tot seksuele uitdrukkinge is daar hoofsaaklik twee soorte metaforiese passings tussen die brondomein en die teikendomein: **ooreenkomsskeppende metafore** ("similarity creating metaphors") en

ooreenkomsgebaseerde metafore ("similarity based metaphors") (Indurkhya 1992). Waar daar in ooreenkomskeppende metafore ooreenkomste geskep word tussen die brondomein en die teikendomein op grond van die hoeveelheid epistemologiese kennis wat oorgedra word, bestaan daar by ooreenkomsgebaseerde metafore reeds 'n sekere mate van ontologiese ooreenkoms tussen die brondomein en teikendomein (wat nie impliseer dat nuwe ooreenkomste nie ook daardeur geskep word nie). Hierdie verdeling kan aan die hand van seksuele uitdrukkings geëkspliseer word.

In ooreenkomsgebaseerde metafore soos *steek*, *naai*, *stoot*, *spring*, *dek* en *pomp* bestaan daar op generiese vlak reeds bepaalde ooreenkomste tussen die aksie van die seksdaad en die aksies wat verstaan word in die gekonvensionaliseerde betekenis van hierdie woorde. Vergelyk die onderstaande diagram vir *naai*:




DIAGRAM 4: OOREENKOMSGEBASEERDE METAFORE

Die geskakeerde gedeelte in die diagram dui op die ontologiese ooreenkoms tussen die seksdaad (teikendomein) en die handeling om naaiwerk met 'n

naaldwerkmasjien te doen (brondomein): albei handelinge het die verstekwaarde [+ iteratief] (vergelyk ook byvoorbeeld *pomp*). Die semantiese kategorie word dus uitgebrei deurdat bestaande eienskappe van die brondomein (soos deur die mens waargeneem) op die teikendomein gesuperponeer word.

Hierdie projeksies word meestal met sintuiglike waarneming in verband gebring: **die teikendomein lyk/ruik/proe/klink/voel soos die brondomein**. Baie van die uitdrukkings wat na sake binne die seksuele domein verwys, kan gesien word as ooreenkomsgebaseerde metafore. Vergelyk byvoorbeeld *mielie* ("penis"), *piesang* ("penis"), *wors* ("penis"), *pistool* ("penis"), *slymsloot* ("vroulike geslagsdele"), *vis* ("vroulike geslagsdele"), *enkelgleufbeursie* ("vroulike geslagsdele"), *tjopper vlieg* ("masturbeer - manlik"), *riemruk* ("masturbeer - manlik"), *horing* ("ereksie"), *klokke* ("testikels"), *eiers* ("testikels"), ensovoorts. Dit is dus veral die attribuutstruktuur van die een domein wat geprojekteer word op die ander domein (Lakoff & Turner 1989: 90): 'n penis het dieselfde fisiese vorm as 'n mielie/piesang/wors; die vroulike geslagsdele het dieselfde reuk as vis, ensovoorts.

By ooreenkomsskeppende metafore word daar nuwe ooreenkomste bewerkstellig tussen twee kennisdomeine waartussen daar nie voorheen ooglopende ooreenkomste bestaan het nie. Die oordra van sekere ontologiese kenmerke van die een domein op die ander domein skep dus as't ware nuwe betekenis binne daardie domein. Vergelyk die onderstaande diagram:




DIAGRAM 5: OOREENKOMSSKEPPENDE METAFORE

In DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N VOERTUIG word daar byvoorbeeld nuwe kenmerke op die teikendomein oorgedra wat nie intrinsiek of konvensioneel is nie. Later sal aangetoon word dat sodanige passings gemotiveer kan word op grond van die algemene kategoriserings- en konseptualiseringsprosesse van die mens (vergelyk 3.3.1). Talle voorbeelde van seksuele uitdrukkings as ooreenkomsskeppende metafore is opgeteken: *voël* ("penis"), *meneer* ("penis"), *leeu* ("vroulike geslagsdele"), *koek* ("vroulike geslagsdele"), *pastei* ("vroulike geslagsdele"), *vrug* ("vroulike geslagsdele"), *wiks* ("seksuele omgang hê"), *pakgee* ("seksuele omgang hê"), *uithelp* ("seksuele omgang hê"), ensovoorts. Ten opsigte van die attribuutstrukture van byvoorbeeld die vroulike geslagsdele en 'n leeu is daar nie duidelike ooreenkomste nie. Deur die metaforiese projeksies word nuwe ooreenkomste dus geskep: die vroulike geslagsdele word as 'n gevaarlike dier gesien.

Die verdeling tussen ooreenkomsskeppende en ooreenkomsgebaseerde metafore moet egter nie as absoluut gesien word nie. Die projeksies tussen domeine kan soms ooreenkomsgebaseerd sowel as ooreenkomsskeppend wees. Vergelyk byvoorbeeld *guava* ("vroulike geslagsdele") wat deur twee BKM's onderlê word, naamlik: DIE VROULIKE GESLAGSDELE LYK SOOS 'N KOEJAWEL (ooreenkomsgebaseerde BKM) en DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N EETBARE VRUG (ooreenkomsskeppende BKM). Die volgende seksuele uitdrukkings het ook twee onderliggende BKM's:

UITDRUKKING	OOREENKOMSGEBASEERDE BKM	OOREENKOMSSKEPPENDE BKM
<i>slang</i>	DIE PENIS LYK SOOS 'N SLANG	DIE PENIS FUNKSIONEER SOOS 'N SLANG
<i>kierie</i>	DIE PENIS LYK SOOS 'N KIERIE	DIE PENIS TREE OP SOOS 'N KIERIE
<i>sambok</i>	DIE PENIS LYK SOOS 'N SAMBOK	DIE PENIS FUNKSIONEER SOOS 'N SAMBOK
<i>vis</i>	DIE VROULIKE GESLAGSDELE RUIK SOOS VIS	DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N EETBARE VIS

TABEL 2: OOREENKOMSGEBASEERD vs. OOREENKOMSSKEPPEND

Binne bepaalde sintakties-pragmatiese kontekste sou 'n mens kon agterkom watter BKM geaktiveer is. In die uitdrukking: *Hy het haar bygekom met sy kierie*, is dit waarskynlik die BKM: DIE PENIS IS 'N SLAANDING wat aktief is, eerder as die BKM: DIE PENIS LYK SOOS 'N KIERIE. Aangesien *vis* ("vroulike geslagsdele") dikwels gebruik word om weersin uit te druk, is die mees aktiewe BKM gewoonlik DIE VROULIKE GESLAGSDELE RUIK SOOS VIS.

Opsommend sou daar gesê kon word dat metaforiek 'n produktiewe kognitiewe meganisme binne die seksuele leksikon is, waar 'n taboe kennisdomein dikwels in terme van 'n nie-taboe kennisdomein geïnterpreteer word. Sodanige metaforiese passings kan óf ooreenkomsgebaseerd óf ooreenkomsskeppend wees.

3.2.3 METONIMIE

Metonimie en metaforiek word dikwels in die literatuur hand aan hand bespreek (vergelyk onder andere Dirven 1991, Lakoff 1987, Lakoff & Johnson 1980, Mac Cormac 1985, Taylor 1989). Die rede is waarskynlik omdat dié twee kognitiewe meganismes die volgende ooreenkomste toon (volgens Swanepoel & Schreuder 1991: 29):

- ↳ Albei is konseptueel van aard.
- ↳ Albei het te doen met afbeeldings.
- ↳ Albei kan deel word van die konseptuele sisteem wat die mens elke dag benut en kan dus sodoende gekonvensionaliseer raak.
- ↳ Albei dra by tot die uitbreiding van taalkundige kategorieë.

'n Belangrike kenmerk van metonimie is dat een konsep kognitief meer prominent en meer funksioneel binne 'n bepaalde konteks is as wat 'n ander konsep is (Langacker 1991: 193). Die een konsep word dan in terme van die ander konsep uitgedruk. Die motiverende skakel tussen die twee konsepte is 'n relasie, byvoorbeeld: DEEL-GEHEEL, GEHEEL-DEEL, VERVAARDIGER-PRODUK, PLEK-GEBEURTENIS, ensovoorts.

Volgens Lakoff (1987: 78) is hierdie verhouding egter nie eenvoudig definieerbaar nie. Hy beweer dat hierdie "staan vir"-verhouding slegs kan voorkom binne een ICM waar daar ten minste 'n gedeelde kontekstuele en konseptuele agtergrond bestaan (Lakoff 1987: 78). Metonimiese skakels ekspliseer dus slegs 'n bepaalde relasie (byvoorbeeld DEEL-GEHEEL, GEHEEL-DEEL, HOUER-INHOUD, ensovoorts) wat reeds binne daardie domein bestaan. Carstens (1992: 115) sluit dus by Langacker en Lakoff aan as sy daarop wys dat die metonimiese oordrag pragmaties-konseptueel gemotiveerd moet wees.

Lakoff (1987: 84-85) karakteriseer die metonimiese proses as volg:

- ↳ 'n Teikenkonsep A kan geïdentifiseer word wat vir die een of ander doel binne 'n bepaalde konteks verstaan moet word (byvoorbeeld *meisies* in *Waar is die poese?* ("waar is die meisies?"))
- ↳ Daar is 'n konseptuele domein (die vrou as seksobjek) wat konsep A (*meisies*) sowel as konsep B (*poese*) bevat.
- ↳ Binne hierdie konseptuele domein is B óf deel van A óf word dit geassosieer met A (In genoemde voorbeeld is konsep B (*poese*) deel van konsep A (*meisies*)); met ander woorde B impliseer noodwendig A.
- ↳ Konsep B is gewoonlik kognitief meer prominent as konsep A - dit is met ander woorde makliker om te verstaan, makliker om te onthou, makliker om te herken of makliker om te gebruik binne die bepaalde situasie. (Binne die konteks waar hierdie uitdrukking waarskynlik sal voorkom, is dit gewoon meer gemeensaam/aanvaarbaar om te gebruik. Die klem val hier ook sterk op die vrou as seksobjek en daarom is die gebruik van *poese* vir *meisies* ook konseptueel gemotiveerd.)
- ↳ 'n Metonimiese model is dus 'n model waarin die verhouding binne die konseptuele sisteem tussen A en B aangetoon word. Die verhouding word gespesifiseer deur 'n funksie van B na A (in hierdie geval DEEL-GEHEEL).

Wanneer 'n man dus na 'n meisie verwys as 'n *kwas* in: *Ek sien hy het sy kwas saamgebring*, is *kwas* pragmaties gemotiveer deurdat die spreker neerhalend na die meisie wil verwys. Die feit dat die geslagsdele van die vrou in hierdie uitdrukking kognitief meer prominent gemaak word as die vrou self, dui daarop

dat die vrou gekonseptualiseer word as 'n seksobjek. Haar ander hoedanighede (as vrou, as metgesel, as vriend, ensovoorts) word dus negeer.

Die metonimiese gebruik van seksuele uitdrukkings wat na vroulike geslagsdele verwys, kom dikwels in vokatiefkonstruksies voor. In die uitdrukking: *Hei Doos, wat maak jy?*, is daar 'n DEEL-GEHEEL relasie, waar die DEEL (vroulike geslagsdele) staan vir die GEHEEL (persoon). Die feit dat hierdie vokatiefkonstruksie dikwels pejoriserend ten opsigte van 'n man gebruik word, gaan terug op die gestereotipeerde persepsies binne daardie gemeenskap (vergelyk 3.3.2). Dit is binne die manskoshuigemeenskap aan die Universiteit van Pretoria (en waarskynlik elders) degraderend om iemand in terme van die vroulike geslagsdele aan te spreek. Daarom word ook die volgende vokatiefkonstruksies as sterk beledigings ervaar:

(8) *Jou doos/poes/kont/parra/klit/moer/kontkop/poesgesig!*⁶

Vokatiewe wat met manlike geslagsdele verband hou, tree daarenteen dikwels melioriserend of skertsend op (vergelyk ook Allan 1990: 165-173):

(9) *Jou pielgesig/pielneus/voëlkop/balsak/totterpielietjie!*

In feministiese kringe word die voorbeelde in (9) egter toenemend pejoriserend gebruik. Hierin moet 'n moontlike omkering van stereotipiese persepsies gesien word (vergelyk 3.3.3.2).

Metonimie verrig dus nie net 'n referensiële funksie binne die seksuele domein nie, maar blyk een van die belangrikste beginsels te wees met behulp waarvan die mens werklikheidservarings begryp, struktureer en evalueer (Carstens 1993: 1).

⁶ Dit is meestal leksikale items waarvan die betekenisonderskeiding "vroulike geslagsdele" sterk geïnstusionaliseer is, wat in hierdie vokatiefkonstruksies optree. Leksikale items waarvan die metaforiese projeksies nog redelik duidelik/sigbaar is, tree gewoonlik nie as vokatief op nie. Vergelyk byvoorbeeld: **Jou guava/pastei/mossel/enkelgleufbeursie!*.

3.3 KONSEPTUALISERING EN STEREOTIPERING

In 3.2 is gewys op die rol wat veral metaforiek (en in 'n mindere mate ook metonimie) speel in betekenisuitbreiding binne die seksuele leksikon. Vervolgens word gepoog om Jackendoff (1983: 3) se tweede vraag te beantwoord, naamlik:

- **Watter afleidings oor konseptualisering en kategorisering kan gemaak word vanuit die grammatiese en leksikale struktuur van natuurlike taalgebruik?**

Hier moet dus afleidings gemaak word oor die struktuur van kognitiewe kategoriserings- en konseptualiseringsmodelle soos dit gerealiseer word in natuurlike taalgebruik. In hierdie studie word nie gesoek na universele modelle nie, maar wel na die modelle in spesifieke subkulture. Ook word daar nie op taalgebruik in die algemeen gefokus nie, maar slegs op die gebruik van seksuele uitdrukkings. Die "van-onder-na-bo"-beskrywingsmetode wat gevolg word, word geregverdig deur die volgende beskouing van Swanepoel & Schreuder (1991: 11):

"Gegee dat konseptuele metafore in metafories linguistiese uitdrukkings gerealiseer word, kan taal (en in die besonder dan MU's) as bron dien om die inhoud en struktuur van die konsepte te ondersoek wat ons kennisdomeine konstitueer."

Die klem val hier op veral metaforiese projeksies en hoe sodanige strukture bepaalde stereotipes in die manskoshuisgemeenskap aan die Universiteit van Pretoria bestendig. Daar sal ook aangetoon word hoe hierdie stereotipes verskil van dié in manlike gaygemeenskappe in Pretoria en dié van sommige vroulike studente aan die Universiteit van Pretoria.

3.3.1 KONSEPTUELE METAFORE EN KULTURELE WAARDES

Lakoff & Johnson (1980: 3) gaan van die standpunt uit dat die mens oor 'n konseptuele sisteem beskik wat deel is van die denke en die intellek. Hierdie konseptuele sisteem gee struktuur aan die ervarings, waarnemings en persepsies

van die individu in die alledaagse lewe; dit speel dus 'n belangrike rol in die definiëring van die realiteit. Aangesien die mens se optrede en aktiwiteite meestal outomaties en onbewus plaasvind, is hy/sy nie altyd bewus van die werking van die konseptuele sisteem nie. Een manier om hierdie konseptuele sisteem te definieer, is om taal te bestudeer.

Lakoff en Johnson (1980:6) gaan verder van die standpunt uit dat die metafoor nie net tot die taal behoort nie, maar dat dit deel is van die menslike denke en aktiwiteite. Derhalwe beweer hulle dat die konseptuele sisteem en denkprosesse van die mens intrinsiek metafories van aard is. Deur die bestudering van die metafoor en die werking van die metafoor, kan 'n mens dus insig kry in die metaforiese aard van menslike denke en aktiwiteite.

Hulle toon ook aan dat die mees fundamentele waardes in 'n kultuur in ooreenstemming met die mees fundamentele konsepte van 'n kultuur sal wees (Lakoff & Johnson 1980: 22). 'n Ontleding van die onderliggende metafore in 'n kultuur kan dus enersyds 'n basis vir die ontleding van die kultuurwaardes self word, maar andersyds ook as middel om kulturele subgroepe in terme van hierdie waardes te onderskei en te identifiseer (Swanepoel & Schreuder 1991: 31).

3.3.2 GESLAGSROLSTEREOTIPERING EN TAALSEKSISME

Lakoff & Johnson (1980) se teorie oor kategorisering sluit aan by Kohlberg (1966) wat daarop wys dat die vorming van stereotipes 'n proses van "veralgemenende" kategorisering verteenwoordig - al die lede van 'n bepaalde klas word gekategoriseer in terme van die werklike of vermeende kenmerke van 'n spesifieke subgroep (Safarjan 1980: 31).

Volgens Safarjan (1980: 31-32) is Kohlberg se kognitiewe-ontwikkelingshipotese die enigste ontwikkelingsteorie wat op die vorming van geslagsrolstereotipes fokus. Geslagsrolstereotipes word gesien as:

"...an adaptive cognitive mechanism for partitioning or ordering wide diversity in social or physical objects into a relatively small number of large and internally similar classes. The sex stereotypes thus have their roots in early cognitive development."
(Safarjan 1980:31-32).

Hoewel Kohlberg die sosiokulturele invloed op die vorming van hierdie geslagsrolstereotipes as minimaal reken, dui die teorieë van Lakoff en Johnson daarop dat sodanige invloed wel 'n rol moet speel. Aangesien die vorming van geslagsrolstereotipes gebaseer word op die kind se persepsies van sy/haar onmiddellike omgewing, sal die sosiale orde en kulturele konvensies binne die betrokke gemeenskap noodwendig 'n invloed uitoefen op die vorming van stereotipes - 'n siening wat in stryd is met ekstreme Whorfianisme. Hierdie siening word deur Lyons (1981: 303) gesubstansieer:

"(E)ven if there is a genetically transmitted language-faculty, this cannot result in the acquisition and knowledge of a language unless the data upon which the language-faculty operates are supplied by the society in which the child is growing up..."

'n Kind wat byvoorbeeld grootword in 'n huis waar die vrou en moeder 'n ondergeskikte, minderwaardige en dienende rol speel, sal die prototipiese vrou waarskynlik sien as ondergeskik, onderdanig en minderwaardig.

Lakoff (1987) gee heelwat aandag aan sosiale stereotipes. Hy toon aan dat sosiale stereotipes voorbeelde is van metonimieë waar 'n subkategorie in die plek staan van die kategorie as geheel ten einde kitsoordele te vel. Wanneer 'n man byvoorbeeld sê: *Piet is by sy stoot* ("Piet is by sy meisie"), word die meisie deur middel van 'n metonimiese oordrag gestereotipeer in terme van haar funksie as seksobjek. Aangesien sosiale stereotipes kulturele verwagtinge definieer en prototipiese kenmerke tot stand bring, word dit dikwels gedurende argumentering gebruik om lukraak gevolgtrekkings te maak. Lakoff (1987: 85) toon egter aan dat stereotipes dikwels nie baie akkuraat is nie en suggereer dat die gebruik daarvan (in byvoorbeeld argumentering) teëgestaan moet word.

Aangesien geslagsrolstereotipes bepaalde psigologiese eienskappe en gedragpatrone aan die individu toesê op grond van geslag (bv. DIE VROU IS 'N

SWAKKELING en DIE VROU IS INTELLEKTUEEL ONDERONTWIKKELD), lei dit tot veralgemening. Sodanige veralgemening kan verder lei tot diskriminering teen die individu op grond van sy/haar geslag - 'n fenomeen wat as seksisme bekend staan.

Jary & Jary (1991: 563) definieer seksisme as:

"Any attitudes and actions which overtly and covertly discriminate against women or men on the ground of their sex or gender. (Also) any devaluation or denigration of women or men, but particularly women, which is embodied in institutions and social relationships, e.g. the sexist use of language such as the male personal pronoun, 'he', to refer to men and women."

In aansluiting hierby, sê Spender (1980: 30) dat daar bewys is dat taalseksisme 'n refleksie is van seksisme in die sosiale omgewing en dat die taal nie sal verander alvorens die sosiale norme verander nie. Voorts word van die standpunt uitgegaan dat:

"Language is a cultural artifact which has been invented by human beings; because males have primarily been responsible for the production of cultural forms and images, it would be surprising if language were to be an exception." (Spender 1980: 31).

Daar sal later aangetoon word dat alternatiewe ideologieë (veral die feminisme) en alternatiewe lewenswyses (byvoorbeeld in gaygemeenskappe) alreeds 'n invloed uitgeoefen het op die verandering van bepaalde taalpatrone (vergeelyk 3.3.3).

'n Ontleding van seksuele metafore in 'n bepaalde subkultuur (in hierdie geval Afrikaanssprekende manstudente aan die Universiteit van Pretoria) sou kon aantoon dat taal uitdrukking gee aan die gesindhede, verwagtinge en waardes van daardie besondere subkultuur.

'n Ontleding van metafore vir die seksdaad kan as basis dien om bogenoemde stelling te verifieer. Vergelyk die volgende MU's wat gebaseer is op die BKM: OM SEKSUELE ONGANG TE HÊ, IS OM TE PLOEG:

GENERIESE KONSEPTUELE METAFOR
'n Daad is 'n ekonomiese bedryf
BASISVLAK KONSEPTUELE METAFOR
Seksuele omgang is boerdery
BASISVLAK KONSEPTUELE METAFOR⁷
Om seksuele omgang te hê, is om te ploeg
METAFORIES LINGUISTIESE UITDRUKKING
<i>bewerk</i> ("seksuele omgang hê") <i>ploeg diep en saai op die walle</i> ("coitus interruptus") <i>twee duim turf en dan slaan jy die rooigrond</i> ("seks met 'n swart vrou") <i>morge en morge ongeploegde vars plaaspoes</i> ("maagde")

TABEL 3: SEKSUELE ONGANG (METAFORIESE PROJEKSIES)

"Om te ploeg" is 'n tradisioneel manlike aktiwiteit wat gesetel is in die boerderybedryf. Die boerderybedryf kan opsigself gesien word as 'n bedryf wat (in Westerse kulture) tradisioneel oorheers word deur mans en stereotipies gesien word as 'n bron van manlike chauvinisme. Wanneer daar geploeg word, word die grond (wat dikwels met die vroulike geassosieer word - vergelyk "Moeder Aarde") as't ware deur die man gemanipuleer, verwerk en benut. Tradisioneel word dit ook gesien as die man se plig om die grond te bewerk (vergelyk die Bybelse voorskrif in Genesis 3: 17-19). 'n Persoon wat vir die eerste keer met die ervaring van "coitus interruptus" te doen kry, sal byvoorbeeld put uit sy/haar liggaamlike ervarings wat ooreenstem met die genoemde verskynsel. Aangesien

⁷ Daar word onderskei tussen daad- en saakmetafore, aangesien verskillende grammatikale kategorieë nie sonder meer saam kan funksioneer nie.

die man die vrou stereotipies sien as 'n stuk grond wat bewerk moet word, sal die man byvoorbeeld 'n uitdrukking gebruik soos *ploeg diep en saai op die walle* ("coitus interruptus"). Hierdie uitdrukking is gebaseer op die man se ervaring dat om te ploeg en dan langs die ploegvoor saad te saai, 'n futiele en onvrugbare aksie is. Die spreker het nie noodwendig fisiese ervaring binne die landbou bedryf nie, maar kan put uit gekonvensionaliseerde beelde (soos byvoorbeeld die beeld van die saaiër in die Bybel) en kollektiewe kennis.

De Stadler (1992a: 132) toon aan dat semantiese rolprototipes die mens se ervaring as 'n beweeglike wese (wat die wêreld om hom/haar kan ervaar en objekte in hierdie wêreld kan manipuleer) weerspieël. Binne die raamwerk van die rolsemantiek kan daar op grond van die ontleding van bogenoemde uitdrukkings onderskei word tussen "die man as agent/instrument" en "die vrou as pasiënt/ervaarder/begunstigde". Na aanleiding van De Stadler (1992b: 191 en verder) se kenmerkkanalises sou die volgende verstekwaardes geponeer kon word om die **stereotipiese** man en vrou te karakteriseer:

GESLAGTE	
Manlik	Vroulik
SEMANTIESE ROLLE	
Agent	Pasiënt
STEREOTIPIESE KENMERKE	
+ lewend	- lewend
+ wil	- wil
+ kousatief	- kousatief

TABEL 4: SEMANTIESE ROLLE

'n Aantal MU's vir die geslagsdaad ondersteun duidelik hierdie gestereotipeerde roltoekenning en suggereer ook dat stereotipering teruggevoer kan word na duidelik gedefinieerde kognitiewe skemas by mans (in hierdie geval 'n subgroep van die manlike geslag).

GESLAGSROLSTEREOTIPE
Die vrou is 'n passiewe, lewelose gebruiksvorwerp
GENERIESE KONSEPTUELE METAFOR
Liggaamsdele is lewelose voorwerpe
BASISVLAK KONSEPTUELE METAFOR
Die vroulike geslagsdele is 'n stuk hout
BASISVLAK KONSEPTUELE METAFOR
Om seksuele omgang te hê, is om houtwerk te doen
METAFORIES LINGUISTIESE UITDRUKKING
<i>Saag</i>
<i>Spyker</i>
<i>Brand</i>

TABEL 5: GESLAGSROLSTEREOTIPES (SEKSUELE ONGANG)

Uit hierdie voorbeelde blyk die **persepsie** dat die vroulike liggaam 'n voorwerp is wat deur die man gemanipuleer kan word. Die man word telkens voorgehou as die aktiewe party gedurende die seksdaad, wat in beheer bly van die situasie -

vergeelyk ook *spring, dek* en *vaslé*. Daar is ook moontlike implikasies van pyn vir die vrou - vergeelyk *steek, stamp, brand, spyker, saag* asook *pakgee, naai, skrop* en *omloop*. Desnieteenstaande word die man steeds gesien as die persoon wat die vrou 'n guns bewys - vergeelyk *uithelp*.

Vroeër (vergeelyk 3.2.2) is ook aangetoon dat die penis dikwels metafories verbeeld word as 'n instrument wat direk kousaal by die handeling betrokke is (vergeelyk byvoorbeeld *pistool, roede, spies* en *sambok*), terwyl die vroulike geslagsdele as 'n passiewe gebruiksvoorwerp bestendig word (soos in *doos, enkelgleufbeursie, koek*, ensovoorts).

Uit bogenoemde ontledings en voorbeelde blyk dit dus dat die vrou en die vroulike geslagsorgane gewoonlik semanties die rol van pasiënt beklee en dus nie kousaal by die handeling betrokke is nie. Uit 'n ontleding van seksuele metafore rondom die manlike geslagsorgane, blyk dit dat die man en die manlike geslagsorgane semanties gewoonlik die rol van agent of instrument beklee en dus kousaal betrokke is. Uit hierdie afleidings sou die volgende metaforiese stereotipes wat volgens die persepsies van mans bestaan, geponeer kon word:

- **DIE VROU IS 'N VERBRUIKBARE ENTITEIT**
- **DIE VROU IS 'N PASSIEWE, LEWELOSE GEBRUIKSVORWERP**
- **DIE MAN IS 'N AKTIEWE, LEWENDE VERBRUIKER**
- **DIE MAN IS 'N GEVAARLIKE INSTRUMENT**

Aangesien die data hoofsaaklik opgeteken is in 'n redelik homogene subkultuurgroep (manskoshuisinwoners aan die Universiteit van Pretoria), kan daar verwag word dat hierdie stereotipes in 'n sterk vorm daar aangetref sal word. Dit impliseer egter nie dat hierdie persepsies in alle gemeenskappe bestaan nie. Ander stereotipes behoort te ontwikkel en te bestaan in andersoortige subkultuurgroepe. Dit is veral in gaygemeenskappe en in gemeenskappe waar die feminisme 'n beduidende invloed uitoefen, waar aantoonbare konseptuele verskille waargeneem is.

3.3.3 KONSEPTUELE VERSKILLE

3.3.3.1 GAYGEMEENSKAPPE

Aangesien die persepsies rondom die geslagsrolle van mans en vrouens in gaygemeenskappe waarskynlik heelwat verskil van dié in heteroseksuele gemeenskappe⁸, kan daar verwag word dat hierdie verskille neerslag sal vind in die leksikon. 'n Beskrywing van die gayleksikon kan dus moontlik lig werp op die konseptualisering van die geslagsrolle in gaygemeenskappe. Die fokus is hier egter nie net op seksuele uitdrukkings nie, maar ook op ander leksikale items wat konseptualiseringsbeginsels kan toelig.

Een van die belangrikste aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer die gayleksikon beskryf word, is die feit dat gaygemeenskappe tot 'n groot mate gemarginaliseer is in die Suid-Afrikaanse sosiale orde. Van Rensburg (1985: 2) beskryf homoseksualiteit byvoorbeeld as "onnatuurlik en pervers". Soos verder in hierdie studie aangetoon word (vergelyk 4.2.4.2.2), dra hierdie sosiale stigmatisering by tot die bestending van 'n tipe geheimtaal in gaygemeenskappe.

Een van die voor die hand liggendste sosiale verskille tussen manlike gaygemeenskappe en manlike heteroseksuele gemeenskappe, is die afwesigheid van **vrouens as seksuele objekte** in eersgenoemde en die aanwesigheid van vrouens in laasgenoemde. Die aversie jeens vrouens as potensiële seksgenote in manlike gaygemeenskappe blyk uit sterk pejoratiewe ooreenkomsgebaseerde metafore soos *vis* ("vrou") en *slymsloot* ("vrou"). Hierdie leksikale items word metonimies gebruik en weerspieël 'n DEEL-GEHEEL verhouding: die DEEL (*vis* en *slymsloot*) staan vir die GEHEEL *vrou*.

Die "afwesigheid" van vroue word ook gereflekteer in die (ironiese) benaminge vir manlike geslagsdele. In gaygemeenskappe word dikwels na die manlike geslagsdele verwys as *koek*, *fanny* (vergelyk byvoorbeeld *Hy het sy fanny deur*

⁸ *Heteroseksueel* word hier gebruik teenoor *gay*.

die Jik gesleep ("hy het gebad")) en *poes* (in *hy is poesbedroef* ("hy verlang na sy geliefde")). Dieselfde benaminge word dikwels in heteroseksuele gemeenskappe gebruik om na die vroulike geslagsdele te verwys.

Die feit dat die vrou (vroulike geslagsdele) in die heteroseksuele gemeenskap as 'n eetbare voorwerp beoordeel word, maar dat die man (manlike geslagsdele) in gaygemeenskappe as eetbare voorwerpe beskou word, dien as verdere versterking van die aanname. Vergelyk byvoorbeeld *dish* ("aantreklike man"), *lunch* ("penis") en *tjoklitblokkies* ("gespiede maag"). Uit hierdie data sou 'n mens die afleiding kon maak dat mans (heteroseksueel én gay) se persepsies van hul seksgenote gebou word op die BKM: SEKSGENOTE IS EETBARE VOORWERPE. Dieselfde BKM word egter nie aktief deur vroue gebruik nie.

'n Ander belangrike aspek van die konseptuele domein in gaygemeenskappe, is dat 'n tradisioneel vroulike leefwêreld in die verwysingswêreld betrek word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende uitdrukkings:

UITDRUKKING	VROULIKE DOMEIN
<i>Jy kan wortels rasper op sy maag</i> ("hy het 'n gespiede maag")	Kookkuns
<i>Jy kan jou wasgoed doen op sy maag</i> ("hy het 'n gespiede maag")	Wasgoed was
<i>Jy breek jou dream nails vir hom</i> ("jy doen baie om hom te behou")	Skoonheidsorg
<i>Hy het sy poppe uit die pram gebliksem</i> ("hy het hom vererg")	Popspeel

TABEL 6: VROULIKE DOMEINE IN GAYLESIKON

Daarenteen word in die heteroseksuele gemeenskap meestal 'n tradisioneel manlike verwysingswêreld betrek. So byvoorbeeld word daar in die uitdrukking *ploeg diep en saai op die walle* ("coitus interruptus") metaforiese passings gemaak op die boerderybedryf - tradisioneel 'n tipies manlike leefwêreld (vergelyk tabel 3).

Hiermee hang 'n omgekeerde anaforiese verwysingsstelsel saam: daar word dikwels na 'n manlike persoon anafories verwys met behulp van die vroulike voornaamwoorde *sy/haar*:

(10) *Sy is pris* ("hy is konserwatief")

(11) *Haar wange hang soos teatergordyne* ("hy is moeg")

Dit word verder uitgebrei deur na 'n man te verwys in terme van tradisionele vroulike rolle:

(12) *Ek weet van 'n vrou wat jou lyf soek* ("ek weet van 'n man wat verlief is op jou")

(13) *Sy is 'n regte queen* ("hy is 'n verwyfde man")

(14) *Kom meisies!* ("kom ouens!")

(15) *Sy is 'n regte slet* ("hy is 'n onaangename persoon")

In die gayleksikon word ook 'n groot aantal vrouename gebruik om na konkrete voorwerpe of ander sake in die werklikheid te verwys:

(16) *Hier kom 'n Priscilla* ("hier kom 'n polisieman")

(17) *Hierdie plek bonny my* ("hierdie plek verveel my")

(18) *Dit was 'n hilda partytjie* ("dit was 'n snaakse partytjie")

(19) *Ek wil gou vir Elana gaan water gee* ("ek wil gaan urineer")

Uit hierdie voorbeelde blyk die prominensie van die vroulike leefwêreld duidelik in van die gaygemeenskappe in Pretoria. 'n GKM soos 'N MAN IS 'N VROU blyk onderliggend te wees aan baie van hierdie uitdrukkings. Metaforiese passings word gemaak tussen twee domeine wat in heteroseksuele terme niks gemeen het nie; trouens, die twee domeine word dikwels as teenoorgesteldes beskou. Die heteroseksuele persoon sal dus die meeste van hierdie metafore beskou as

suiwer ooreenkomsskeppend. 'n Gay persoon, daarenteen, sal baie van die uitdrukkings waarskynlik ervaar as ooreenkomsgestreepte metafore.

Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n man (heteroseksueel óf gay) sy seksgenoot as 'n lewelose voorwerp of 'n eetbare entiteit konseptualiseer. Een van die belangrikste verskille tussen heteroseksuele en gay mans is egter die GKM: 'N MAN IS 'N VROU wat in gaygemeenskappe aanwesig is. Op grond van hierdie GKM word andersoortige stereotipes dus in gaygemeenskappe bestendig.

3.3.3.2 FEMINISME

Sedert die ontwikkeling en popularisering van die feminisme sedert die sestigerjare, is daar baie geskryf oor die verband tussen taal en geslag en oor vorme van taalseksisme (vergelyk onder andere Key 1975, Lakoff 1990, Miller & Swift 1977 en Thorne & Henley 1975). Algemeen beskou, is die feminisme 'n reaksie op diskriminasie teen die vrou. Die feminisme poog om sosiale (én by implikasie ook talige) **stereotipering** te beveg. Hier word die aanname gemaak dat stereotipes moeilik verander word aangesien sosiale stereotipes ingebed is in sosiale strukture. Aangesien dit nodig is om bestaande kognitiewe strukture as't ware uit te wis, is sterk insette van die heersende kultuur nodig om stereotipes te verander.

Die hipotese word hier gestel dat die feminisme (as sosiokulturele beweging) 'n "korrektiewe" invloed het op die konseptuele kategoriseringsisteme in veral Westerse gemeenskappe. Dít oefen weer 'n invloed uit op die realisering van talige uitdrukkings, wat weer 'n invloed uitoefen op die kognitiewe sisteem, ensovoorts. Hierdie hipotese strook met die volgende bewering van Mac Cormac (1985: 157):

"Metaphor is primarily a cognitive process originating in the creative process of juxtaposing referents found in the long-term memory and presenting them in linguistic forms. This linguistic presentation, however, changes culture by changing the ways in which we think about such things as scientific problems, human experience, and the educational process... (A)s a creative cognitive device, metaphor may play a special role in an evolutionary epistemology."

Deur die bestudering van seksuele uitdrukkings in manlike gemeenskappe sou 'n mens moontlik kon aantoon dat die feminisme reeds in daardie gemeenskappe 'n invloed gehad het op die stereotipes en persepsies rondom vroue.

In die data wat bestudeer is (verkry van manstudeerders aan die Universiteit van Pretoria), het dit duidelik geblyk dat tradisionele stereotipes steeds baie aktief is. Slegs een uitdrukking kon gevind word wat **moontlik** 'n refleksie kan wees van die invloed van die feminisme, te wete *leeu* ("vroulike geslagsdele"). In hierdie uitdrukking word die gestereotipeerde beskouing van die vrou as gebruiksvoorwerp laat vaar in ruil vir die BKM: DIE VROULIKE GESLAGSDELE IS 'N GEVAARLIKE DIER. Geen ander soortgelyke metafore is opgeteken in dié gemeenskap nie.

Tog is daar terreine waar die gebruik van metafore wel dui op veranderende stereotipes. In die taalgebruik van uitgesproke feministe is die tendens waargeneem dat verwysings na die manlike geslagsdele doelbewus gebruik word as vokatiewe en pejoratief prediserende uitdrukkings. Vergelyk byvoorbeeld:

(20) *Jou piel, wat maak jy?*

(21) *Daai ou is 'n regte voël!*

(22) *Eina, tril!*

Dit kan gesien word as 'n direkte reaksie teen die gekonvensionaliseerde pejoratiewe gebruik van leksikale items wat na aspekte van die vroulike geslagsdele verwys (vergelyk 3.2.3).

In die letterkunde is die gebruik van kreatiewe metafore vanselfsprekend en voor die hand liggend. 'n Mens sou dus kon verwag om nuwe linguistiese metafore en selfs nuwe konseptuele metafore in literêre werke aan te tref. Die volgende voorbeelde uit die werk van André P. Brink het dié hipotese bevestig:

(23) *"...die gulsige snawel wat my verorber het."* (Brink 1993: 57)

(24) *"Lateraan het ek hom weer gemelk..."* (Brink 1982: 17)

(25) *"...sagte blare van die sluimerende roos..."* (Brink 1967: 114)

In (23) word 'n opvallende omkering van 'n gekonvensionaliseerde uitdrukking aangetref. *Voël* word gewoonlik in die omgangstaal gebruik om na die manlike geslagsdele te verwys, terwyl Brink hier die metafoor omkeer en na die vroulike geslagsdele verwys in terme van dele van 'n voël. Boonop is die "voël" hier 'n aktiewe agent wat die man verorber. Ook in (24) word die vrou die aktiewe agent, terwyl die man passief "gemelk" word soos 'n koei. Hoewel 'n roos 'n passiewe voorwerp is wat deur die man gepluk kan word, beskryf Brink die vroulike geslagsdele in (25) as iets sags, iets kosbaars. Dit is dus nie 'n alledaagse gebruiksvoorwerp nie, maar iets wat deur die man gekoester en bewaar moet word.

Uit die data blyk dit dus duidelik dat sommige skrywers van literêre werke en uitgesproke feministe doelbewus poog om 'n verandering in die geslagsrolstereotipes rondom die vrou te bewerkstellig. Deur metafore te gebruik wat nie op die gekonvensionaliseerde patroon pas nie, word nuwe BKM's geskep.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n antwoord te bied op die volgende twee vrae:

- ↳ Wat is die aard van natuurlike taalgebruik met behulp waarvan die mens kan praat oor waarnemings en ervarings?
- ↳ Watter afleidings kan oor konseptualisering en kategorisering gemaak word op grond van die grammatiese en leksikale struktuur van natuurlike taalgebruik?

Ten opsigte van die eerste vraag, is tot die volgende gevolgtrekkings gekom op grond van die geanaliseerde data:

- ↳ Nuwe kennis en ervarings word op 'n kognitiewe vlak deur ICM's verwerk om dit vir die mens logies, toeganklik en verstaanbaar te maak.

- ↵ Deur middel van kognitiewe meganismes (metaforiek en metonimie) word hierdie abstrakte kennisdomeine geïnterpreteer in terme van meer konkrete kennisdomeine.
- ↵ Binne die seksuele domein is metaforiese passings 'n algemene verskynsel. 'n Taboe kennisdomein word dikwels geïnterpreteer en beskryf in terme van 'n nie-taboe domein. Afhangende van die oordrag van epistemologiese kennis of die mate van ontologiese ooreenkoms tussen die twee domeine, is hierdie passings óf ooreenkomskeppend óf ooreenkomsgebaseerd.
- ↵ Hoewel metonimie minder produktief as metaforiek in die seksuele leksikon is, is dit ook 'n belangrike meganisme met behulp waarvan ervarings en kennis gestruktureer en begryp word. Aangesien metonimiese skakels pragmaties-konseptueel gemotiveerd is, verkry sekere konsepte deur middel van metonimie groter kognitiewe prominensie as ander konsepte.

In antwoord op die tweede vraag, het die volgende duidelik geblyk:

- ↵ Seksuele uitdrukkings kan as belangrike bron dien om die werking van die konseptuele sisteem van bepaalde subkultuurgroepe te beskryf. Leksikale items wat na die seksuele verwys, reflekteer die gesindhede, verwagtinge en waardes van daardie besondere subkultuurgroep.
- ↵ Op grond van die grammatiese en leksikale struktuur van seksuele uitdrukkings (soos gebruik in sekere manlike heteroseksuele gemeenskappe), kan die volgende metaforiese geslagsrolstereotipes geïdentifiseer word:
 - **DIE VROU IS 'N VERBRUIKBARE ENTITEIT**
 - **DIE VROU IS 'N PASSIEWE, LEWELOSE GEBRUIKSVOORWERP**
 - **DIE MAN IS 'N AKTIEWE, LEWENDE VERBRUIKER**
 - **DIE MAN IS 'N GEVAARLIKE INSTRUMENT**
- ↵ In gemeenskappe met andersoortige ideologieë (byvoorbeeld feministe) en ander seksuele voorkeure (byvoorbeeld gaygemeenskappe), word geslagsrolstereotipes ook in die grammatiese en leksikale struktuur van seksuele uitdrukkings gerealiseer.

Die antwoorde op bogenoemde twee vrae bevestig (vanuit 'n kognitiewe perspektief op seksuele uitdrukkings) die aanname dat taal, kultuur en denke nou verweef is. In hoofstuk 4 word gefokus op die funksionering en gebruik van sodanige uitdrukkings deur lede van bepaalde subkultuurgroepe in verskeie taalgebruikssituasies.

HOOFSTUK 4

PRAGMATIESE PERSPEKTIEF

4.1 INLEIDING

In die vorige twee hoofstukke is gewys op die grammatiese optrede van seksuele uitdrukkings en op die rol van kognitiewe meganismes ten opsigte van die strukturering en gebruik daarvan. In hoofstuk 3 is daar reeds gesuggereer dat die funksionering van hierdie kognitiewe meganismes in 'n hoë mate pragmaties gemotiveerd is. Die geldigheid van hierdie aanname sal vervolgens bevestig word deur die kontekstuele **gebruik** van seksuele uitdrukkings in bepaalde subkultuurgroepe te beskryf.

'n Pragmatiese perspektief bied die geleentheid om te fokus op die veranderlikes wat die **betekenis** van seksuele uitdrukkings in bepaalde taalgebruikssituasies beïnvloed. Hierdie teoretiese uitgangspunt word ontleen van Verschueren (1987: 36):

"Pragmatics should be defined, rather, as a perspective on whatever phonologists, morphologists, syntacticians, semanticists, psycholinguists, sociolinguists, etc. deal with. Insofar as phonologists, morphologists, etc. adopt this perspective themselves, they are doing pragmatics."

Volgens Verschueren kan die pragmatiek onder andere gesien word as die studie waarbinne die meganismes en die motiverings agter die gebruik van taal bestudeer word ten einde die effek of die geïntensionaliseerde effek van taalgebruik te bepaal (Verschueren 1987: 36). 'n Pragmatiese benadering vertoon dus duidelike raakpunte met 'n kognitiewe benadering: kognitiewe strukture word gevorm en gestruktureer op basis van gekonvensionaliseerde gebruikspatrone, en op hulle beurt bepaal kognitiewe strukture weer taal- en ander gedrag. Die twee benaderings staan dus nie teenoor mekaar nie, maar komplementeer mekaar juis (Nuyts 1988: 282).

In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik op twee aspekte van 'n pragmatiese benadering tot seksuele uitdrukkings gefokus, te wete:

- **die verhouding tussen uitings⁹ en kontekste;** en
- **die reëlmatighede en beginsels onderliggend aan die gebruik van taal** (vergelyk Webb 1994: 14-15).

Dit behoort nie alleen die aanname te bevestig dat metaforiese en metonimiese passings pragmaties gemotiveerd is nie, maar behoort ook lig te werp op die komplekse verhouding tussen taal, kultuur en denke.

4.2 UITINGS EN KONTEKSTE

4.2.1 INLEIDING

Reeds vroeg in hierdie eeu wys Malinowski (1923: 307) op die belangrikheid van konteks by die beskrywing van die semantiese inhoud van leksikale items:

"...the context of situation is indispensable for the understanding of the words. Exactly as in the reality of spoken or written languages, a word without linguistic context is a mere figment and stands for nothing by itself, so in the reality of a spoken living tongue, the utterance has no meaning except in the context of situation."

Vandag word die noodsaaklikheid van konteks in die bestudering van betekenis beskou as voor die hand liggend en as niekontroversieel (Ariel 1988: 63).

Tesame met die ontwikkeling van die pragmatiek en die kognitiewe semantiek sedert die sewentigerjare, verskuif die fokus vanaf 'n formele benadering na 'n funksionele benadering waarin konteks 'n belangrike rol speel:

"The problem...is to develop a model-theoretic semantics for natural language that admits contextual determination of meaning in just those cases where aspects of context play a role, but that allows principles of semantic composition to function in a familiar fashion."
(Sag 1981: 274).

⁹ Allan (1986a: 55) definieer 'n uiting as 'n tydruimtelik gesitueerde taalenteit wat ontstaan wanneer S binne 'n bepaalde konteks met H wil kommunikeer. 'n Uiting is dus 'n talige uitdrukking (nie noodwendig 'n sin nie) wat gebruik word om te kommunikeer. Uiting word by uitstek in die pragmatiek bestudeer (Levinson 1983: 18).

'n Groter bewustheid ontstaan dus om die kommunikatiewe vermoë van die taalgebruiker te beskryf in terme van haar/sy grammatiese, pragmatiese en konseptuele vermoë (vergelyk ook Webb 1991: 12):

"We are... forced to consider seriously the concrete circumstances of linguistic communication, that is **context**. This means in the first instance not to eliminate context as it is usually done in current semantic theory...What we are proposing then is a holistic account of meaning..." (Bosch 1985: 170-171) (outeur se klem - GBvH)

Leech (1983: 13) definieer **konteks** as die gedeelde agtergrondkennis wat bestaan tussen die spreker (S) en die hoorder (H) ten einde kommunikasie moontlik te maak. Levinson (1983: 22-24) wys egter daarop dat die definiëring van konteks 'n komplekse probleem is wat nie so simplisties hanteer kan word nie. Volgens hom (Levinson 1983: 23) is die probleem rondom konteks juis die feit dat dit dikwels in die literatuur behandel word as 'n vaag of onomlynde gegewe; dus as alle linguistiese en kulturele aspekte wat 'n invloed uitoefen op die produsering en interpretasie van 'n talige uiting (Levinson 1983: 23). Vergelyk byvoorbeeld Lyons (1977b: 572) se definisie van konteks as


"...a theoretical construct, in the postulation of which the linguist abstracts from the actual situation and establishes as contextual all the factors which, by virtue of their influence upon the participants in the language-event, systematically determine the form, the appropriateness or the meaning of utterances."

In aansluiting hierby word konteks dikwels slegs in terme van enkele kontekstuele veranderlikes gedefinieer. Allan (1986a) identifiseer byvoorbeeld die volgende inklusiewe kontekstuele kategorieë:

- ↳ Fisiese omgewing ("setting")
- ↳ Verwysingswêreld ("world spoken of")
- ↳ Tekstuele omgewing ("co-text")

Hierdie veranderlikes is egter nie omvattend genoeg nie (vergelyk ook De Stadler 1989a en Van Dijk 1977). Na aanleiding van die kontekstuele veranderlikes wat genoem word deur Allan (1986a), De Stadler (1989a) en Levinson (1983), word konteks vir die doel van hierdie studie oorkoepelend gedefinieer as **daardie makrotekstuele en buitetalige veranderlikes wat die produksie, interpretasie en**

toepaslikheid van talige uitings determineer. Verder word daar op basis van Webb (1986: 37-38, 1994) se model van die kommunikasieproses ook 'n aantal subkontekste gedefinieer wat 'n bydrae lewer tot die vorming en interpretasie van uitings. Die model word verder aangevul deur die toevoeging van 'n verdere subkonteks, naamlik die **makrotekstuele konteks** (na aanleiding van Allan 1986a):



A = Fisiese konteks/situasie	B = Psigologiese konteks
C = Sosiokulturele konteks	D = Makrotekstuele konteks
E = Norme en gepastheidsvoorwaardes	F = Linguistiese hulpmiddels
G = Retoriese hulpmiddels	H = Genrehulpmiddels
I = Teks/diskoers	

DIAGRAM 6: KONTEKSTUELE VERANDERLIKES

Hoewel hierdie model nie op volledigheid aanspraak maak nie, toon dit tog die belangrikste elemente van die kommunikasieproses en die onderlinge samehang daarvan aan. Uit hierdie diagram kan afgelei word dat die fisiese, psigologiese, sosiokulturele en makrotekstuele konteks 'n stel norme poneer waarbinne kommunikasie behoort plaas te vind. Hierdie norme gee eensyds praktiese riglyne vir taalgedrag en andersyds 'n aanduiding van die gepastheidsvoorwaardes wat geld binne daardie spesifieke konteks. Dit beïnvloed

dus die keuses wat die spreker moet maak ten opsigte van die linguïstiese, retoriese en genrehulpmiddels wat die taal bied, ten einde 'n boodskap te kan formuleer (Webb 1986: 38).

In die volgende subparagrafe word aangetoon hoe die verskillende kontekstuele veranderlikes wat in bostaande model figureer, die betekenis en gebruik van seksuele uitdrukkings beïnvloed.

4.2.2 FISIESE KONTEKS/SITUASIE

Webb (1994:3) wys daarop dat die fisiese konteks die rol van die gespreksdeelnemers, die keuse van taal, variëteit en taalvorme van die sprekers, en die toon van die teks bepaal, asook hoe die hoorder die boodskap sal interpreteer.

Webb (1994: 3) noem die volgende drie eienskappe van die fisiese situasie waardeur taalgedrag bepaal word:

- ↳ Lokaliteit (plek en tyd)
- ↳ Situasietipe
- ↳ Gespreksonderwerp

4.2.2.1 LOKALITEIT

De Stadler (1989a: 334) merk op dat beide S en H kennis moet hê van haar/sy plasing binne 'n bepaalde tydruimtelike gegewe. Hy wys daarop dat die tydruimtelike gegewe veral belangrik is ten opsigte van deiktiese verwysings (De Stadler 1989a: 334, ook Allan 1986a: 37-40). Binne die seksuele leksikon is dit veral die woord *kom* wat interessante betekenisuitbreiding ondergaan. Allan (1986: 39) wys op die deiktiese aard van die woord *kom* ("nader beweeg") terwyl De Stadler (1989: 400) eksplisiet na *kom* verwys as 'n deiktiese werkwoord. Ook die tweede uitgawe van die HAT (1979) verantwoord bloot die deiktiese betekenisonderskeidings van *kom*. Binne die seksuele domein bestaan daar egter verdere betekenisonderskeidings van *kom*, te wete "klimaks bereik"

en "semen". Die eerste uitgebreide betekenisonderskeiding kan gesien word as 'n polisemiese onderskeiding van *kom* ("nader beweeg"), terwyl die tweede betekenisonderskeiding gesien kan word as funksiewisseling plus polisemiese uitbreiding van *kom* ("klimaks bereik").

Kom ("klimaks bereik") is 'n instansiëring van die BKM: SEKSUELE OMGANG IS 'N REIS, waarin daar 'n vertrekpunt en 'n einddoel is. Die einddoel blyk die ervaring van die klimaks te wees: *Kom* ("klimaks bereik") is dus 'n metafores-polisemiese uitbreiding van *kom* ("nader beweeg"). Woordeboeke behoort hierdie betekenisuitbreiding te weerspieël weens die gebruiksfrekwensie daarvan, soos wat tereg gebeur in die derde uitgawe van die HAT (1994).

Allan (1986a: 40) beklemtoon verder dat die fisiese omgewing ook 'n invloed uitoefen op die formaliteit van die situasie, die styl wat gebruik word en die diskoerstema. Die beperkings en moontlikhede wat 'n bepaalde fisiese omgewing op uitings bied, kan geïllustreer word aan die hand van bepaalde gebruikswyses deur manstudente aan die Universiteit van Pretoria. Indien een student (S) vir 'n ander student (H) sê: *Kom ons gaan stap deur die Vallei van 'n Duisend Heuwels*, sal H waarskynlik onmiddellik begryp dat S wil hê hulle moet gaan stap deur die strate wat voor die vrouekoshuise verbygaan. Indien S dieselfde uiting sou maak teenoor 'n manstudent van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, sal so 'n persoon dit egter waarskynlik dekodeer as 'n uitnodiging vir 'n uitstappie na die bekende Vallei van 'n Duisend Heuwels in die omgewing van Pietermaritzburg.

Die betekenisuitbreiding wat die uitdrukking ondergaan het, kan toegeskryf word aan die feit dat die meeste vrouekoshuise by die Universiteit van Pretoria in sowat twee aangrensende straatblokke geleë is. *Vallei* is dus 'n gepaste brondomein omdat dit ook dui op 'n duidelik afgebakende geografiese gebied. Dit blyk dus duidelik dat 'n bepaalde fisiese omgewing geleenthede kan bied vir die skep van nuwe leksikale items en vir semantiese uitbreiding.

4.2.2.2 SITUASIE TIPE

Lakoff (1973: 298) identifiseer drie taalgebruiksituasies, te wete **formeel**, minder formeel (**semi-formeel**) en **informeel**. In die formele situasie is daar 'n groot afstand tussen S en H, die situasie is onpersoonlik en onemosioneel en tegniese terme en konstruksies word gewoonlik gebruik om taboe onderwerpe te bespreek. In die minder formele situasie is daar 'n kleiner afstand tussen S en H, daar is dikwels statusverskille (hoewel 'n mate van persoonlike kontak tussen die twee partye bestaan) en taboe onderwerpe word dikwels met behulp van eufemismes bespreek. In die informele situasie is daar feitlik geen afstand tussen S en H nie, die kontak tussen die twee partye is persoonlik en intiem van aard en taboe onderwerpe word dikwels direk benoem en bespreek (Feinauer 1981: 238-242).

Die stilistiese effek van die verskillende situasietipes kan aan die hand van seksuele uitdrukkings wat na swangerskap verwys, geïllustreer word:

Gespreksituasie	Formeel	Semi-formeel	Informeel
Spreker	Vroulike student	Vroulike student	Manlike student
Hoorder	Manlike dokter	Manlike student	Manlike student
Uitdrukking	<i>Ek vermoed dat sy swanger is</i>	<i>Ek dink sy het 'n broodjie in die oond</i>	<i>Ek dink sy is op die paal</i>

TABEL 7: FORMALITEIT VAN SITUASIE

Afhangende van die formaliteit van die gespreksituasie, kies 'n spreker dus tussen 'n formele, semi-formele of informele styl. Webb definieer styl as:

"... 'n funksie van die mate waarin sprekers let op die manier waarop hulle hul taal gebruik..."
(1989: 430)

In die formele styl monitor S haar-/homself voortdurend ten einde "korrekte" taal te gebruik. By die informele styl ontbreek hierdie selfmonitering en op leksikale vlak word dikwels sogenaamde taboe woorde sowel as leenwoorde (in Afrikaans is dit spesifiek woorde uit Engels) aangetref.

Webb (1989: 430) wys op die implikasies van die informele styl vir die interpretasie van uitings. Hy ken ook 'n belangrike vereenduidigende rol aan die konteks toe:

"Informele style word daarby ook gewoonlik gekenmerk deur 'n sekere kontekstuele afhanklikheid - die hoorders is in groter mate as in die geval van formele styl vir die begrip van die spreker se boodskap op die kontekste van die uiting aangewys."

Hieruit blyk die belangrike korrelasie tussen styl en situasie: indien die spreker haar/hom byvoorbeeld in 'n formele situasie bevind, sal sy/hy waarskynlik meer formele leksikale items gebruik om na sake in die seksuele domein te verwys (woorde soos *kondoom*, *swanger* en *penis*). In meer informele situasies daarenteen, sal sogenaamde taboe woorde (byvoorbeeld *effie*, *op die paal* en *pie!*) meer dikwels voorkom.

4.2.2.3 GESPREKSONDERWERP

Beide S en H moet weet om 'n uitdrukking gepas te gebruik en te interpreteer ten opsigte van die gespreksonderwerp of diskoerstema. Kennis van die onderwerp onder bespreking kan dus lei tot die vereenduidiging van uitings (De Stadler 1989a: 336). Dit kan geïllustreer word aan die hand van die volgende voorbeeld:

(26) *Sy doen naaiwerk om aan die lewe te bly.*

Indien H weet dat die referent kledingstukke maak en dit dan verkoop, sal H heelwaarskynlik *naaiwerk* interpreteer as "klere gemaak met 'n naaimasjien".

Indien H egter weet dat die referent 'n vrou is wat geld verdien deur seksuele omgang, sal H *naaiwerk* vertolk as "prostitusie".

4.2.3 PSIGOLOGIESE KONTEKS

Die psigologiese konteks is die aspekte van die konteks wat nie fisies of sosiaal van aard is nie, maar wat werkzaam is op 'n psigiese vlak. Die spreker se kommunikatiewe intensie asook die effek van 'n bepaalde uiting op 'n hoorder, is die belangrikste veranderlikes in die psigologiese konteks (Searle 1981 en Webb 1994: 4).

4.2.3.1 INTENSIE

Schwerdtfeger (1986: 56) toon aan dat S en H se totale kommunikatiewe vermoë, die agtergrondaannames en verwagtinge deel vorm van die konteks van 'n bepaalde uiting. Ook die doel van 'n gesprek word dikwels gesien as deel van die konteks (vergelyk Kreckel 1981: 18). Na aanleiding hiervan sou gesê kon word dat die intensies van S deel vorm van die pragmatiese determinante van betekenis. Lyons (1977b: 733) ekspliseer dit soos volg:

"...meaning and understanding are correlative, and both involve intentionality: the meaning of an utterance necessarily involves the sender's communicative intention and understanding an utterance necessarily involves the receiver's recognition of the sender's communicative intention."

Die volgende uitdrukking illustreer dié aanname:

(27) *Sy eet weer wors vir aandete.*

Indien S se intensie is om H bloot in te lig rondom die bepaalde vrou se eetpatrone, sal *wors* heel waarskynlik die betekenisonderskeiding hê "gegeurde maaltjies gestop in 'n derm". Daarenteen kan S egter die intensie hê om skertsend te verwys na die vrou se seksuele gedragpatrone, en dan sal *wors* die betekenisonderskeiding "penis" hê, met *eet* wat metafores gebruik word vir fellatio of vir die seksdaad. Dit blyk dus duidelik dat S se intensie 'n belangrike invloed kan uitoefen op die betekenis van 'n bepaalde leksikale item.

Die bedoeling/intensie wat S met 'n bepaalde uiting het, word binne die taalhandelingssteorieë (van onder andere Austin 1962 en Searle 1969, 1979) die **illokutiewe handeling** genoem (vergelyk ook De Stadler 1989a: 448-449 en Wardhaugh 1986: 277). Die illokutiewe handeling is dit wat S beoog om te doen deur 'n bepaalde uiting binne 'n bepaalde konteks teenoor H te maak (Allan 1986b: 175). As S byvoorbeeld teenoor H die opmerking sou maak: *Ek is verskriklik jags!*, met die intensie om seks te hê met H, sal dit gesien word as 'n illokutiewe handeling. S doen dus iets (maak 'n suggestie) om 'n bepaalde doel te bereik, en sy/hy doen dit deur uiting U te gebruik.

Binne 'n bepaalde konteks het alle uitings 'n **illokusiekrag**. Uitings het dus die potensiaal om uiting te gee aan die intensie/bedoeling van S. Indien S ('n man) byvoorbeeld teenoor H ('n vrou) sou sê: *Ek dink die prof is 'n natnaai*, sou die illokusiekrag van die uiting waarskynlik wees om te skok. Indien die uitdrukking *Hy is 'n natnaai* dus gebruik word met die intensie om te skok, is die illokusiekrag van die uitdrukking gerealiseer.

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat bepaalde leksikale items in 'n uiting 'n aanduiding kan gee van die illokusiekrag van 'n uiting. Hierdie aanduiding hoef nie noodwendig eksplisiet in die vorm van 'n illokusiewerkwoord te wees nie (vergelyk Vanparys 1993). De Stadler (1989: 451) spesifiseer dat die identifikasie van uitings se illokusiekrag grootliks afhang van die situasie waarin dit gebruik word, en nie noodwendig berus op die teenwoordigheid van eksplisiete illokusiewerkwoorde of illokusiemarkers nie. Sodanige uitdrukkings word **indirekte taalhandelinge** genoem. In 'n uitdrukking soos *Hy is 'n natnaai*, is die illokusiekrag van die uitdrukking (om te skok/vloek) egter voor die hand liggend. Daar sou dus geredeneer kon word dat bepaalde leksikale items 'n **illokusiewaarde** het wat in indirekte taalhandelinge kan optree as illokusiemarkers. Die woord *naai* het byvoorbeeld 'n sterk illokusiewaarde van skok, veral indien dit in 'n formele konteks gebruik sou word. Waar dit dus in 'n sin voorkom, sal dit 'n aanduiding wees dat S waarskynlik vir H wil skok. Die illokusiekrag van 'n bepaalde uiting word dus versterk deur die aanwesigheid van bepaalde leksikale items.

Die volgende prototipiese illokusiewaardes kan vir uitings wat seksuele uitdrukkings bevat, geïdentifiseer word:

- ↪ **Vloek.** Vloek het dikwels 'n sterk negatiewe waarde en kan dus ook gesien word as 'n negatiewe illokutiewe handeling. Onder vloek word verstaan vervloekings (*Ek gaan jou teen die oor poes*), beledigings (*Jou ma naai vir viskoppe op die dokke*) en uitroepe (*O poes, ek het 'n fout gemaak*). Dit is opmerklik dat seksuele uitdrukkings wat na die vroulike geslagsdele verwys, baie algemeen as vloeke gebruik word in manskoshuise aan die Universiteit van Pretoria. Vergelyk byvoorbeeld die volgende uitdrukkings: *Ek gaan jou 'n doosklap gee, Jy is 'n poes, Jy is 'n fokken kont*, ensovoorts.
- ↪ **Skok.** Een van die mees algemene illokusiewaardes van seksuele uitdrukkings is skok. Aangesien baie woorde binne die seksuele leksikon tot 'n groot mate gestigmatiseer is en dus 'n hoë taboewaarde het, het dit dikwels ook 'n hoë skokwaarde. Waar die woorde voorkom in gesprekke waar vreemdelinge teenwoordig is, sal daar dikwels 'n mate van skok wees by H (vergeelyk byvoorbeeld *poes, piel, naai, doos*, ensovoorts).
- ↪ **Skerts.** Calitz (1980: 1) wys daarop dat spot en skerts in wese geestigheid is, maar dat daar tog 'n fyn onderskeid bestaan tussen die twee verskynsels. Waar skerts gemoedelik en vriendelik is, is spot dikwels onvriendelik en selfs vyandig. Beide het dit egter ten doel om menslike hoedanighede en swakhede aan die kaak te stel en om houdings belaglik te maak (Calitz 1980: 1). Aangesien skerts en spot dikwels ten koste van 'n ander persoon gebruik word, het sodanige leksikale items dikwels ook 'n taboewaarde, hoewel nie so sterk as leksikale items met 'n skokwaarde nie (vergeelyk byvoorbeeld die uitdrukkings *Sy is 'n kloosterkoek* ("sy is preuts") en *Ag pël, al wat jy kan doen, is kierekap* ("al wat jy kan doen, is masturbeer"))).

- ↪ **Vermaak.** Naas skok is vermaak waarskynlik die illokusiewaarde wat die meeste voorkom by die gebruik van seksuele uitdrukkings. Die vermaakwaarde van leksikale items word nie net binne gesprekke gebruik nie, maar word ook veral in die kunste (byvoorbeeld letterkunde, teater en uit-die-vuis-uit-komedie) gebruik. Dit is veral laasgenoemde genre wat bekend is vir die kreatiewe gebruik van kwinkslae en woordspelings ("puns"); dit is veral die meerduidige potensiaal van uitdrukkings wat uitgebuit word om die vermaakwaarde van 'n woord te verhoog (vergelyk byvoorbeeld *Hy is 'n agtermekaar kêreltjie* ("hy is gay") en *VIGS is 'n aanstééklike siekte* ("VIGS word oorgedra deur seksuele omgang")). Rymgemotiveerde komposita het ook dikwels 'n vermaakwaarde (vergelyk onder andere *konvoilooi* ("seksorgie"), *pastoriepiesang* ("preutse man"), *doosduvet* ("sanitêre doekie") en *genotgrot* ("vroulike geslagsdele")).
- ↪ **Inlig.** Daar word veronderstel dat woorde met 'n geringe taboewaarde meestal binne hierdie kategorie sal val. Leksikale items met 'n inligwaarde is veral "tegniese" woorde wat algemeen aanvaarbaar is vir die breë gemeenskap - woorde wat hulle oorsprong in die Latyn het (byvoorbeeld *penis*, *vagina* en *coitus*) asook nie-tegniese woorde wat dikwels tegnies gebruik word (byvoorbeeld *seks*, *geslagsgemeenskap*, *gay* en *swangerskap*).

Dit moet beklemtoon word dat die realisering van hierdie illokusiewaardes sterk konteksgebonde is. Indien S byvoorbeeld vir 'n goeie vriend sou sê: *Jy's 'n hoer*, sou dit waarskynlik 'n skertswaarde hê. Indien S dit egter vir 'n vreemdeling sou sê, sou dit 'n skok-/vloekwaarde hê.

4.2.3.2 EFFEK

Geslaagde kommunikasie hang tot 'n groot mate af van die mate waarin die spreker se intensie korreleer met die hoorder se reaksie. Aangesien 'n spreker 'n sekere intensie het met die gebruik van 'n bepaalde uitdrukking, sou sy/hy poog

om die intensie te laat realiseer deur die gewenste "reaksie" by die hoorder uit te lok. In die taalhandelingsteorieë staan hierdie "reaksie" bekend as **perlokusie**.

'n Onderskeid kan getref word tussen die perlokutiewe daad en die perlokutiewe effek. Die perlokutiewe daad is die uitspraak van 'n bepaalde uiting om 'n spesifieke doel te bereik. Indien 'n man vir 'n vrou sou sê: *Maak oop jou bene*, verrig hy die illokutiewe handeling van beveel/versoek, maar hy wil daarmee poog om die vrou te oorrede om seks met hom te hê. Die poging om so 'n effek te verkry, verteenwoordig die perlokutiewe daad binne die taalhandeling (De Stadler 1989a: 449).

Indien die vrou sou gehoorsaam en wel haar bene sou oopmaak (met ander woorde instem), sou dit gesien kan word as die perlokutiewe effek wat die taalhandeling op daardie persoon het.

Met betrekking tot seksuele uitdrukkings kan die volgende prototipiese perlokutiewe effekte geïdentifiseer word:

- ↳ **Inlig.** Wanneer S die intensie het om H in te lig, sal die taalhandeling slaag as H van mening is dat sy/hy wel ingelig word deur S. Soos hierbo aangetoon, is leksikale items wat 'n inligeffek tot gevolg het dikwels woorde en uitdrukkings wat suiwer tegniese gebruik word (woorde soos *seks, kondoom, penis* en *vagina*). Hierdie woorde se gebruik sal dus selde 'n skok- of ander effek hê.

- ↳ **Amuseer.** 'n Leksikale item met 'n vermaak- of skertswaarde het dikwels 'n amuseereffek. Wanneer 'n amuseereffek ontstaan, word daar dikwels 'n sosiale band gesmee tussen S en H en word die intensie van S gerealiseer (vergelyk byvoorbeeld uitdrukkings soos *Hy is 'n tempeltros* ("hy is preuts") en *Hy het haar 'n warmvleisinspuiting gegee* ("hy het seksuele omgang met haar gehad"), asook rymgemotiveerde komposities soos *plesierspier* ("penis") en *familiekielie* ("seksorgie").

- ↪ **Skok.** Een van die mees algemene effekte van seksuele uitdrukkings is dié van skok. Vanweë die hoë taboewaarde wat seksuele onderwerpe in die Suid-Afrikaanse (spesifiek Afrikaanse) gemeenskap het, sal die gebruik van seksuele uitdrukkings dikwels 'n skokeffek op hoorders hê. Dit gebeur dus soms dat leksikale items met 'n illokutiewe waarde van vermaak of skerts 'n skokeffek op die hoorders het (vergelyk byvoorbeeld verwysings na die vroulike geslagsdele soos *enkelgleufbeursie*, *klapperhaartrekpleister*, *vleiswa-met-wolwiele*, ensovoorts).
- ↪ **Affronteer.** Aangesien vloekwoorde en seksuele uitdrukkings dikwels 'n negatiewe reaksie by die hoorder kan uitlok, kan hierdie reaksie gekategoriseer word as 'n affronteereffek. Sowel woorde met 'n skerts waarde as woorde met 'n vloekwaarde kan 'n affronteereffek hê, aangesien hierdie woorde dikwels ten koste van iemand anders gebruik word. As 'n seremoniemeester byvoorbeeld 'n seksuele grap sou vertel op 'n deftige dinee, sou baie van die hoorders geaffronteer kon word deur die gebruik van seksuele uitdrukkings.

Opsommend kan daar vanuit hierdie breë, algemene taalhandelingsraamwerk die volgende aannames in verband met die psigologiese konteks gemaak word:

S het die intensie om 'n bepaalde effek op H te hê. Deur die gebruik van 'n spesifieke grammatiese konstruksie, voer S 'n taalhandeling uit om hierdie **illokutiewe intensie** te verwesenlik. Indien S se intensie gerealiseer word deurdat H gewens daarop reageer (**perlokutiewe effek**), het die taalhandeling geslaag.

Hierdie aannames kan aan die hand van 'n taalgebruikssituasie geïllustreer word: 'n seremoniemeester vertel die volgende grap by die deftige troue van 'n ginekoloog:

Die twee ginekoloë sit en gesels. Die een sê: "Ek het vandag 'n vrou ondersoek met 'n klitoris soos 'n agurkie." Vol verbasing roep die ander een uit: "So groot?". "Nee," sê die ander een, "so suur!"

Aangesien die seremoniemeester dit as 'n grap vertel, het hy waarskynlik die intensie om die gehoor te vermaak. Indien die mense lag, het die taalhandeling geslaag, maar as hulle geskok hulle asems intrek, het die taalhandeling nie geslaag nie.

In paragraaf 4.3 word aangetoon dat die illokutiewe intensie en die perlokutiewe effek ten nouste saamhang met die eufemistiese/disfemistiese waarde van 'n uitdrukking.

4.2.4 SOSIOKULTURELE KONTEKS

Binne 'n pragmatiese perspektief kan die belangrikheid van die individu as sosiale wese nie geïgnoreer word nie. Daar is reeds in die sosiolinguistiek aangetoon dat talige kommunikasie in werklikheid sosiale interaksie is (Webb 1986: 40). 'n Bepaalde spreker behoort tot 'n bepaalde kultuurgroep¹⁰ en staan in 'n sosiale verhouding met persone van dieselfde of 'n ander kultuurgroep. Die verhouding van hierdie individu met ander lede van daardie betrokke kultuurgroep bepaal die norme wat geld vir die gespreksituasie.

Webb (1986: 40) toon aan dat die twee belangrikste faktore wat die sukses van die kommunikasiegebeurtenis direk raak, die mate van identiteit tussen spreker en hoorder is, asook die sosiosielkundige afstand tussen hulle. De Stadler (1989a: 334) sluit by eersgenoemde faktor aan as hy wys op die belangrikheid van die verhouding tussen die gespreksgenote in die gebruik van bepaalde leksikale items, terwyl Van Dijk (1977: 201) die sosiosielkundige afstand tussen S en H beskryf in terme van die behoefte aan sosialisering en assosiasie.

¹⁰ Met "kultuurgroep" word ook bedoel subkultuurgroepe soos byvoorbeeld studente, gays, tieners, tronkbewoners, polisiepersone, ensovoorts.

4.2.4.1 VERHOUDING TUSSEN DIE GESPREKSGENOTE

Die verhouding tussen S en H (binne 'n sosiale konteks) het noodwendig 'n invloed op die formaliteit van die gespreksituasie. Daar kan veral onderskei word tussen die **status** van die gespreksgenote ten opsigte van mekaar (Bell 1976: 102), die **geslag** (Feinauer 1981: 233), **ouderdom** (De Stadler 1989a: 334) en die **aantal** gespreksgenote (Feinauer 1981: 233).

In 'n gespreksituasie waar S en H albei manstudente is, albei twintig jaar oud is en vriende is, sal 'n woord soos *doos* ("vroulike geslagsorgane") waarskynlik geen taboe waarde hê nie. Indien H egter 'n vrou is, sal die taboewaarde van die woord toeneem. Indien die groep vergroot word met nog twee manstudente en nog twee vrouestudente, sal die taboewaarde van die woord verder verhoog word. Dit blyk dat hoe meer homogeen die groep is waarin 'n bepaalde uiting voorkom, hoe laer is die potensiële taboewaarde van 'n seksuele uitdrukking.

4.2.4.2 BEHOEFTE AAN SOSIALISERING EN ASSOSIASIE

4.2.4.2.1 ALGEMEEN

Daar word van die standpunt uitgegaan dat elke mens inherent die behoefte het aan sosialisering en assosiasie binne 'n bepaalde sosiale groep - hetsy dit 'n etniese, sosiale, portuur-, familie- of ouderdomsgroep is (vergeelyk onder andere Downes 1984, Popenoe 1986 en Schaefer 1986). Die aanname word gemaak dat die sosialiserings- en assosiëringsprosesse onder andere deur middel van taal geskied. Ochs (Schieffelin & Ochs 1986: 3) merk op:

"Language in use is then a major if not the major tool for conveying sociocultural knowledge and a powerful medium of socialization."

Volgens Mey (1985: 174) word daar in kontemporêre taalkundige teorieë na linguistiese sosialisering verwys as die proses waardeur 'n individu in 'n bepaalde sprekersgemeenskap ingelei en aanvaar word. Hy gaan van die standpunt uit dat die mens by geboorte 'n asosiale wese is, maar dat 'n persoon deur middel van taal 'n inherente sosiale potensiaal ontwikkel en sodoende verander tot sosiale

wese (Mey 1985: 174). Hieruit volg dan dat 'n behoefte by die individu ontwikkel om te assosieer met 'n bepaalde sprekersgemeenskap of sosiale groep. Ten einde te sosialiseer en te assosieer met hierdie groep, gebruik die persoon nie net dieselfde taal (byvoorbeeld Afrikaans of Engels) as die ander lede van daardie groep nie, maar word die idiolek¹¹ aangepas by die sosiolek¹² van die groep. 'n Persoon gebruik dus 'n bepaalde sosiolek wanneer sy/hy assosieer met 'n bepaalde sosiale groep.

Van der Plank (1985: 61) wys daarop dat die behoefte aan groepsidentifikasie 'n invloed het op die individu se taalkeusegedrag. Die wyse waarop 'n persoon haar/sy idiolek aanpas om in te pas by 'n bepaalde sosiale groep, is 'n verskynsel wat bekend staan as **kodewisseling** (vergelyk Bell 1976: 110-115, Brown & Fraser 1979: 47-50, Du Plessis 1983: 52-55, Gumperz 1982: 61 en verder, en Wardhaugh 1986: 99-112).

'n Individu kan egter tot verskillende sosiale groepe behoort waarin sy/hy gedifferensieerde statusse kan beklee en verskillende funksies kan verrig. Binne elke sosiale groep geld daar ook 'n eiesoortige stel norme vir gepaste optrede (vergelyk onder andere Bach & Harnish 1979, Bell 1976, Brown & Levinson 1979, Downes 1984 en Van der Plank 1985). Die groepe waarmee 'n bepaalde persoon wil assosieer, word deur Bell (1976: 105) verwysingsgroepe ("reference groups") genoem. Hy noem ook dat S nie net met die groep assosieer deur

¹¹ 'n Idiolek is die unieke vorm van taal soos dit gebesig word deur die individu (Akmajian (et al.). 1990: 231). Aangesien geen twee sprekers die taal op presies dieselfde manier besig nie, kan daar gepraat word van die individu se idiolek. Deur die bestudering van 'n persoon se idiolek kan die taalkundige (spesifiek die sosiolinguis) afleidings maak aangaande die persoon se sosiolek, dialek en taal (Wardhaugh 1986: 144).

¹² 'n Sosiolek is die spraakvorm wat geassosieer word met 'n bepaalde sosiale groep en wat unieke fonologiese, morfologiese, sintaktiese, semantiese en leksikale variasie op die standaardtaelvorm vertoon (vergelyk onder andere Wardhaugh 1986: 46-47 en Akmajian (et al.). 1990: 230). Sleurtaal (byvoorbeeld Flaaitaal), geheimtaal (byvoorbeeld Kwaitos) en omgangstaal (byvoorbeeld gaytaal) is goeie voorbeelde van sosiolekte (Schuring 1983: 120-121). Sentraal tot die begrip "sosiolek" staan die begrip "register", soos dit later gedefinieer sal word.

taalkeuse nie, maar ook deur kleredrag, die motor waarmee gery word, die tipe huis, die woonbuurt, ensovoorts (Bell 1976: 105). Afhangende van die aard van die sosiale groep en die posisie wat 'n individu in daardie groep beklee, sal sy/hy 'n bepaalde **register** gebruik om daarby in te skakel en haar/hom te assosieer met daardie groep.

4.2.4.2.2 REGISTERS

Halliday (1978: 23) definieer register as:

"...the set of meanings, the configuration of semantic patterns, that are typically drawn upon under the specified conditions, along with the words and structures that are used in the realization of these meanings."

Volgens Halliday word die keuse van 'n register bepaal deur dit wat plaasvind, wie dit laat plaasvind, met wie dit gebeur en die rol wat taal in die gebeurtenis speel (Halliday 1978: 31). Ook Finegan & Besnier (1989: 423) sluit hierby aan:

"...different situations call for different varieties of the same language. Language varieties that are associated with different situations of use are called **registers**."

In aansluiting hierby word die volgende werkdefinisie vir die begrip *register* geformuleer:

'n Register is 'n subkode in 'n taal, wat in 'n spesifieke situasie deur 'n bepaalde sprekersgemeenskap geselekteer word, en waardeur bepaalde gepaste linguistiese strukture en leksikale items gerealiseer word.

Na aanleiding van die werkdefinisie kan gesê word dat 'n register die groepstaal is wat 'n bepaalde groep gebruik wanneer daar onderling gekommunikeer word oor sake wat vir die spesifieke groep van belang is. So 'n groep kan dikwels ook aan hierdie groeptaal uitgeken word:

"...in die algemeen verrig registers by uitstek 'n demarkeringsfunksie: dit definieer wie by die betrokke groep ingesluit en wie daarvan uitgesluit is. Dit het dus 'n inklusiwiteits- en eksklusiwiteitsfunksie." (Webb 1989: 430).

Ook Van Rensburg (1983: 20) beklemtoon die eksklusiwiteitsfunksie van registers:

"Enige groep wat sy identiteit wil bewaar deur sy eksklusiwiteit in onverstaanbare of half-onverstaanbare taal te manifesteer, gebruik 'n bepaalde register van 'n standaardtaalvorm daarvoor."

Die bestudering van registers werp verder lig op die verhouding tussen **taalfunksie** (soos bepaal deur die kontekstuele faktore) en **taalvorm** (vergelyk Leckie-Tarry 1993: 28). Deur byvoorbeeld die seksuele register in gaygemeenskappe te bestudeer, sou 'n mens dus afleidings kon maak oor die verhouding tussen gaytaal (taalvorm) en die gaykultuur (taalfunksie).

Die register wat in gaygemeenskappe gebruik word, dien as goeie voorbeeld om die eksklusiwiteitsfunksie wat registers vervul, te illustreer. Vanweë die kontroversiële posisie waarin gaygemeenskappe hulle bevind in die Suid-Afrikaanse sosiale orde, het daar 'n unieke register binne gaygemeenskappe ontwikkel wat byna beskou kan word as 'n geheimtaal (Akmajian, Demers & Harnish 1984: 323-325, De Beaugrande 1993: 22 en Schuring 1983: 120).

Hierdie gayregister kan geïllustreer word aan die hand van 'n artikel in **Vrye Weekblad** (1993a: 18) waarin daar uittreksels gegee word uit 'n gesprek met 'n gay spreker. Vergelyk die volgende voorbeelde:

"...sien d jy daai Natalie da, hy gail te baie vi' my liking met Priscilla Presley en Jennifer Justice. Ek trus homie. Ek het hoekal gehester dat hy 'n Big 5 is."

Die volgende verklarings word aangebied vir van die trefwoorde: *Natalie* ("'n swart persoon"), *Gail* ("praat"), *Priscilla Presley* ("die boere (polisie)"), *Jennifer Justice* ("die wet"), *Hester* ("hoor") en *Big 5* ("iemand wat stories oordra").

Vir die oningewyde hoorder sal hierdie gesprek waarskynlik uiters onverstaanbaar wees: nie net vanweë die hoë frekwensie vreemde woorde nie, maar ook vanweë die oënskynlike anaforiese "foute" wat begaan word (daar word na *Natalie* - tradisioneel 'n vrouenaam - anafories verwys as *hy* en *hom*. In die gayleksikon word die persoonlike voornaamwoorde *sy/hy* en die besitlike voornaamwoorde

haar/sy afwisselend en niepatroonmatig gebruik om na 'n manlike persoon te verwys. Vergelyk byvoorbeeld: *Sy is baie kamp* ("hy is baie verfynd"), *Sy kou haar tiara* ("hy is kwaad"), *Hy is 'n dish* ("hy is aantreklik") en *Hy is 'n rent* ("hy is 'n prostituut").

Hiermee saam kan gewys word op vroulike aanspreekvorme vir mans, soos byvoorbeeld *Mathilda/darling/doll/meisie/madam*. Ook die gebruik van leksikale items wat stereotopies met vroue geassosieer word soos *fanny* ("manlike geslagsdele"), *koek* ("penis") en *slet* ("bitsige persoon"), word hier gebruik binne 'n konteks waar na manspersone verwys word.

Hierdie verskynsel hang saam met die verandering in GKM's soos aangetoon in hoofstuk 3 (3.3.3). In dié paragraaf is daar aangetoon dat daar in gaygemeenskappe waarskynlik spore is van 'n GKM: DIE MAN IS 'N VROU. 'n Gay man sal byvoorbeeld aan 'n ander gay man in 'n gemengde geselskap sê: *Ek weet van 'n vrou wat jou lyf soek* ("ek weet van 'n ander gay man wat verlief is op jou"). In 'n gemengde geselskap (waar gay en heteroseksuele persone teenwoordig is) sou so 'n uitlating as ongemerk kon deurgaans, aangesien die ander persone in die gespreksituasie nie noodwendig bewus sal wees van die persoon se seksuele voorkeure nie. Aangesien gay persone egter dikwels na 'n ander manlike gay persoon verwys met behulp van vroulike vorme, sal slegs die twee gay persone weet waarvan daar gepraat word sonder dat die algemene sosiale norme oortree word.

Die hoë frekwensie van leenwoorde uit Engels is ook 'n verskynsel wat baie algemeen aangetref word in gaygemeenskappe. Sodanige kodevermenging ("code-mixing" - Wardhaugh 1986: 102) verhoog die onverstaanbaarheid (eksklusiwiteit) van die teks nog verder.

Die volgende Engelse woorde word baie frekwent deur Afrikaanssprekende gay mans gebruik: *gay* ("homoseksuele persoon"), *straight* ("heteroseksuele persoon"), *butch* ("onverfynd; grof"), *queen* ("verfynde/verwyfde man"), *lunch* ("penis"), *dish* ("aantreklieke man"), *fanny* ("manlike geslagsdele"), *closet* ("n gay

persoon wat voorgee om heteroseksueel te wees"), *drag queen* ("transvestiet"), ensovoorts.

Die eksklusiwiteitsfunksie van die seksuele register in gaygemeenskappe word verder bevestig deur die gebruik van "vreemde woorde" (wat slegs binne die betrokke gemeenskap bekend is). Deur nuwe klankkombinasies word woorde gevorm waarmee gay sprekers ander persone van gesprekke uitsluit. Met behulp van sodanige leksikale items kan hulle oor sake praat wat volgens die sosiale norme van die standaardtaal taboe is. Woorde soos *gunch* ("seksuele omgang") en *ploesaar* ("geslagsdele van die man sowel as die vrou") is in gaygemeenskappe in Pretoria opgeteken.

Voorbeelde van sulke nuutskeppings (as deel van 'n "geheimtaal") kom egter nie net in gaygemeenskappe voor nie. Vergelyk byvoorbeeld *naber* ("seks"), *ninnners* ("seks"), *klappelorus* ("masturbeer - manlik"), *kappeljaans* ("seksueel gefrustreerd") en *poene* ("meisies") wat in manskoshuise aan die Universiteit van Pretoria opgeteken is.

Na aanleiding van hierdie voorbeelde kan daar 'n sogenaamde seksuele register onderskei word wat binne alle sprekersgemeenskappe voorkom. Die seksuele register kan gedefinieer word as

'n subkode in 'n taal wat gebruik word om na sake en aktiwiteite binne die seksuele domein te verwys. Unieke linguistiese strukture en leksikale items word gerealiseer in eksklusiewe situasies deur lede van 'n bepaalde sprekersgemeenskap.

Bo en behalwe die seksuele register van die standaardtaal word seksuele registers van bepaalde sosiolekte onderskei. Hierdie registers oorvleuel gedeeltelik, soos in die volgende diagram geïllustreer word:




DIAGRAM 7: SEKSUELE REGISTERS

Die seksuele register word dus, soos ander registers, effektief gebruik in die sosialiseringproses (Van Dijk & Kintsch 1983: 82), en dra daartoe by om:

- ↪ die identiteit van die spreker te bevestig (**ekspressiwiteitsfunksie**);
- ↪ sosiale binding met die lede van die ingroep te bewerkstellig (**solidariteits- en sosialiseringfunksie** - vergelyk ook Montagu 1967: 88-89); en
- ↪ lede van ander groepe uit te sluit (**eksklusiwiteitsfunksie**).

4.2.5 MAKROTEKSTUELE KONTEKS

Die makrotekstuele konteks verwys enersyds na die tekstuele omgewing waarbinne die gesprek plaasvind, en andersyds na die verwysingswêreld van die gespreksgenote.

¹³ Die gayregister is nie net 'n seksuele register nie, maar is ook 'n "algemene" register waarmee gay persone hulle eie identiteit en solidariteit met die ingroep bevestig (De Beaugrande 1993: 18).

4.2.5.1 TEKSTUELE OMGEWING

Raskin (1985: 63) wys op die belangrikheid van die tekstuele omgewing by die gebruik en/of interpretasie van uitings:

"In discourse, every sentence comes surrounded by other sentences preceding and/or following the sentence in question...The linguistic and extra-linguistic contextual information is taken into account when the sentence is uttered and comprehended and it becomes part of the intended meaning."

Die rol van die tekstuele omgewing met betrekking tot die gebruik van seksuele uitdrukkings kan aan die hand van die volgende voorbeelde geïllustreer word:

(27) Student I: Ek hoor Piet het sy werkstuk ingehandig sonder om vir Anna te help.

Student II: Ag, het hy haar ook in die steek gelaat?

(28) Student I: Ek hoor Piet het met Anna uitgemaak nadat hy haar genaber het ("seks met haar gehad het").

Student II: Ag, het hy haar ook in die steek gelaat?

In die standaardtaal beteken *in die steek laat* "om iemand op 'n kritieke stadium aan haar/sy lot oor te laat". In (27) word hierdie betekenis geënkodeer: Student II suggereer dat Piet vir Anna aan haar eie lot oorgelaat het met die voltooiing van haar werkstuk. In (28) word *steek* se betekenisonderskeiding "seksuele omgang" egter geënkodeer wanneer Student II ironies verwys na Piet se optrede. Dit is veral op grond van die voorafgaande tekstuele omgewing wat die seksuele interpretasie van *steek* gerealiseer word.

4.2.5.2 DIE VERWYSINGSWÊRELD VAN DIE GESPREKSGENOTE

Die wêreld waarna verwys word bepaal noodwendig die geaktiveerde betekenis van 'n bepaalde uitdrukking. Indurkha (1992: 15) wys byvoorbeeld daarop dat die verwysingswêreld die teikendomein in 'n metafoor kan bepaal. In die

uitdrukking *Die doos huil*, is dit byvoorbeeld enersyds moontlik dat daar metafories verwys kan word na 'n *doos* ("vierkantige kartonhouer") wat lekkende bottels bevat. Laasgenoemde sou dan die oorsaak kon wees van vloeistof wat van die kartonhouer afdrup soos tranes van 'n mens se gesig. In *Die doos huil*, tree die vallende druppels dus op as teikendomein.

Andersyds sou die uitdrukking ook soos volg verstaan kan word: 'n onaangename persoon (*doos*) is besig om te huil. S het waarskynlik geen simpatie met die persoon wat huil nie en daarom word die vroulike geslagsdele as die teikendomein gebruik om na die persoon te verwys.

Die spreker en die hoorder se gedeelde verwysingswêreld omvat egter meer as net die entiteite in die fisiese wêreld waarna regstreeks **verwys** word. S en H moet ook gedeelde **kennis** hê van die wêreld waarna verwys word. Volgens Raskin (1985: 63) kan hierdie kennis gebaseer wees op vorige ervaring, en is dit nie noodwendig afhanklik van die talige en/of buite-talige situasie nie. Fairclough (1985: 744) noem die volgende subtypes gedeelde kennis wat 'n rol speel in die enkodering en dekodeering van uitings:

- ↳ Kennis van die taalkodes
- ↳ Kennis van die beginsels van taalgebruik
- ↳ Kennis van die situasie
- ↳ Kennis van die wêreld.

Schwerdtfeger (1986: 57) is van mening dat hoe groter die mate van oorvleueling in die gedeelde kennis tussen S en H is, hoe groter sal die waarskynlikheid wees dat die kommunikasie tussen hulle sal slaag.

In **Vrye weekblad** (1993b: 51) gebruik die satirikus Brolloks en Bittergal die volgende uitdrukking:

"Hy het wilde hawer gesaai."

By die enkodering van die uitdrukking het S van die BKM: OM SEKSUELE OMGANG TE HÊ, IS OM TE PLOEG gebruik gemaak. By die dekodeering van

hierdie uitdrukking hoef H nie noodwendig kennis te dra van hierdie BKM nie, aangesien *om wilde hawer te saai* ("om buite-egtelike seksuele omgang te hê") 'n gekonvensionaliseerde uitdrukking in Afrikaans is. Wat egter belangrik is, is dat S en H 'n gedeelde wêreldkennis moet hê. Aangesien H weet dat die betrokke minister by verskeie seksuele skandale betrokke was, kan H hierdie uitdrukking suksesvol dekodeer.

Dit is dus noodsaaklik dat S en H kennis moet deel aangaande die agtergrond waarteen 'n uitdrukking geïnterpreteer moet word (De Stadler 1989a: 335-336). Die verwysingswêreld kan die betekenis van leksikale items determineer in die sin dat die wêreld waarna verwys word en die gedeelde kennis wat daar tussen S en H bestaan oor hierdie wêreld, bepalend kan wees vir die interpretasie van 'n bepaalde uiting.

4.2.6 SAMEVATTING

Die fisiese-, psigologiese-, sosiokulturele en makrotekstuele konteks speel nie net 'n belangrike rol in betekenisdeterminasie nie, maar oefen ook 'n direkte invloed uit op die gepastheid (al dan nie) van 'n uiting in 'n bepaalde situasie.

Die norme wat vir elke spesifieke situasie geld, bepaal uiteindelik die keuses wat die spreker maak ten opsigte van die linguistiese-, retoriese- en genrehulpmiddels (Webb 1986: 37-38, 1994). Op hierdie manier word dan 'n teks geskep - hetsy 'n referensiële-, ekspressiewe-, ooredende- of literêre teks wat geskrewe of gesproke kan wees (Carstens 1987: 25-26).

4.3 REËLMATIGHEDE EN BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN DIE GEBRUIK VAN SEKSUELE UITDRUKKINGS.

Soos vroeër reeds genoem is (vergeelyk 4.1), wys Webb (1994: 15) daarop dat 'n pragmatiese perspektief onder andere rekenskap moet gee van:

- ↳ **uitings binne kontekste;**
- ↳ **reëlmatighede en beginsels onderliggend aan die gebruik van taal.**

Vervolgens word gekyk na die beginsels onderliggend aan die gebruik van seksuele uitdrukkings. Die vraag wat beantwoord moet word is: **Hoe en waarom word bepaalde taalgebruiksverskynsels in seksuele uitdrukkings gerealiseer?** Uit die navorsing blyk dit dat seksuele uitdrukkings hoofsaaklik drie funksies in taalgebruik het, te wete om **in te lig**, te **skok** en te **versag**. Die "inlig"-funksie word gewoonlik gerealiseer in neutrale verwysings, byvoorbeeld in uitdrukkings soos *penis*, *vagina* en *geslagsgemeenskap*; die "skok"-funksie word gerealiseer in **disfemismes** soos *piel*, *poes* en *naai*; en die "versag"-funksie word gerealiseer in **eufemismes** soos *tollie*, *moemfie* en *skommel*.

Vervolgens word die gebruik van seksuele uitdrukkings as eufemismes en disfemismes in meer besonderhede bespreek.

4.3.1 SEKSUELE UITDRUKKINGS AS EUFEMISMES EN DISFEMISMES

4.3.1.1 EUFEMISMES

Een van die algemeenste motiverings vir die gebruik van 'n verskeidenheid seksuele uitdrukkings, is die feit dat sprekers dikwels na versagtende woorde soek om na sogenaamde taboe aspekte in die seksuele domein te verwys. Met dié doel voor oë word 'n taboe onderwerp benoem deur 'n "beskaafde/hoflike" substituuat (Akmajian, Demers, Farmer & Harnish 1990: 259, Fromkin & Rodman 1978: 275). Sodanige "beskaafde/hoflike" plaasvervangers staan algemeen bekend as **eufemismes**. Hierdie funksie van die eufemisme word deur die woord se etimologie bevestig: die woord *eufemisme* is afkomstig van die Griekse woord *euphemismos*, wat beteken om "goeie" woorde te gebruik in die plek van "slegte" woorde (veral met betrekking tot godsdienstige rituele) (Lubbe 1970: 40).

Verskillende taalteoretici beklemtoon verskillende aspekte van eufemismes:

- ↳ Bolinger se *Language - the loaded weapon* (1980) handel veral oor die misbruik van taal om mense te manipuleer. Een van die maniere om mense deur taal te manipuleer, is om woorde as eufemismes te gebruik, en om

sodoende onaangename sake in die werklikheid te vermy. Met betrekking tot seksuele uitdrukkings wys Bolinger (1980: 74) daarop dat eufemismes dikwels binne **gespreksituasies** gebruik word om na die liggaamlike funksies van die mens te verwys:

"...they are taboo in conversation, and have to be mentioned obliquely."

↳ Feinauer (1980: 179) wys op die belangrikheid van konteks (veral die fisiese konteks) in die gebruik van eufemismes:

"**Allerlei tipes omstandighede** dwing die spreker soms daartoe om die negatiewe emosionaliteit en sprekershouding wat 'n bepaalde vloekwoord te kenne gee, te versag." (outeur se klem - GBvH)

Binne 'n bepaalde fisiese konteks is sprekers dus dikwels "verplig" om eufemismes te gebruik om na sake in die seksuele domein te verwys.

↳ Lubbe (1970: 101) stel die gebruik van eufemismes ondergeskik aan die psigologiese konteks en die perlokutiewe effek van taaluitdrukkings. Hy beweer dat 'n mate van eerbied, vrees of versigtigheid waarskynlik die onderliggende motief is aan die vorming en gebruik van eufemismes.

↳ Allan & Burrige (1991: 11) fokus op die sosiokulturele konteks en beklemtoon die gebruik van eufemismes in die sosialiseringproses:

"a **euphemism** is used as an alternative to a dispreferred expression, in order to avoid possible loss of face: either one's own face or, through giving offense, that of the audience, or of some third party."

↳ In *The anatomy of dirty words* spreek Sagarin (1962: 46) hom uit teen die gebruik van eufemismes. Hy noem onder andere dat eufemismes woorde of frases is waardeur die direkte benoeming van 'n konsep/voorwerp vermy word. Juis daarom word die teenoorgestelde benoem van wat oorspronklik bedoel is. Volgens Sagarin kan eufemismes dus optree as hindernisse in die kommunikasieproses, aangesien misverstande tussen die spreker en hoorder kan ontstaan (vergelyk ook Bolinger 1980 en Schreuder 1929: 184).

↳ Rothwell (1982: 81-82) beskou eufemismes as 'n soort "narkotiese taalmiddel" wat die mens se aanvoeling vir die onaangename en die aanstootlike bedwelm. Hy waarsku dat eufemismes die potensiaal het om onwaarhede te propageer:

"Using euphemisms becomes a dangerous and undesirable linguistic cover-up when it blinds us to an unpleasant reality without broadening our perception to a new 'truth', a new vision." (Rothwell 1982: 81).

Op grond van bostaande beskouings word die volgende werkdefinisie vir **eufemismes** geformuleer:

'n Eufemisme is 'n uitdrukking wat deur 'n spreker gebruik word as 'n melioratiewe substituut vir 'n gestigmatiseerde uitdrukking wat na 'n taboe entiteit verwys. Die spreker se intensie is gewoonlik om negatiewe emosionaliteit te versag en om nie aanstoot te gee nie.

Metaforiek is een van die meganismes wat baie dikwels deur taalgebruikers ingespan word om eufemisties na aspekte in die seksuele domein te verwys. Die spreker maak gebruik van leksikale materiaal uit 'n nie-taboe kennisdomein om na 'n saak behorende tot 'n taboe kennisdomein te verwys. Ten einde versagtend na 'n penis te verwys, kan byvoorbeeld een van die volgende metafore gebruik word: *stingel, tollie, voëltjie, mielie, piesang, plesierspier, likkewaan* en *meneer*.

Wat egter vir een persoon eufemisties is, mag vir 'n ander persoon onaanvaarbaar wees; wat S as versagtend aanbied, kan deur H as afstootlik ervaar word. S kan byvoorbeeld met 'n eufemistiese intensie na 'n penis verwys as 'n *plesierspier*. Dieselfde leksikale uitdrukking kan egter deur H as kru en banaal ervaar word.

Die subjektiwiteit van die spreker is nie die enigste faktor wat aanleiding gee tot 'n onvaste afgrensing van eufemismes nie. Weens die feit dat eufemismes met verloop van tyd gemerk raak ten opsigte van bepaalde pejoratiewe saakeienskappe (die betrokke saak behoort per slot van rekening tot 'n taboe

kennisdomein), ondergaan hulle meestal 'n pejoratiewe betekenisontwikkeling en word later glad nie meer as eufemismes ervaar nie (Bolinger 1980: 74-75 en Lubbe 1970: 63). Dit mag selfs gebeur dat 'n eufemisme as gevolg van kontekstuele faktore sodanig gepejoriseer word dat dit later selfs 'n disfemisme word.

4.3.1.2 DISFEMISMES

Met betrekking tot disfemismes, word gewys op die volgende perspektiewe deur taalteoretici:

↳ Allan & Burrige (1991: 26) definieer 'n disfemisme as:

"...an expression with connotations that are offensive either about the denotatum or to the audience, or both, and it is substituted for a neutral or euphemistic expression for just that reason."

Hulle beweer dat disfemismes gebruik word om te verwys na opponente, na sake waarteenoor die spreker haar/sy afkeur te kenne wil gee en na sake wat die spreker wil degradeer.

↳ Ook Lubbe (1970: 51) toon aan dat disfemismes primêr gebruik word met die intensie om aanstoot te gee.

↳ Carnoy sien disfemisme as 'n funksionele taalverskynsel waarmee die spreker 'n bepaalde sosiale stelling wil maak. Partridge (1950: 14) haal Carnoy soos volg aan:

"Dysphemism is a reaction against pedantry, stiffness, and pretentiousness, but also against nobility and dignity in language...Dysphemism, therefore, is principally an attempt to free itself from the respectful and admiring attitude which weighs heavily on average humanity."

↳ In 'n sekere mate sluit Lubbe (1970: 52) ook hierby aan. Hy sien die gebruik van disfemismes as 'n reaksie deur die "onderste volkslae... skoliere, studente, boewe, soldate en matrose" teen die establishment.

Hierdie siening sou as elitisties beskou kon word aangesien disfemismes dikwels ook deur lede van hoër sosio-ekonomiese groepe gebruik word om as't ware hulle "vryheid" daardeur te bevestig en te demonstreer.

- ↳ Sowel Bolinger (1980: 74) as Lubbe (1970: 52) is van mening dat die meeste disfemismes 'n eufemistiese kern het. Hulle beskouings word gegrond op die aanname dat alle eufemismes pejoriserend ondergaan. Die etimologie van *piel* ("penis") illustreer dié aanname: Boshoff & Nienaber (1967: 497) toon aan dat *piel* 'n ongediftongeerde vorm is van die Nederlandse *pijl*, wat afkomstig is uit die Latynse *pilum* ("spies"). Waar daar dus eens met 'n (waarskynlik) eufemistiese intensie metafories na 'n penis verwys is as 'n spies, het *piel* vandag in Standaardafrikaans 'n ondeursigtige leksikale item met 'n sterk pejoratiewe waarde geword.

Op grond van die bespreking hierbo, word die volgende werkdefinisie vir disfemisme geformuleer:

'n Disfemisme is 'n uitdrukking met 'n pejoratiewe waarde waardeur S doelbewus aan H of 'n derde party aanstoot wil gee.

Die pejoratiewe waarde van disfemismes is dikwels gesetel in een of meer van die leksikale items waaruit die uitdrukking bestaan, óf in die mentale voorstelling wat deur die uitdrukking as geheel opgeroep word. Vergelyk die volgende voorbeelde wat deur lede van die ingroep gebruik word om negatief na lede van 'n uitgroep te verwys:

SPREKER	UITDRUKKING	REFERENT
Heteroseksuele man	<i>holnaaier</i>	Gay man
Heteroseksuele man	<i>rioolboor</i>	Gay man
Heteroseksuele man	<i>poepholrampokker</i>	Gay man
Man/vrou	<i>tjokkerfokker</i>	Pedofiel
Man/vrou	<i>doosdief</i>	Verkrachter

TABEL 8: UITGROEPVERWYSINGS

Vergelyk ook die volgende beledigings en uitdrukkings wat doelbewus gebruik word om ander mense uit te skel (byvoorbeeld by 'n rugbywedstryd waar twee manskoshuise teen mekaar meeding): *Jou ma naai vir viskoppe op die dokke, Jou ma skuld ons hond nog kleingeld, Jou ma buk vir 'n renoster, Mag jou vrou adders baar, Mag jou vingers in vishoeke verander as jy draadtrek, Ek gaan jou doodpoes, Ek gaan jou teen die oor poes/kont en Ek gaan jou 'n doosklap gee.*

Die afsonderlike konstituente van hierdie disfemistiese uitdrukkings is nie noodwendig opsigself disfemisties nie, maar komposisioneel gesien, of in terme van die mentale beeldskemas wat opgeroep word, kan dit wel disfemisties wees. In die uitdrukking *rioolboor* ("gay man") is nie een van die stamme inherent disfemisties nie, maar wanneer hulle saam 'n kompositum vorm, word 'n disfemistiese pluswaarde toegevoeg. Die uitdrukking *Jou ma buk vir 'n renoster* bevat ook geen leksikale item wat afsonderlik as disfemisties geïnterpreteer kan word nie. Die beeldskema wat egter deur die uitdrukking opgeroep word, kan as disfemisties gesien word.

4.3.1.3 KONTEKSGEBONDENHEID VAN EUFEMISMES EN DISFEMISMES

In die besprekings hierbo (vergelyk 4.3.1.1 en 4.3.1.2) is telkens gewys op die noue verband tussen kontekstuele veranderlikes, eufemismes en disfemismes. Weens die konteksgebondenheid van laasgenoemde twee verskynsels kan uitdrukkings/leksikale items nie as sodanig gekategoriseer word as óf eufemisties óf disfemisties nie. Wat binne 'n bepaalde konteks as 'n eufemisme optree, kan binne 'n ander konteks beskou word as 'n disfemisme. Aangesien dit blyk dat die grense tussen die twee kategorieë vaag is, word daar (in aansluiting by die Prototipeteorie) eerder 'n skalêre model voorgestel waarbinne 'n leksikale item gemeet word in terme van die eufemistiese of disfemistiese illokutiewe intensie en die perlokutiewe effek. Vergelyk die volgende skalêre voorstelling:

	☺		☹ ☹		☹
Styl	INFORMEEL		FORMEEL		INFORMEEL
Retoriese funksie	EUFEMISTIES		NEUTRAAL		DISFEMISTIES
Illokutiewe intensie	vermaak	skerts	inlig	skok	vloek
Perlokutiewe effek	amuseer		inlig	skok	affronteer

DIAGRAM 8: VERBAND TUSSEN EUFEMISMES, DISFEMISMES EN PRAGMATIESE VERANDERLIKES

Op hierdie skaal word die retoriese funksies (eufemisme en disfemisme) binne 'n bepaalde konteks (formeel of informeel) gemeet aan twee waardeskale: op die een skaal is die illokutiewe intensie die meetinstrument en op die ander die perlokutiewe effek. Vir geslaagde kommunikasie moet daar 'n maksimale korrelasie tussen die twee waardeskale wees.

Die skaal impliseer dat die vermaak-/amuseerkategorie die mees eufemistiese kategorie is, die inligkategorie die mees neutrale kategorie is, terwyl die vloek-/affronteerkategorie die mees disfemistiese kategorie is. Die grense tussen die verskillende kategorieë bly egter vaag: eufemismes word byvoorbeeld dikwels gebruik om in te lig: 'n ma kan byvoorbeeld vir haar sesjarige seun vra: *Het jy jou tollie gewas?* Die woord *tollie* het hier egter nie 'n eufemistiese funksie nie, maar 'n neutrale, referensiële funksie.

Disfemistiese woorde kan selfs in bepaalde kontekste as eufemismes funksioneer. Indien 'n man byvoorbeeld aan sy vriend vra: *Eet jy vanaand weer furburger?* met die intensie om met sy vriend te skerts of om van die ander toehoorders te vermaak, sal die uitdrukking *furburger* ("vroulike geslagsdele") 'n eufemistiese waarde hê. Indien die manlike spreker egter dieselfde uitdrukking sou gebruik waar sy vriend se meisie teenwoordig is, sal dit waarskynlik 'n disfemistiese waarde hê.

Hoewel daar verwag kan word dat die perlokutiewe effek direk eweredig is aan die illokutiewe intensie, is dit slegs waar in soverre die konteks daardie bepaalde effek sal toelaat. Wanneer S se intensie byvoorbeeld is om H te vermaak, maar die konteks is uiters formeel of daar is 'n groot sosiale afstand tussen S en H, sal H waarskynlik geskok wees, eerder as om die uiting vermaaklik te vind.

Uit hierdie perspektiewe blyk dit dat kontekstuele faktore 'n bepalende rol speel by die toekenning van emotiewe betekeniswaardes aan leksikale uitdrukkings. Die eufemistiese of disfemistiese waarde van 'n woord kan egter nie sonder meer uit die afsonderlike grammatiese konstituente afgelei word nie, maar moet gedeeltelik afgelei word op grond van die kontekstuele veranderlikes.

Streng gesproke kan daar dus nie van 'n leksikale item as 'n eufemisme of disfemisme gepraat word nie - 'n bepaalde leksikale item **funksioneer as 'n eufemisme/disfemisme, word eufemisties/disfemisties gebruik of het 'n eufemistiese/disfemistiese waarde** binne 'n bepaalde gesprekskonteks. Die terme "eufemisme" en "disfemisme" is dus in werklikheid net oorkoepelende noemers vir bepaalde illokutiewe en perlokutiewe waardes.

4.4 SAMEVATTING

Na aanleiding van Webb (1994: 14-15), is daar in hierdie hoofstuk gepoog:

- ↳ om die verhouding tussen seksuele uitdrukkings en **kontekstuele veranderlikes** aan te toon; en
- ↳ om reëlmatighede en beginsels onderliggend aan die **gebruik** van seksuele uitdrukkings te ekspliseer.

Ten opsigte van die eerste doelwit is bewys dat die volgende kontekstuele veranderlikes 'n invloed uitoefen op die betekenis en gebruik van seksuele uitdrukkings:

- ↳ **Die fisiese konteks.** Dit is veral die formaliteit van die situasie wat die gebruik van seksuele uitdrukkings beïnvloed. In 'n formele situasie sal 'n

uitdrukking soos *Hy is 'n poes* waarskynlik 'n groter taboewaarde hê as in 'n informele situasie.

↳ **Die psigologiese konteks.** Met betrekking tot die intensie van die spreker en die effek wat die gebruik van 'n bepaalde seksuele uitdrukking op 'n hoorder kan hê, is die volgende illokutiewe intensies en perlokutiewe effekte geïdentifiseer:

Illokutiewe intensies:

- Vloek
- Skok
- Skerts
- Vermaak
- Inlig

Perlokutiewe effekte:

- Affronteer
- Skok
- Amuseer
- Inlig

Daar is ook aangetoon dat die illokutiewe intensies en perlokutiewe effekte die basis vorm vir die identifisering van die eufemistiese of disfemistiese gebruik van seksuele uitdrukkings.

↳ **Die sosiokulturele konteks.** Binne 'n homogene subkultuurgroep waar daar 'n behoefte by die groepslede is om met mekaar te assosieer, sal seksuele uitdrukkings waarskynlik frekwent voorkom. Met die oog op sosialisering gebruik die lede van daardie subkultuurgroep 'n unieke seksuele register wat slegs gedeeltelik oorvleuel met die seksuele register van die standaardtaal en met seksuele registers van ander subkultuurgroepe.

↳ **Die makrotekstuele konteks.** Die onmiddellike tekstuele omgewing en die verwysingswêreld van die gespreksgenote beïnvloed die betekenis van seksuele uitdrukkings in 'n hoë mate.

Met betrekking tot retoriese funksies is daar aangetoon dat seksuele uitdrukkings kan optree as:

- ↳ **eufemismes**
- ↳ **disfemismes**
- ↳ **neutrale referensiële uitdrukkings**

Die konteksgebondenheid van seksuele uitdrukkings is geëkspliseer deur aan te toon dat bepaalde uitdrukkings in verskillende kontekste óf as eufemismes óf as disfemismes kan funksioneer.

Die aanname dat taal, denke en kultuur nie afsonderlike domeine van kognisie is nie, word gesubstansieer deur die manier waarop lede van 'n bepaalde kultuurgroep lede van 'n ander groep konseptualiseer en kategoriseer. Hierdie konseptualisering en kategorisering vind direk neerslag in die groepstaal en retoriese verwysing van daardie bepaalde subkultuurgroep.

HOOFSTUK 5

SLOTSOM EN TOEPASSING

5.1 OPSOMMING

In hoofstuk een is dit gestel dat hierdie studie ten doel het om die verhouding tussen seksuele uitdrukkings (taal), die gebruik daarvan in verskillende subkultuurgroepe (kultuur) en die persepsies (denke) rondom die seksuele te ondersoek.

Vanuit 'n grammatiese perspektief is daar in hoofstuk twee aangetoon hoe seksuele uitdrukkings binne die Afrikaanse taalsisteem optree. Daar is geïllustreer dat leksikale items in die seksuele leksikon gevorm word deur middel van klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en betekenisuitbreiding. Bo en behalwe die grammatiese motivering van hierdie leksikale items, is die meeste van hulle ook kognitief-pragmaties gemotiveerd.

In hoofstuk drie is die invloed/rol van kennisie by die vorming/interpretasie van seksuele uitdrukkings ondersoek. Aan die hand van voorbeeldmateriaal is aangetoon dat seksuele uitdrukkings die metafoorteorieë van Lakoff & Johnson (1980) substansieer. Deur middel van kognitiewe meganismes (metaforiek en metonimie) word 'n taboe kennisdomein dikwels metafories geïnterpreteer en beskryf in terme van 'n nie-taboe domein. Ander konsepte verkry weer kognitiewe prominensie deur middel van metonimiese skakels. Deur seksuele uitdrukkings te ontleed, word uiteindelik afleidings gemaak oor die mens se konseptuele kategoriseringsisteem, en word geïllustreer dat laasgenoemde 'n refleksie is van die gesindhede, verwagtinge en waardes in bepaalde subkultuurgroepe.

Op grond van die grammatiese en leksikale struktuur van seksuele uitdrukkings is die volgende geslagsrolstereotipes in manlike heteroseksuele gemeenskappe geïdentifiseer:

- **DIE VROU IS 'N VERBRUIKBARE ENTITEIT**
- **DIE VROU IS 'N PASSIEWE, LEWELOSE GEBRUIKSVOORWERP**
- **DIE MAN IS 'N AKTIEWE, LEWENDE VERBRUIKER**
- **DIE MAN IS 'N GEVAARLIKE INSTRUMENT**

In gemeenskappe met andersoortige ideologieë (byvoorbeeld feministe) en andersoortige seksuele voorkeure (byvoorbeeld gaygemeenskappe), word verskille in die geslagsrolstereotipes ook in die grammatiese en leksikale struktuur van seksuele uitdrukkings gereflekteer. Hierdie refleksie van die verhouding tussen taal en kultuur is veral prominent in die taalgebruik van bepaalde subkultuurgroepe.

In hoofstuk vier is die verband tussen taal en kultuur vanuit 'n pragmatiese perspektief belig. Daar is eerstens aangetoon dat die gebruik van seksuele uitdrukkings in verskillende kulture sterk konteksgebonde is. Afhangende van die fisiese, psigologiese, sosiokulturele en makrotekstuele kontekste word verskillende illokutiewe intensies en perlokutiewe effekte geaktiveer. Boonop oefen die verskillende kontekstuele veranderlikes 'n belangrike invloed uit op die waarskynlike betekenis van seksuele uitdrukkings.

Daar is ook verder aangetoon dat seksuele uitdrukkings as eufemismes, disfemismes of neutrale referensiële uitdrukkings kan funksioneer. Eufemistiese uitdrukkings word prototipies gebruik met 'n illokutiewe intensie van vermaak of skerts, en het prototipies 'n perlokutiewe effek van amuseer. Disfemistiese uitdrukkings, daarenteen, word dikwels met 'n illokutiewe intensie van skok of vloek gebruik, en het 'n perlokutiewe effek van skok of affrontering.

Afhangende van die konteks kan 'n seksuele uitdrukking wat met 'n eufemistiese intensie gebruik word, 'n disfemistiese effek op die hoorder hê. Die taalgebruiker moet dus voortdurend sensitief wees met betrekking tot die konteks waarbinne seksuele uitdrukkings gebruik word ten einde kommunikasie tussen spreker en hoorder te laat slaag.

Vanuit grammatiese, kognitiewe en pragmatiese perspektiewe is daar dus gepoog om aan te toon dat daar 'n noue relasie is tussen die gebruik van seksuele uitdrukkings, die subkultuurgroepe wat dit gebruik en die kollektiewe denke binne daardie bepaalde groepe. Dit blyk dus dat daar 'n duidelik identifiseerbare verhouding bestaan tussen menslike handeling en die psigologiese geldigheid van kognitiewe modelle - 'n verhouding wat sterk bepaal word deur die kollektiewe kulturele konseptualiserings- en kategoriseringsprosesse.

Die winste van hierdie taalkundige ondersoek kan ook met sukses toegepas word in die leksikografie. Die leksikografie, as wetenskaplike praktyk wat gerig is op die maak van woordeboeke (Wiegand 1983: 38), is een van die terreine waarbinne die metaleksikografie en die teoretiese taalkunde suksesvol gekombineer kan word. Enersyds baat die leksikografie by die winste van die teoretiese taalkunde, en andersyds bied die leksikografie 'n toepassingsterrein vir taalteoretiese insigte.

5.2 TOEPASSING

5.2.1 DIE LEKSIKOGRAFIE AS TOEPASSINGSTERREIN

Na aanleiding van die insigte waartoe daar in hierdie studie gekom is, kan **drie** vrae met betrekking tot die leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings gevra word:

- ↳ Is die leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaanse handwoordeboeke toereikend?
- ↳ Kan uitbreidingsmeganismes soos metaforiek en metonimie in die leksikografiese bewerking van seksuele uitdrukkings verreken word?
- ↳ Kry die woordeboekgebruiker genoegsame leiding aangaande die pragmatiese inperkings wat daar ten opsigte van sogenaamde taboe leksikale items of betekenisonderskeidings geld?

Ten einde hierdie vrae te beantwoord, word die makrostrukturele en mikrostrukturele hantering van seksuele uitdrukkings in woordeboeke bespreek.

Die klem val veral op die konseptuele en pragmatiese inligting wat in woordeboeke verreken word of behoort te word. Die huidige leksikografiese hantering van lemmas wat na aspekte in die seksuele domein verwys, word getoets aan die hand van twee standaard verklarende woordeboeke (oftewel handwoordeboeke), te wete die tweede en die derde uitgawe van *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1979, 1994) (voortaan slegs HAT² en HAT³) en die sewende en die agtste uitgawe van *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (1980, 1993) (voortaan slegs VAW⁷ en VAW⁸). Die data wat in hierdie woordeboeke ondersoek is, is in Bylaag A opgeneem.

5.2.2 MAKROSTRUKTURELE HANTERING

Woorde wat tot die seksuele subleksikon van 'n taal behoort, word dikwels nie in die makrostruktuur van woordeboeke opgeneem nie, en sodanige woorde wat wel opgeneem is, word dikwels nie toereikend beskryf nie (vergelyk byvoorbeeld Dekker (1991: 55) se beskouing van *fok*). Die onbevredigende hantering van seksuele uitdrukkings kan waarskynlik toegeskryf word aan die normatiewe karakter van Afrikaanse woordeboeke. Dié verskynsel is egter nie net tot Afrikaans beperk nie: Burchfield (1973: 84) toon byvoorbeeld aan dat woorde soos "*cunt*" en "*fuck*" eers sedert die sestigerjare opgeneem is in Engelse standaardwoordeboeke.

In die voorwoord van HAT³ stel Odendal (1994: paragraaf 2.1) dit dat

"die bewerker van 'n handwoordeboek...nie...alle woorde gangbaar in die omgangstaal (kan) opneem nie."

Gouws (1989: 69) voel egter sterk daarvoor dat 'n handwoordeboek nie net 'n weergawe moet gee van die **standaardtaalvorm** nie, maar óók van leksikale items met 'n hoë gebruiksfrekwensie **uit ander subtale** (byvoorbeeld streekstaal, omgangstaal, sleng, ensovoorts). Die woordeboekgebruiker verwag dus dat handwoordeboeke soos HAT en VAW **frekwent gebruikte** leksikale items uit die seksuele register moet opneem.

Die volgende tabel dui die aantal seksuele uitdrukkings aan (uit 'n totaal van 43 - vergelyk Bylaag A) wat opgeneem is in genoemde vier woordeboeke:

HAT ²	HAT ³	VAW ⁷	VAW ⁸
32	37	23	26

TABEL 9: LEMMAS IN HANDWOORDEBOEKE

Uit dié gegewens blyk dit duidelik dat HAT oor die algemeen 'n oper beleid as VAW volg ten opsigte van die opname van seksuele lemmas. In vergelyking met HAT² word daar in HAT³ ook meer "erkenning verleen aan talle woorde wat ander nog as verdoemingswaardig sal beskou" (Odendal 1994: paragraaf 2.3).

Dit is opvallend dat die volgende betekenisonderskeidings, wat 'n relatief hoë gebruiksfrekwensie het, nie in een van die woordeboeke opgeneem is nie (outeur se bewerkings - GBvH):

fok ww. (gefok) (*plat*) seksuele omgang hê: *Hy het haar in sy kamer gefok.*

horing (-s) (*onfyn*) ereksie, verstywing van penis: *Hy het 'n horing gekry terwyl hy na die fliet gekyk het.*

kamp □ ww. (gekamp) (*gay*) flirteer - gewoonlik in die openbaar: *Hy het heelaand by die toilette gekamp.* □ b.nw. (-er, -ste) (*gay*) verfynd, verwyfd: *Daardie ou met die serp is baie kamp.*

stoot ww. (gestoot) (*plat*) seksuele omgang hê: *Sy was redelik verveeld terwyl hy haar gestoot het.*

vinger ww. (gevinger) (*plat*) masturbeer - veral by vrouens: *Uit frustrasie het sy haarself maar gevinger.*

5.2.3 MIKROSTRUKTURELE HANTERING

Die mikrostruktuur van 'n woordeboek is die interne ordeningstruktuur van elke woordeboekartikel, en gee byvoorbeeld 'n aanduiding van die grammatiese optrede, uitspraakleiding, betekenisverklaring, voorbeeldsinne, asook die afhanklikheidsverhouding tussen bepaalde inskrywings (Gouws 1989: 40-41).

Die woordeboekgebruiker verwag dus dat lemmas grammaties, semanties en pragmaties in woordeboeke bewerk sal word. Vervolgens word dié drie aspekte kortliks bespreek met verwysing na seksuele uitdrukkings.

5.2.3.1 GRAMMATIESE INLIGTING

Soos in hoofstuk twee aangetoon is, word leksikale items in die seksuele leksikon hoofsaaklik gevorm deur middel van klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en betekenisuitbreiding. Daar kan dus verwag word dat woordeboeke hierdie prosesse moet verantwoord.

HAT³ hanteer uitspraakvariasie oor die algemeen bevredigend. Vergelyk die volgende inskrywing onder die lemma *naai*:

naai ww. (genaai) ... 2 (*plat; meestal uitgespreek met kort a*)
Geslagsgemeenskap hê.

Met betrekking tot morfologiese bouprosesse, kan egter veral by *voël* ("penis") aandag gegee word aan die morfologiese fleksie wat die woord ondergaan. Anders as in Standaardafrikaans waar die meervoud van *voël* ("geveerde tweebeenige dier wat kan vlieg") deur die toevoeging van 'n *-s* (*voëls*) gevorm word, word die meervoud van *voël* ("penis") in die seksuele leksikon met 'n *-e* (*voële*) gevorm. Hierdie taalwerklikheid word nie in een van die bestudeerde woordeboeke gereflekteer nie.

Funksiewisseling by leksikale items met een of meer seksuele betekenis geniet ook nie in een van bogenoemde woordeboeke aandag nie. Veral by leksikale

items soos *kom* ("ejakuleer/semen"), *skoot* ("ejakuleer/semen") en *vinger* ("masturbeer - vroulik") is dit belangrik om funksiewisseling te verreken. Laasgenoemde voorbeeld funksioneer in Standaardafrikaans byvoorbeeld slegs as selfstandige naamwoord, maar tree in die seksuele register ook op as werkwoord (vergelyk byvoorbeeld *Hy het haar gevinger*).

5.2.3.2 KOGNITIEF-SEMANTIESE INLIGTING

5.2.3.2.1 MOTIVERENDE INLIGTING

In hoofstuk drie is aangetoon dat metaforiek en metonimie bydra tot semantiese uitbreiding. 'n Leksikale en konseptuele kategorie word met behulp van dié meganismes uitgebrei en nieprototipiese lede word bygevoeg. Die kategorie "doos" waarby die prototipiese lede die kenmerke [+houer, +karton, +gebruiksvoorwerp] het, word uitgebrei om ook die vroulike geslagsdele as nieprototipiese lid in te sluit op grond van die ooreenstemmende kenmerk [+houer, +gebruiksvoorwerp].

In die taalgebruikssituasie gebeur dit soms dat een van die sekondêre betekenisonderskeidings van 'n woord algaande meer frekvent gebruik word as die primêre betekenisonderskeiding. Vergelyk byvoorbeeld *doos*: die primêre betekenisonderskeiding "kartonhouer" het al in so 'n mate plek gemaak vir die betekenisonderskeiding "vroulike geslagsdele", dat eersgenoemde selde gebruik word. Taalgebruikers verkies die simplekse *boks* of *karton*, asook die komposita *kartondoos* of *kartonhouer* om die primêre betekenis van *doos* te aktiveer, juis vanweë die pejoratiewe sekondêre betekenisonderskeiding wat ontwikkel het (vergelyk Lehrer 1992: 248).

Volgens Swanepoel (1992a: 58) word metafore en metonimieë, ten spyte van die belangrikheid van motiverende inligting in woordeboeke, nie dikwels as motiverende inligting in woordeboeke ingesluit nie. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat woordeboeke poog om arbitrêre betekenis te optimaliseer en om inligting rakende die struktuur van leksikale betekenis te minimaliseer (Swanepoel 1992a: 58).

In die kognitiewe taalkunde word egter aanvaar dat geleksikaliseerde betekenis dikwels gemotiveer is op grond van metaforiese of metonimiese skakels (Carstens 1992: 121). Afrikaanse metaleksikografe soos Swanepoel (1991, 1992a en 1992b) en Carstens (1992) doen aan die hand dat woordeboeke rekenskap moet gee van metaforiese en metonimiese skakels, op grond van die waarde wat die aanbod van motiverende inligting vir die woordeboekgebruiker kan hê in terme van inligtingretensie.

5.2.3.2.2 ORDENING VAN BETEKENISONDESKEDINGS

Volgens Swanepoel (1991: 254) is een van die kernprobleme van die leksikograaf die organisasie van betekenisonderskeidings in die woordeboekartikel (vergelyk ook Mostert 1984 en Zgusta 1971: 275 en verder). Een van die belangrikste (en moeilikste) vrae wat dus beantwoord moet word, is **watter betekenisonderskeiding van 'n woord as die dominante een beskou moet word en dus die eerste lineêre en numeriese posisie moet neem**. Daar sou met ander woorde op grond van taalteoretiese en metaleksikografiese gronde besluit moet word of hierdie posisie beklee moet word deur die oudste/primêre betekenisonderskeiding of deur die sinchroniese betekenisonderskeiding met die hoogste gebruiksfrekwensie (dit wil sê die een wat psigologiese dominansie geniet).

Op grond van die feit dat 'n sinchroniese woordeboek hoofsaaklik ten doel het om die taalrealiteite van die hede (die tyd van samestelling) te reflekteer, word voorkeur gegee aan die psigologiese beskouing. Zgusta (1971: 64) meld in die verband:

"In psychological terms, the dominant sense is the one which is the first to be thought of by the majority of the speakers of a language if presented with the word in isolation, without any context."

Die leksikograaf kan egter nie net op haar/sy intuïsie staatmaak om die psigologiese dominante betekenisonderskeiding van 'n woord te bepaal nie. Volgens Swanepoel (1991: 258-259) is daar twee soorte gegewens van belang

by die ordening van betekenisonderskeidings, naamlik gegewens gebaseer op die **taalgebruiksdata** en gegewens wat op **introspeksie** berus. Ten opsigte van eersgenoemde moet die leksikograaf se bewerking van 'n leksikale item berus op 'n databasis wat verteenwoordigend is met betrekking tot frekwensie en spreiding. Betreffende laasgenoemde meen Geeraerts (1985) dat die introspektiewe oordeel van die moedertaalspreker gebruik kan word as kontroleringsmeganisme vir die prototipehipotese.

Die prototipehipotese het ten doel om uit die taalgebruiksdata die dominante betekenisonderskeiding te identifiseer. Volgens Swanepoel (1991: 259) kan die prototipiese betekenisonderskeiding bepaal word deur vas te stel:

- ↳ watter betekenisonderskeiding die **frekwentste** in die taalgebruiksdata voorkom;
- ↳ hoe produktief die onderskeie betekeniskerne is, dit wil sê die aantal en aard van die **betekenisverbreidings** van elke kern;
- ↳ watter betekenisonderskeiding in produktiewe **morfologiese afleidings** figureer;
- ↳ watter betekenisonderskeiding **etimologies** die prominentste figureer.

Hoewel hierdie kriteria bloot as riglyne dien en nie op volledigheid aanspraak maak nie (Swanepoel 1991), word die leksikale item *doos* vervolgens hieraan getoets om te bepaal watter betekenisonderskeiding dominant is.

Reeds by die toepassing van die eerste kriterium kom die leksikograaf voor 'n probleem te staan: Met inagneming van die taboewaarde van uitdrukkings wat na aspekte van die seksuele verwys, is dit moeilik om die gebruiksfrekwensie van taboe leksikale items te bepaal. Soos aangetoon in hoofstuk vier, word seksuele uitdrukkings meestal binne 'n intieme en informele konteks gebruik. Indien die leksikograaf vir 'n spreker sou vra wat die eerste betekenisonderskeiding is wat sy/hy aan die woord *doos* heg, sal die antwoord waarskynlik wees "kartonhouer". Dit sou uiteraard nie 'n korrekte weergawe van die werklik taalgebruiksituasie wees nie, aangesien "vroulike geslagsdele" en/of

"onaangename persoon" in werklikheid die mees frekvent gebruikte betekenisonderskeiding in die informele standaardtaal is. Aangesien leksikograwe meestal op geskrewe bronne steun vir die insameling van data, word bepaalde betekenisonderskeidings wat frekvent in die gesproke taal voorkom, dikwels nie verreken nie. Die leksikograaf moet dus volledig staatmaak op eie ervaring en intuïsie.

Betreffende die produktiwiteit van die onderskeie betekeniskerne (die tweede kriterium), sou 'n mens kon opmerk dat die metaforiese skakel tussen die twee kennisdomeine (HOUER en VROULIKE GESLAGSDELE) tot so 'n mate ondeursigtig geword het, dat die verband slegs in bepaalde kontekste geheraktiveer word. Die heraktivering geskied dikwels ook nie as gevolg van duidelike semantiese raakpunte nie, maar op grond van 'n poging tot doelbewuste woordspeling in 'n bepaalde konteks. Vergelyk byvoorbeeld:

(29) Spreker A: Het jy vir my 'n doos?

Spreker B: Ongelukkig nie, ek is 'n man.

Dit blyk dat *doos* ("kartonhouer") en *doos* ("vroulike geslagsdele") as't ware elk 'n duidelike betekeniskern verteenwoordig: die een sentreer rondom die konsep KARTONHOUER en die ander een om MENSLIKE ENTITEITE (veral die onderdele daarvan). Laasgenoemde is duidelik 'n kognitief meer produktiewe kern, aangesien verdere semantiese uitbreidings daaruit ontstaan het (vergelyk "vroulike geslagsdele" en "onaangename persoon"¹⁴).

Op grond van hierdie getuienis kan *doos* ("vroulike geslagsdele") op drie moontlike wyses leksikografies hanteer word:

↳ Die lineêre plasing van betekenisonderskeidings kan geskied suiwer op grond van gebruiksfrekwensie. "Vroulike geslagsdele" sal dus die eerste betekenisonderskeiding van *doos* wees. Vergelyk die volgende moontlike

¹⁴ Hierdie betekenisonderskeiding hou verband met ander vloeke soos *Vlieg in jou moer in*, waar *moer* 'n verwysing na die baarmoeder is. Die vervloekte persoon word as't ware verwens en "teruggestuur na waar sy/hy vandaan kom".

leksikografiese bewerking:

(30) **doos** (-e) **1** (a) (*plat*) Vroulike geslagsdele: *Daardie vrou het 'n lekker doos aan haar.* (b) (*neerhalend*) Onaangename persoon: *Hy is 'n regte doos.* **2** Kartonhouer: *Ek het my boeke in 'n doos gebêre.*

↳ *Doos* kan as twee homonimiese lemmas hanteer word op grond van die semantiese "afstand" tussen die betekenis wat rondom die konsep "kartonhouer" sentreer en dié wat rondom die konsep "menslike entiteit" sentreer. In (31) word só 'n moontlike leksikografiese hantering voorgestel:

(31) **doos**¹ (-e) Kartonhouer: *Ek het my boeke in 'n doos gebêre.*
doos² (-e) **1** (*plat*) Vroulike geslagsdele: *Daardie vrou het 'n lekker doos aan haar.* **2** (*neerhalend*) Onaangename persoon: *Hy is 'n regte doos.*

↳ Die begrip "prototipe" kan sentraal staan en ordening kan volgens betekenisgerne geskied, soos in (32) geïllustreer word:

(32) **doos** (-e) **1** (*weens die verband met bet. 2, tans ongebruiklik*)
Kartonhouer: *Ek het my boeke in 'n doos gebêre.* **2** (a) (*plat*)
Vroulike geslagsdele: *Daardie vrou het 'n lekker doos aan haar.* (b) (*neerhalend*) Onaangename persoon: *Hy is 'n regte doos.*

Voorbeeld (32) is waarskynlik die beste manier om aan te dui dat al die betekenis etimologies verwant is, maar dat daar twee duidelike betekenisgerne ontwikkel het. In gevalle waar die metaforiese skakel feitlik geheel en al ondeursigtig is (soos byvoorbeeld by *voël*), behoort die leksikograaf die verskillende betekenis eerder as homonieme te hanteer.

Soos daar in hoofstuk twee aangetoon is, is *doos* ("vroulike geslagsdele") morfologies baie produktief (derde kriterium). Die grootste morfologiese verskil tussen *doos* ("kartonhouer") en *doos* ("vroulike geslagsdele") lê in die

woordvormingsmeganismes wat produktief daarop inwerk. *Doos* ("kartonhouer") tree slegs op as kernstam in samestellings (vergelyk byvoorbeeld *skoendoos*, *hoededoos* en *kartondoos*). Daarenteen tree *doos* ("vroulike geslagsdele") op as bepaler én kern in samestellings (vergelyk byvoorbeeld *doosgesig*, *doosklap*, *dooskop*, *hangdoos* en *stadsdoos*). Verder vorm *doos* ("vroulike geslagsdele") ook dikwels die basis vir fleksie (byvoorbeeld *dose* en *dosie*) en vir afleiding (*dooslik*, *doosagtig*, *aartsdoos*, ensovoorts). Daarenteen kan *doos* ("kartonhouer") slegs geflekteer word (*dose* en *dosie*).

Na aanleiding van die vierde kriterium sou 'n mens egter moet toegee dat "kartonhouer" volgens etimologiese oorwegings as die primêre betekenisonderskeiding beskou moet word. Hoewel die metaforiese passing tussen die twee domeine reeds redelik vaag is, ken meeste sprekers waarskynlik nog die betekenisonderskeiding "kartonhouer", en sou 'n mens dus kon aandui dat laasgenoemde betekenisonderskeiding die prominentste is.

Volgens twee van die vier kriteria is die betekenisonderskeiding "vroulike geslagsdele" die dominante betekenisonderskeiding van die leksikale item *doos*, naamlik ten opsigte van frekwensie en morfologiese produktiwiteit. 'n Mens sou dus verwag dat die betekenisonderskeiding "vroulike geslagsdele" volgens een van die maniere in (30) - (32) hanteer sal word. Nie een van die genoemde woordeboeke verreken egter hierdie semantiese netwerk nie; intendeel, VAW⁷ en VAW⁸ erken glad nie die betekenisonderskeiding "vroulike geslagsdele" nie.

Dit blyk asof hierdie kriteria met sukses toegepas kan word by die bewerking van leksikale items wat na aspekte van die seksuele verwys. HAT³ se hantering van die lemma *naai* is op grond van die gemelde kriteria dus 'n voorbeeld van goeie leksikografie:

naai ww. (genaai) **1** (*weens die verband met bet. 2, tans ongebruiklik*)

(a) Met naald en draad werk. (b) Deur te naai vasheg... **2** (*plat;*

meestal uitgespreek met kort a) Geslagsgemeenskap hê.

Deurdat addisionele gebruiksinligting verskaf word by die eerste betekenisonderskeiding, kan die woordeboekgebruiker aflei dat die tweede betekenisonderskeiding die dominante (mees frekwente) een is.

5.2.3.3 PRAGMATIESE INLIGTING

Gebruiksinligting in woordeboeke word hoofsaaklik aangebied in die vorm van voorbeeldmateriaal en etikette. Laasgenoemde het veral ten doel om 'n aanduiding te gee van die beperkings op die gebruik van 'n bepaalde leksikale item. Etiketterming as meganisme om pragmatiese inperkings kripties weer te gee, is reeds in die Afrikaanse metaleksikografie goed ondersoek (vergelyk onder andere Dekker 1991, Du Toit 1989, Gouws 1988 en 1989 en Lombard 1993).

Die toekenning van etikette aan individuele lemmas is egter 'n subjektiewe kwessie. Hoewel elke woordeboek vry is om 'n eie stel etikette te gebruik, is dit wenslik dat hierdie stel etikette taalkundig verantwoordbaar moet wees. Die volgende diagram skematiseer die belangrikste pragmatiese en sosiolinguistiese inperkings waaraan leksikale items onderhewig is, en kan as taalkundige basis dien vir 'n etikettipologie:




DIAGRAM 9: PRAGMATIESE EN SOSIOLINGUISTIESE INPERKINGS

In die Afrikaanse leksikografie is etikettering egter nog nie gestandaardiseer nie (Lombard 1993: 143). Hierdie bewering kan gesubstansieer word met verwysing na die keuse en gebruik van **stilistiese etikette** by lemmas en betekenisonderskeidings van seksuele leksikale items in HAT en VAW (na aanleiding van die data in Bylaag A):

Etikette	HAT ²	HAT ³	VAW ⁷	VAW ⁸
<i>plat</i>	10	15	3	4
<i>figuurlik</i>	2	1	0	0
<i>geselstaal</i>	3	6	0	2
<i>kindertaal</i>	1	2	1	2
<i>neerhalend</i>	1	2	0	0
<i>onfyn</i>	0	7	0	0
<i>eufemisties</i>	0	1	0	0
<i>gemeensaam</i>	0	0	1	1

TABEL 10: ETIKETTE IN HANDWOORDEBOEKE

Hoewel elke woordeboek die prerogatief het om 'n eie stel etikette te gebruik, is dit tog belangrik dat daardie etikette volgens 'n vaste redaksionele beleid toegeken moet word. Odendal (1994: paragraaf 3) stel dit byvoorbeeld in die voorwoord van HAT³ dat dit die ideaal is om elke woord wat nie neutraal gebruik word nie, van 'n etiket te voorsien. HAT³ se toekenning van etikette aan taboe leksikale items in die seksuele domein, het egter nie altyd volgens dieselfde kriteria geskied nie: *Doos* word byvoorbeeld as (*plat*) geëtiketeer, terwyl *voël* as (*onfyn*) en (*geselstaal*) gemerk word. In die omgangstaal het *doos* en *voël* egter dieselfde taboewaardes. VAW⁷ en VAW⁸ toon daarenteen geen inperkings op *doos* ("vroulike geslagsdele") nie. *Naai* ("seksuele omgang hê") word ook in

laasgenoemde twee woordeboeke gemerk as (*geselstaal*), terwyl dit 'n uitdrukking is met 'n sterk taboewaarde.

In die definieus van *roede* gebruik die redaksie van HAT³ ook die etiket (*eufemisme*). Die bruikbaarheid van hierdie etiket is egter sterk onder verdenking. In hoofstuk vier is aangetoon dat die fisiese, sosiale, psigologiese en makrotekstuele kontekste 'n belangrike rol speel in die gebruik van uitdrukkings wat na aspekte van die seksuele domein verwys. Daar is aangetoon dat, afhange van die kontekstuele veranderlikes, uitdrukkings óf eufemisties óf disfemisties funksioneer. In die een situasie kan *roede* 'n eufemisme wees en in 'n ander situasie 'n disfemisme. Die gebruik van etikette soos *eufemisme* en *disfemisme* (veral met betrekking tot seksuele uitdrukkings) behoort dus vermy te word.

Die gebruik van stilistiese etikette in HAT³ is egter oor die algemeen bevredigend. Uit tabel 10 blyk dit duidelik dat die redaksie van HAT³ 'n omvattende etiketstelsel gebruik om stilistiese inperkings aan te dui. Lemmas wat na aspekte van die seksuele verwys, word in HAT³ hoofsaaklik van die etikette (*plat*), (*onfyn*) en (*geselstaal*) voorsien. Leksikale items wat deur 'n bepaalde groep as afstootlik ervaar kan word (byvoorbeeld *moffie*), word aangedui as (*neerhalend*). Hierdie twee groepe etikette val duidelik in twee groepe: eersgenoemde groep word gewoonlik **sosiostilistiese etikette** genoem, terwyl laasgenoemde 'n **stilisties-funksionele etiket** is (Dekker 1991: 59-60).

Die verskil tussen hierdie twee tipes stilistiese etikette kan geëkspliseer word aan die hand van diagram 10. In navolging van Carstens (1989: 235-249) word daar onderskei tussen **Superstaandaardafrikaans**, **Formele Standaardafrikaans** en **Informele Standaardafrikaans/Niestaandaardafrikaans** wat op verskillende stylvlakke gebesig word. Leksikale items in die standaardtaalvariëteit word in die leksikografiese praktyk nie geëtiketteer nie (Gouws 1989: 201), terwyl gebruiksliding aan die woordeboekgebruiker gegee word vir leksikale items in die super- en niestaandaardvorme.




DIAGRAM 10: STILISTIESE ETIKETTE

¹⁵ Hoewel *selfverheffend* nie algemeen gebruik word as etiket nie, word dit hier hipoteties gebruik as etiket vir leksikale items wat die spreker gebruik om haar-/homself bo 'n ander persoon te verhef (vergelyk byvoorbeeld *meester*, *vader* en *moeder*).

Sosiolistiese etikette gee vir die woordeboekgebruiker 'n aanduiding van die **gepastheid** van 'n sekere leksikale item op 'n bepaalde stylvlak, terwyl stilisties-funksionele etikette gebruik word om 'n aanduiding te gee van die **funksies** (illokutiewe intensies en perlokutiewe effekte) wat 'n woord binne sekere kontekste kan verrig. Aangesien 'n woordeboek onmoontlik rekenskap kan gee van die verskillende kontekstuele veranderlikes wat 'n rol speel in die gebruik van 'n leksikale item, word die taak van die leksikograaf bemoeilik by die toekenning van stilisties-funksionele etikette (soos *eufemisme* by *roede* in HAT³.)

Verdere navorsing in die taalkunde en metaleksikografie is egter nodig om 'n empiries verantwoordbare stel etikette te identifiseer waarmee die seksuele subleksikon leksikografies gemerk kan word.

BYLAAG A

In die onderstaande tabel word vier sinchroniese standaard verklarende woordeboeke (oftewel handwoordeboeke) met mekaar vergelyk ten opsigte van die makrostruktuur en etikettering. Die woordeboeke wat teenoor mekaar gestel word is die tweede en derde uitgawe van *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1979, 1994) (HAT² en HAT³) en die sewende en agtste uitgawe van *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (1980 en 1993) (VAW⁷ en VAW⁸).

In die eerste kolom word die mees frekwent gebruikte seksuele uitdrukkings (**volgens die navorsing**) gelys. Naas die lemma word die betekenisonderskeiding in aanhalingstekens aangedui. In die ander kolomme word die hantering in die onderskeie woordeboeke aangedui. Waar 'n lemma opgeneem is en die betekenisonderskeiding van 'n etiket voorsien is, word daardie etiket so aangedui. Indien 'n betekenisonderskeiding opgeneem is, maar van geen etiket voorsien is nie, word 'n -simbool gebruik. Waar die bepaalde betekenisonderskeiding óf die lemma glad nie opgeneem is nie, verskyn 'n sirkeltjie (○).

Leksikale item	HAT ²	HAT ³	VAW ⁷	VAW ⁸
bal "testikel"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
ballas "testikels"	<input checked="" type="checkbox"/>	onfyn	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
doos "vroulike geslagsdele"	plat	plat	○	○
draadtrek "masturbeer - manlik"	<input checked="" type="checkbox"/>	plat	○	○
eier "testikel"	<input checked="" type="checkbox"/>	plat	○	○
fok "seksuele omgang hê"	○	○	by diere	○
hoer "prostituut; skelwoord"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
horing "ereksie"	○	○	○	○
jags "met 'n sterk seksuele drang"	plat	plat	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
kamp "verfynd; flirteer (<i>gay</i>)"	○	○	○	○

katools "met 'n sterk seksuele drang"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
kloot "testikel"	<input checked="" type="checkbox"/>	onfyn	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
knater "testikel"	plat	plat	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
koek "vroulike geslagsdele; preutse vrou"	<input type="checkbox"/>	plat	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
kom "ejakuleer; semen"	<input type="checkbox"/>	geselstaal	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
kont "vroulike geslagsdele"	plat	plat	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
kruywa stoot "swanger wees"	figuurlik	onfyn	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
moffie "gay man"	<input checked="" type="checkbox"/>	neerhalend	<input type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
naai "seksuele omgang hê"	plat	plat	plat	geselstaal
op die paal "swanger"	<input type="checkbox"/>	onfyn	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
peer "testikel"	<input checked="" type="checkbox"/>	geselstaal	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
peester "penis"	geselstaal	geselst.; onfyn	<input checked="" type="checkbox"/>	geselstaal
piel "penis"	plat	plat	<input type="checkbox"/>	plat
piepie "penis"	kindertaal	kindertaal	kindertaal	kindertaal
poes "vroulike geslagsdele"	plat	plat	<input checked="" type="checkbox"/>	plat
pram "vroulike bors"	plat	plat	plat	plat
roede "penis"	<input checked="" type="checkbox"/>	eufemisme	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
skoot "ejakuleer; semen"	<input type="checkbox"/>	geselstaal	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
slet "onaangename persoon"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
speels/spuls "met 'n sterk seksuele drang"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
steek "seksuele omgang hê"	<input type="checkbox"/>	plat	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
stoot "seksuele omgang hê"	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
swingel "penis"	plat	plat	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
teef "onaangename persoon"	fig.; neerhalend	fig.; neerhalend	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
teelbal "testikel"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
tepel "eindpunt/klier van bors"	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
tiet "bors"	<input checked="" type="checkbox"/>	plat	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
tietie "penis"	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	kindertaal
tol "vrouebors"	geselstaal	geselst.; onfyn	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

totter(-mannetjie) "penis"	<input checked="" type="checkbox"/>	kindert.; nie alg.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
tril/trul "penis"	plat	plat	plat	plat
vinger "masturbeer - vroulik"	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
voël "penis"	geselstaal	geselst.; onfyn	gemeensaam	gemeensaam

BIBLIOGRAFIE

Adams, R.M.

1977. *Bad mouth*. Berkeley: University of California Press.

Akmajian, A., Demers, R.A., Farmer, A.K. & Harnish, R.M.

1984. *Linguistics - an introduction to language and communication*. Second edition. Cambridge: The MIT Press.

1990. *Linguistics - an introduction to language and communication*. Third edition. Cambridge: The MIT Press.

Allan, K.

1986a. *Linguistic meaning Volume 1*. London: Routledge & Kegan Paul.

1986b. *Linguistic meaning Volume 2*. London: Routledge & Kegan Paul.

1990. Some English terms of insult invoking sex organs - evidence of a pragmatic driver for semantics. In: Tsohatzidis, S.L. (ed.). 1990: 159-194.

Allan, K. & Burrige, K.

1991. *Euphemism and dysphemism*. Oxford: Oxford University Press.

Ariel, M.

1988. Retrieving propositions from context - why and how. In: Kasher, A. (ed.). 1988: 63-96.

Austin, J.L.

1962. *How to do things with words*. Oxford: Clarendon Press.

Bach, K. & Harnish, R.M.

1979. *Linguistic communication and speech acts*. Cambridge: The MIT Press.

Badenhorst, B., Carstens, A. & Van Rensburg, M.C.J.

1992. *Basiskursus - aspekte van die Afrikaanse Taalkunde*. Bloemfontein: Patmos.

Bauer, L.

1983. *English word-formation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bell, R.T.

1976. *Sociolinguistics*. London: B.T. Batsford.

- Birch, D. & O'Toole, M. (eds.).
1985. *Functions of style*. London: Frances Pinter.
- Bolinger, D.
1980. *Language - the loaded weapon*. London: Longman.
- Bosch, P.
1985. Context dependence and metaphor. In: Paprotté, W. & Dirven, R. (eds.). 1985: 141-176.
- Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S.
1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.).
1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.
- Brink, A.P.
1967. *Miskien nooit*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1982. *Houd-den-Bek*. Emmerentia: Taurus.
1993. *Inteendeel*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brown, P. & Fraser, C.
1979. Speech as a marker of situation. In: Scherer, K.R. & Giles, H. (eds.). 1979: 33-62.
- Brown, P. & Levinson, S.
1979. Social structure, groups and interaction. In: Scherer, K.R. & Giles, H. (eds.). 1979: 291-341.
- Burchfield, R.W.
1973. Four-letter words and the O.E.D. In: Scholler, H.B. & Reidy, J. (eds.). 1973: 84-89.
- Calitz, F.C.
1980. *Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Carstens, A.
1992. Metonimie, polisemie en die leksikografie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(3): 114-122.
1993. Die ekonomie van metonimie. Ongepubliseerde artikel. Pretoria: Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.

Carstens, W.A.M.

1987. De Beaugrande en Dressler (1981) se 'Standaard van Tekstualiteit'. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2): 17-32.

1989. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Academica.

Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.).

1983. *Taalverskeidenheid*. Pretoria: Academica.

Cole, P. (ed.).

1981. *Radical pragmatics*. New York: Academic Press.

Combrink, J.G.H.

1989. Afrikaanse morfologie: 'n oorsig. In: Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.). 1989: 220-254.

1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.

De Beaugrande, R.

1993. "Register" in discourse studies: a concept in search of a theory. In: Ghadessy, M. (ed.). 1993: 7-25.

De Stadler, L.G.

1989a. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

1989b. Die Afrikaanse fonologie: 'n oorsig. In: Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.). 1989: 188-219.

1992a. Semantiese rolle en die polisemiese waardes van werkwoorde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(3): 131-139.

1992b. Semantic roles as prototypical categories. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(4): 191-200.

Dekker, L.

1991. Vloek, skel en vulgariteit: hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. In: Hartevelt, P. (red.). 1991: 52-60.

Dirven, R.

1991. Metonymy and metaphor: Different mental strategies of conceptualisation. Paper delivered at the Second International Cognitive Linguistics Conference in Santa Cruz, California.

1994. *Metaphor and nation*. Duisburger Arbeiten zur Sprach- und Kulturwissenschaft 22. Frankfurt-am-Main: Peter Lang.

Downes, W.

1984. *Language and society*. London: Fontana Paperbacks.

Du Plessis, H.

1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983: 43-62.

Du Toit, E.L.

1989. *Sosiolinguistiese gegewens in woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. (eds.).

1988. *Meaning and mental representations*. Bloomington: Indiana University Press.

Eksteen, L.C.

1989. Die Afrikaanse woordeskat. In: Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.). 1989: 358-381.

Fairclough, N.

1985. Register, power and socio-semantic change. In: Birch, D & O'Toole, M. (eds.). 1985: 113-125.

Fauconnier, G.

1985. *Mental spaces*. Cambridge: The MIT Press.

Feinauer, A.E.

1981. *Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Finegan, E. & Besnier, N.

1989. *Language - its structure and use*. San Diego: Harcourt Brace Jovanovich.

Fromkin, V. & Rodman, R.

1978. *An introduction to language*. Holt, Rinehart & Winston.

Geeraerts, D.

1985. Diachronic extensions of prototype theory. In: Hoppenbrouwers, G. (et al.). (eds.). 1985: 354-362.

Ghadessy, M. (ed.).

1993. *Register analysis*. London: Pinter Publishers.

Gouws, R.H.

1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Geleentheidsuitgawe 6.

1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.

Gumperz, J.J.

1982. *Discourse strategies*. Cambridge: Cambridge University Press.

Halliday, M.A.K.

1978. *Language as a social semiotic: the social interpretation of language and meaning*. London: Arnold.

Harteveld, P. (red.).

1991. *Lexikos*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

1992. *Lexikos 2*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

1993. *Lexikos 3*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Hoppenbrouwers, G. (et al.). (eds.).

1985. *Meaning and the lexicon*. Dordrecht: Foris.

Indurkha, B.

1992. *Metaphor and cognition: an interactionist approach*. Dordrecht: Kluwer Academic Publishers.

Jackendoff, R.

1983. *Semantics and cognition*. Cambridge: The MIT Press.

Jary, D. & Jary J.

1991. *Collins dictionary of sociology*. Glasgow: Harper Collins Publishers.

Johnson, M.

1987. *The body in the mind*. Chicago: University of Chicago Press.

Kasher, A. (ed.).

1988. *Cognitive aspects of language use*. Amsterdam: Elsevier Science Publishers.

Key, M.R.

1975. *Male/Female language*. Metuchen: Scarecrow Press.

Kohlberg, L.

1966. A cognitive-developmental analysis of children's sex-role concepts and attitudes. In: Maccoby, E.E. (ed.). 1966: 82-172.

Kövecses, Z.

1986. *Metaphors of anger, pride and love: a lexical approach to the structure of concepts*. Amsterdam: John Benjamins.

Kreckel, M.

1981. *Communicative acts and shared knowledge in natural discourse*. London: Academic Press.

Kritzinger, M.S.B. & Labuschagne, F.J.

1980. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Sewende uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C.

1980. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Sewende uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

1993. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Agtste uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

Lakoff, G.

1987. *Women, Fire, and Dangerous Things*. Chicago: University of Chicago Press.

1988. Cognitive Semantics. In: Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. (eds.). 1988: 119-154.

Lakoff, G. & Johnson, M.

1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.

Lakoff, G. & Turner, M.

1989. *More than cool reason*. Chicago: University of Chicago Press.

Lakoff, R. T.

1973. The logic of politeness, or, minding your p's and q's. *Papers from the ninth regional meeting of the Chicago Linguistic Society*. 1973: 292-305.

1990. *Talking power: The politics of language*. New York: Basic Books.

Langacker, R.W.

1991. *Concept, image, and symbol*. Berlyn: Mouton de Gruyter.

Leckie-Tarry, H.

1993. The specification of a text: register, genre and language teaching. In: Ghadessy, M. (ed.). 1993: 26-42.

Leech, G.

1983. *The principles of pragmatics*. Harlow: Longman.

Lehrer, A.

1992. A theory of vocabulary structure: retrospectives and prospectives. In: Pütz, M. (ed.). 1992: 243-256.

Levinson, S.C.

1983. *Pragmatics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Lieberman, A.

1992. Etymological studies v. some English words related to sex and prostitution. *General Linguistics*, 32(2-3): 71-94.

Lombard, F.J.

1993. Etikette in sinchronies verklarende woordeboeke. In: Harteveld, P. (red.). 1993: 140-151.

Louw, J.P. (e.a.). (reds.).

1986. *Die taal van die Bybel en die predikant*. Pretoria: UPTS.

Lubbe, H.J.

1970. *Die eufemisme in Afrikaans*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Lyons, J.

1977a. *Semantics Volume 1*. Cambridge: Cambridge University Press.

1977b. *Semantics Volume 2*. Cambridge: Cambridge University Press.

1981. *Language, meaning & context*. London: Fontana Paperbacks.

Maccoby, E.E. (ed.).

1966. *The development of sex differences*. Stanford: Stanford University Press.

Mac Cormac, E.R.

1985. *A cognitive theory of metaphor*. Cambridge: The MIT Press.

Malinowski, B.

1923. The problem of meaning in primitive languages. In: Ogden, C.K. & Richards, I.A. (eds.). 1949: 296-336.

Mey, J.

1985. *Whose language? A study in linguistic pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins.

Miller, C. & Swift, K.

1977. *Words and women*. New York: Doubleday.

Montagu, A.

1967. *The anatomy of swearing*. London: Rapp & Whiting.

Mostert, N.

1984. *Die opeenvolging van betekenisonderskeidings in die leksikale definisie*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Nuyts, J.K.E.E.

1988. *Aspekte van een kognitief-pragmatiese taaltheorie*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Antwerpen: Universiteit Antwerpen.

Odendal, F.F. (hoofred.).

1979. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Ferskor.

1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Derde uitgawe. Midrand: Perskor.

Ogden, C.K. & Richards, I.A. (eds.).

1949. *The meaning of meaning*. Tenth edition. London: Routledge and Kegan Paul.

Paprotté, W. & Dirven, R. (eds.).

1985. *The ubiquity of metaphor*. Amsterdam: John Benjamins.

Partridge, E.

1950. *Slang today and yesterday*. London: Routledge & Kegan Paul.

1958. *Origins: A short etymological dictionary of modern English*. London: Routledge & Kegan Paul.

Popenoe, D.

1986. *Sociology*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Pütz, M. (ed.).

1992. *Thirty years of linguistic evolution*. Philadelphia: John Benjamins.

Raidt, E.H.

1989. Ontwikkeling van vroeë Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.). 1989: 96-126.

Raskin, V.

1985. *Semantic mechanisms of humor*. Dordrecht: D. Reidel Publishing Company.

Rosch, E.

1978. Principles of categorization. In: Rosch, E. & Lloyd, B.B. (eds.). 1978: 27-48.

Rosch, E. & Lloyd, B.B. (eds.).

1978. *Cognition and categorization*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates.

Rothwell, J.D.

1982. *Telling it like it isn't*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Rudzka-Ostyn, B. (ed.).

1988. *Topics in cognitive linguistics*. Amsterdam: John Benjamins.

Sacks, H.

1978. Some technical considerations of a dirty joke. In Schenkein, J. (ed.). 1978: 249-269.

Safarjan, P.T.

1980. *Sex stereotypes as natural language categories*. Ann Arbor: University Microfilm International.

Sag, I.A.

1981. Formal semantics and extralinguistic context. In: Cole, P. (ed.). 1981: 273-294.

Sagarin, E.

1962. *The anatomy of dirty words*. New York: Lyle Stuart.

Schaefer, R.T.

1986. *Sociology*. New York: McGraw-Hill.

Schenkein, J. (ed.).

1978. *Studies in the organization of conversational interaction*. New York: Academic.

Scherer, K.R. & Giles, H. (eds.).

1979. *Social markers in speech*. Cambridge: Cambridge University Press.

Schieffelin, B.B. & Ochs, E.

1986. *Language socialization across cultures*. Cambridge: Cambridge University Press.

Scholler, H.B. & Reidy, J. (eds.).

1973. *Lexicography and dialect geography*. Wiesbaden: Franz Steiner Verlag.

Schreuder, H.

1929. *Pejorative sense development in English*. Groningen: P. Noordhoff.

Schreuder, S.E.M.

1991. *Metafore in Afrikaanse politieke beriggewing*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Schuring, G.K.

1983. Flaaitaal. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983: 116-133.

Schwerdtfeger, A.

1986. *Meerduidigheid in Afrikaans*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Searle, J.R.

1969. *Speech acts*. Cambridge: Cambridge University Press.

1979. *Expression and meaning*. Cambridge: Cambridge University Press.

1981. Intentionality and method. *The journal of philosophy*, LXXVIII (78): 720-733.

Smith, G.W.H.

1993. Some frame analytic considerations of sexual humour. *Communication & cognition*, 26(3/4): 347-380.

Spender, D.

1980. *Man made language*. London: Routledge & Kegan Paul.

Stillings, N.A. (et al.).

1987. *Cognitive science: an introduction*. Cambridge: The MIT Press.

Swanepoel, P.H.

1991. Polisemie in die woordeboek - 'n kognitiewe perspektief. In: Hartevelt, P. (red.). 1991: 221-280.

1992a. Linguistic motivation and its lexicographical application. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2): 49-60.

1992b. Op soek na 'n adekwate linguistiese teorie vir die begronding van die leksikografieteorie en -praktyk - die kognitiewe grammatika as 'n moontlike alternatief. In: Hartevelt, P. (red.). 1992: 206-229.

Swanepoel, P.H. & Schreuder, S.E.M.

1991. Metaforiek, retoriek en politieke beriggewing. *Communicatio*, 17(1): 7-34.

Talmy, L.

1988. The relation of grammar to cognition. In: Rudzka-Ostyn, B. (ed.). 1988: 165-205.

Taylor, J.R.

1989. *Linguistic categorization*. Oxford: Clarendon Press.

Thorne, B. & Henley, N. (eds.).

1975. *Language and sex: Differences and dominance*. Rowley: Newberry House.

Tsohatzidis, S.L. (ed.).

1990. *Meanings and prototypes*. London: Routledge.

Tyler, S.A.

1978. *The said and the unsaid*. New York: Academic Press.

Van der Plank, P.H.

1985. *Taalsociologie*. Muiderberg: Dirk Coutinho.

Van Dijk, T.A.

1977. *Text and context: explorations in the semantics and pragmatics of discourse*. London: Longman.

Van Dijk, T.A. & Kintsch, W.

1983. *Strategies of discourse comprehension*. New York: Academic.

Van Niekerk, A.E.

1991. Die leksikografiese hantering van neo-klassieke en pseudo-sintaktiese komposita. In: Harteveld, P. (red.). 1991: 281-297.

Vanparys, J.

1993. *The categorization of illocutionary verbs*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Leuven: Katholieke Universiteit van Leuven.

Van Rensburg, F.I.J.

1985. *Pornografie*. Durban: Butterworth.

Van Rensburg, M.C.J.

1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1983: 7-25.

Verschueren, J.

1987. *Pragmatics as a theory of linguistic adaptation: First working document*. Antwerpen: International Pragmatics Association.

Vrye Weekblad

1993a. Die moffie-taal. 30 September - 13 Oktober: 18.

1993b. Brolloks en Bittergal. 14 - 27 Oktober: 51.

Wardhaugh, R.

1986. *An introduction to Sociolinguistics*. Oxford: Basil Blackwell.

Webb, V.N.

1986. Kommunikasie in die erediens. In: Louw, J.P. (e.a.). (reds.). 1986: 31-61.

1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Botha, T.J.R. (hoofred.). (e.a.). 1989: 412-435.

1991. Taalkunde en taalonderrig - 'n noodsaaklike gesprek. In: Webb, V.N. & Beukes, A. (reds.). 1991: 3-25.

1994. *Pragmatiek*. Ongepubliseerde studiestuk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Webb, V.N. & Beukes, A. (reds.).

1991. *Eerstetaalonderrig in die soeklig*. Pretoria: Academica.

Wiegand, H.E. (ed.).

1983. *Germanistische Linguistik*, 1-4/82. Hildesheim: Georg Olms Verlag.

Yule, G.

1985. *The study of language*. Cambridge: Cambridge University Press.

Zgusta, L.

1971. *Manual of lexicography*. Den Haag: Mouton.